




AFDELING C: RIGLYNE VIR 'N EKOLOGIESE SENDING- BENADERING

IN 'N POSTAPARTHEID SUID-AFRIKA





HOOFSTUK 8: DIE EKOLOGIESE KRISIS AS 'N SENDING- KRISIS

8.1 DIE EKOLOGIESE KRISIS AS 'N KERKLIKE VERLEENTHEID

DIE KERK UIT-VOELING MET DIE NOOD VAN DIE WÊRELD

Een van die mees vername punte van kritiek teen die kerk in ons tyd het te make met die feit dat die kerk uit voeling met die nood van die moderne wêreld geraak het. Meling het reeds in 1971 insake die fragtheid in kerklike optrede die volgende vrae gestel (in Lategan 1993:28):

"Wie was dit wat die eerste keer protes aangeteken het teen die wreedheid en sondigheid van slawery? Nie die kerk nie, maar 'n groep Engelse Parlementslede! Honderd jaar gelede was daar in Europa groot armoede en ellende en verdrukking van swakkes deur die rykes. Wie het iets daaraan probeer doen? Nie die kerk nie, maar Karl Marx, die vader van die moderne kommunisme."

McDonagh (1990:179) sluit hierby aan deur in sy kritiek teenoor die Rooms-Katolieke kerk⁷² daarop te wys dat *Populorum Progressio* in die sestigerjare heeltemal uit voeling was met die werklike probleme wat wêreldwye ontwikkeling meegebring het. In die verslag van The Club Of Rome van 1972 was dit Die Wêreld wat as profeet die kerk en wêreld moes waarsku teen die ekologiese krisis wat wêreldwye ontwikkeling ingehou het. Ook Dorr (1991:151) bevestig hierdie aantygings as hy na aanleiding van 7 verskynsels van onreg in die wêreld, die volgende beweer:

⁷² Die bedoeling is nie om die Rooms-Katolieke kerk as die enigste kerk wat uit voeling met die nood van die wêreld is voor te hou nie. In 'n sekere sin was en is die Rooms-Katolieke kerk in sy teologie die meeste Protestantse kerke ver vooruit insake aangeleenthede van sosiale belang. Ek verwys slegs na McDonagh se kritiek op die Rooms-Katolieke kerk. Soortgelyke aantygings sal teen ander kerklike denominasies ook gemaak kan word.



"When I look at the seven issues which I have listed, it seems to me that the Church has made an important, but limited, contribution on just two of them."

Insake die ekologiesekrisis-nood van ons tyd is die kerk se rekord ewe teleurstellend. Ten spyte van die feit dat die Bybel 'n ryke boek van skeppingstradisies is, en hoewel die kerk in die afgelope aantal dekades en veral sedert die totstandkoming van die Wêreldraad van Kerke in 1948, toenemend 'n sosiale betrokkenheid getoon het, is die bewering van sommiges waar dat die kerk betreffende omgewingsvraagstukke 'n "laatkommer" is (Lategan 1993:26). Reeds sedert die tagtigerjare het politieke partye in Europa die omgewing begin deel maak van hulle beleidstukke (Biggs 1991:33). Wat die kerk aanbetref wys Meiring (1991:199) in 'n artikel getiteld: **The Greens - Avant-garde missionaries?**⁷³, daarop dat die kerk tot dusver in geen spesifieke land gereageer het met soortgelyke voorstelle as dié van die Groenbewegings nie. Ten spyte van die Wêreldraad van Kerke (WRK) se Justice, Peace and the Integrity of Creation-pogram (JPIC) waarmee in 1983 begin is, het min indien enige kerke formeel die ekologiese probleme in hul beleidstukke aangespreek. Edward Echlin beweer dat toe kerkleiers in die laat 1960's en vroeë 1970's die kerk daarop begin wys dat besoedeling, bewaring en hoë verbruik van natuurlike hulpbronne op sy agenda behoort te kom, die kerk ewe traag was om op hierdie profetiese waarskuwing ag te slaan (Breuilly & Rajotte 1992:2).

EKOLOGIESE VRAAGSTUKKE AS NEW AGE-AANGELEENTHEDE?

Waar die kerk wel op sekere simptome van die ekologiese krisis gereageer het, was die hantering daarvan in sommige gevalle so verkeerd dat ander sektore van die kerk by voorbaat besluit het om hulle in die toekoms aan vraagstukke rondom die ekologie te onttrek. Elsdon (1992:15-16) staaf hierdie bewering wanneer hy na die Evangelicals se swak reaksie op die ekologiese krisis verwys. Die feit dat sommige Ecumenical teoloë se pogings tot dusver so ooglopend onbybels verantwoord was, het veroorsaak dat die Evangelicals uit vrees vir animistiese, sinkretistiese en heidense invloede hulleself by voorbaat aan verdere besinning onttrek het. Berry en Clarke (1991) wat as goeie voorbeeld in dié verband dien se teologiese aanslag op die ekologiesekrisis-vraagstukke herinner sterk aan die New Age-benadering in die woorde van Bosch (1991:366):

"its cocktail of myth and magic and its proclivity towards Eastern religions and systems of thought"

⁷³ Meiring (1991:201) gaan selfs so ver deur die stelling te maak dat die Groenes as sendelinge van ons tyd beskou kan word aangesien hulle deur hulle aksies en optrede dié gedoen het waarby die kerk reeds kankal betrokke moes gewees het.



Hierdie benadering pleit vir 'n wêreldbeskouing weg van die Kartesiaanse-Newtoniaanse beskouing maar ook weg van 'n Christelike beskouing na 'n Taoïstiese en Boeddhistiese verstaan van die werklikheid. Binne so 'n beskouing word alle teenoërstaandes uitgekanselleer, alle hindernisse verwyder, alle dualismes vervang en alle individualisme verdring en deur 'n universele, ongedifferensieerde en panteïstiese eenheid vervang.

Die feit dat baie Evangelical teoloë geensins betrokke wil raak by ekologiese vraagstukke as gevolg van 'n assosiasie met Groen filosofieë en New Age-denke nie, kan nie as verskoning aanvaar word nie. In dié verband maak Loader (in Kritzinger 1992:109) fereg 'n interessante opmerking wanneer hy beweer:

*"The New Age movement is being credited with much more than for which they are responsible. Christian theologians since Irenaeus in the second century, Benedict of the sixth, Francis of the twelfth, and others, have taught the ecological responsibility of the church long before there was any thought of humanism or a New Age."*⁷⁴

Maar selfs al sou daar ooreenkomste tussen 'n ekologiese sendingbenadering en dié van die New Age-beweging bestaan, is Bishop (1991:13) reg wanneer hy as volg redeneer:

"Most Christians work 'nine till five' rubbing shoulders with secular humanists and materialists - so why should working with the greens, even if they are New Agers, provide us with problems? We are called to transform all of culture with the gospel of the kingdom. We should not be deterred by the 'conspiracy hunters'."

As die kerk dus om bogenoemde redes nie by ekologiese vraagstukke betrokke wil raak nie kan dit die verloëning van die evangelie self beteken. Phillip Sedon beweer dat daar verskeie redes bestaan waarom mense in ons tyd die institusionele Christendom in ruil vir bewegings soos die New Age-beweging verwerp. Hierdie redes voer hy aan het nie net te make met die feit dat mense sodanig teen die kerk as instituut is nie, maar omdat die New Age-bewegings in baie gevalle veel meer as die kerk bied. Die New Age-beweging spreek probleme aan soos die dehumaniseringseffek van wetenskaplike reduksionisme wat gepaardgaan met 'n verafgoddeliking van die wetenskap, die effek van sekularisasie op die mens, die beheptheid van Westeringe met materialisme, die internasionale eksploitasie van die aarde deur industrieel hoogs ontwikkelde lande, die bedreiging deur oorloë en die soeke na sin en betekenis in die lewe. Sedon beweer dat die Christendom hierop vir baie mense geensins genoegsame en bevredigende antwoorde bied nie (in Elsdon

⁷⁴ As korreksie op Loader: Irenaeus het in die derde eeu geleef en Benediktus in die sewende eeu.



1992:175). Vir die kerk om dus omgewingskwessies te vermy omdat die aanhangers van die New Age-beweging die belang daarvan eerste ingesien het, sal nie net alleen die kritiek teen die Christendom nog verder versterk nie, maar ook beteken dat die kerk ongehoorsaam sal wees aan 'n skeppingsopdrag wat reeds lankal bestaan het nog voordat die aanhangers van die New Age-beweging hulle "goddelike roeping" ontvang het (vgl Lubbe 1994:64).

MOONTLIKE REDES VIR DIE KERK SE TRAAGHEID

Daar bestaan verskeie moontlike redes waarom die kerk tot dusver traag was om op die ekologiese krisis te reageer. Kritzinger (1991:11-12) stip die volgende drie redes aan:

(1) Die kerk het sommige van sy erfgoedere, soos die kosmologiese perspektief van die Teologie, heeltemal verwaarloos (McDonagh 1986:108):

"The rich creation tradition of Genesis, Second Isaiah, the Psalms and the Wisdom literature in the Old Testament was forgotten. So too the creation dimension of Jesus's teaching was overlooked along with the holistic creation theology of Paul, Benedict, Francis, Hildegard of Bingen, Meister Eckart and Thomas Aquinas in the exclusive concentration of human salvation in a world beyond the present."

(2) Die sending is verblind deur sy romantiese drome in 'n sogenaamde "God-geordende ontwikkeling". In hierdie drome het ons in afdeling A gesien, het die kerk die noodsaaklikheid van 'n omvattende versorging van die aarde heeltemal verwaarloos.

(3) Onsekerheid oor waar die kerk nou met sy roeping moet begin, lei tot 'n algehele gevoel van verlamming.

Manenschijn (1988:8) voer egter weer die volgende vier redes aan waarom die Teologie tot dusver baie traag was om op die ekologiese krisis te reageer:

(1) Daar bestaan 'n vrees dat die Teologie in sy oorskakeling van 'n natuurvreemde na 'n natuurvriendelike visie op die Teologie, die gevaar mag loop om te verval in 'n "natuurlijke theologie".

(2) Die vrees bestaan dat 'n natuurvriendelike visie op die Teologie neerkom op 'n Teologie van skeppingsordeninge.

(3) Daar bestaan 'n skuldgevoel binne die Teologie omdat daar vir etlike eeue 'n onvriendelike visie op die natuur voorgestaan is. Hierdie skuldgevoel lei tot 'n algehele gees van magteloosheid.

(4) Die ontwikkeling van 'n sterk antroposentriese Teologie en spiritualiteit maak dit vir die Teologie moeilik om oor te skakel na 'n meer ekologies gerigte Teologie.

Dit is veral in die meer evangeliese en charismatiese kerklike tradisie dat daar weinig indien enigsins die noodsaaklikheid gesien word vir die kerk om te reageer op die ekologiese krisis. Die feit dat die charismatiese kerke die snelgroeiendste kerklike denominasie in die ryk Westerse wêreld van die twintigste eeu is, maak hierdie traagheid 'n bron van groot kommer. In 'n spesiale 1993-uitgawe van **The Evangelical Review of Theology** (17:2) waarin die tema ekologie en evangelisasie aan die orde gestel word, voer Chris Sugden (1993:119) in die inleidingsartikel die redes aan waarom dit vir Evangelicals moeilik is om sake rakende die omgewing ernstig op te neem:

"It is hard for evangelicals to take the environment seriously as a mission concern. Evangelicals are 'gospel people' and the gospel is focussed on the salvation of people from sin. Ideas that the trees and the land and the rivers, let alone the foxes and the butterflies are worth the time, attention, and resources of the Christian constituency have struggled to find acceptance in evangelical counsels."

Dit sluit nou aan by die vyf redes wat John Stoff (1986:6-8) aanvoer waarom Evangelicals dikwels terugtrek na 'n vorm van piëtisme:

- (1) Die passiwiteit van Evangelicals kan gesien word as 'n reaksie op die Teologiese liberalisme van ons eeu.
- (2) Passiwiteit moet verder gesien word as 'n reaksie op die sogenaamde "social gospel"-beweging.
- (3) Daar het by Evangelicals na twee wêreldoorloë 'n ontugtering in die optimisme van die mens ingetree.
- (4) Die sterk premillennialistiese denke by Evangelicals wat dikwels gepaardgaan met 'n sterk geloof in die totale vernietiging van die skepping in die laaste dae, maak 'n belangstelling in ekologiese aangeleenthede oorbodig. Die kerk se betrokkenheid by ekologiese aangeleenthede sal volgens sommige net die wederkoms van Christus vertraag.
- (5) Die Evangelicals het groot steun en identifikasie onder die Westerse middelklasgemeenskap wat in elk geval min belang by sake rakende sosiale geregtigheid het. By die Westerse middelklas was daar nog altyd 'n identifisering met die status quo.



In stede daarvan dat Evangelicals veronderstel is om die probleme van die ekologiese krisis aan te spreek is daar eerder binne sekere kerklike kringe, en by name binne die charismatiese kringe, die verkondiging van die sogenaamde voorspoedsteologieë. Binne so 'n teologie word Christene juis aangemoedig en aangespoor tot 'n Amerikaanse verbruikersmentaliteit en -kultuur van "the bigger the better" (vgl Bosch 1991:319).

DIE STAND VAN SAKE IN SUID-AFRIKA

Maar presies wat is die stand van sake betreffende die kerk se betrokkenheid by die ekologiesekrisis-vraagstukke van Suid-Afrika? In die verband maak Davies die volgende bewering (in Cöck 1992:178):

"I do not think it would be unfair to say that the church has been slow in facing its responsibility [for the ecological crisis]... The christian churches have not been in the forefront of ecological concerns."

Cock (1992:175) meld verder dat uit onderhoude wat met 25 godsdienstige leiers in Suid-Afrika gevoer is, dit duidelik geblyk het dat baie min van hulle die ekologiese krisis as 'n kerklike uitdaging in Suid-Afrika beskou. 'n Goeie voorbeeld hiervan is 'n artikel in die **Kerkbode**, die amptelike koerant van die NG Kerk, van 3 Junie 1994 onder die titel: **Nee vir amptelike kerkdruk oor natuur insake die kerk se betrokkenheid by omgewingsbewaring**. In die artikel laat prof Sybrand Strauss van die Universiteit van die Vrystaat homself as volg uit:

"Die kerk mag nooit 'n drukgroep in die samelewing wees nie. Die kerk kan hom nie vereenselwig met optogte en marse nie. Dit is die kerk se eerste en laaste taak om die Woord te verkondig."

Cock (1992:177) wys daarop dat uit 'n navorsingsondersoek waarin vraelyste aan kerklike afgevaardigdes van die bekende Rustenburg Kerkeberaad van 1990 gestuur is, daar slegs 'n skrale twaalf persent daarop gereageer het. Hierdie swak respons skryf hy toe aan die lae prioriteit wat omgewingsake tans geniet as gevolg van die enorme politieke druk waaronder kerkleiers verkeer. Na aanleiding van die twaalfpersentrespons maak Cock (1992:177) die volgende interessante afleidings:

- hoewel almal die belangrikheid van omgewingsake insien, sien nie een respondent dit as 'n sentrale aangeleentheid nie.
- die meeste respondente het 'n wêreldbeskouing wat sterk hiërargies en antropomorffies is.
- slegs drie respondente het 'n koppeling tussen omgewingsaangeleenthede en die soeke na vrede en geregtigheid in Suid-Afrika gemaak.



- vier respondente het duidelik te kenne ~~gegee~~ dat die kerk homself nie met omgewingsaangeleenthede mag besig hou nie.
- een respondent het laat blyk dat indien die kerk nie dringend aan 'n omgewingsetiek aandag skenk nie, die kerk die uitdaginge wat die New Age-beweging bied, nie die hoof sal kan bied nie.

Dit is tog interessant om daarop te let dat dit nie slegs anderskleuriges is wat omgewingsbewaring in Suid-Afrika met suspisie bejeën nie. Blankes is baie oningelig oor die ekologiese bedreigings wat Suid-Afrika in die gesig staar. 'n Wildlife Society-ondersoek onder kandidate vir die Suid-Afrikaanse verkiesing van 1989 het aan die lig gebring dat die meerderheid van die wat wel geantwoord het op die ondersoek glo dat Suid-Afrika nie omgewingsprobleme in die gesig staar nie (Cock 1991:4). Van die wat op die ondersoek gereageer het, het 37% laat blyk dat 'n besoek aan die Nasionale Kruger Wildtuin 'n beter omgewingsbewussyn sal skep as die verbetering van die gehalte van mense se lewens.

Na aanleiding van 'n indringende navorsingsondersoek⁷⁵ na onder meer die bedrywighede van die kerk in terme van die ekologiese krisis in Suid-Afrika, kom Cock tot die konklusie dat die stryd teen die ekologiese krisis tot dusver gefragmenteerd was en dat daar teen die einde van 1992 vanuit kerklike geleedere nog geen massa-omgewingsprogram in Suid-Afrika bestaan het nie. Maar presies wat gee aanleiding tot die kerk se traagheid in Suid-Afrika?

REDES VIR DIE KERK SE TRAAGHEID

Hoewel blanke Suid-Afrikaners volgens Cock se ondersoek tot dusver traag was om die ekologiesekrisis-vraagstuk in Suid-Afrika ernstig op te neem, is anderskleuriges ewe min by omgewingsaangeleenthede betrokke. Ramphela (1991:7) wys op vier moontlike redes waarom daar verwag kan word dat swart Suid-Afrikaners vergeleke met blankes minder by omgewingsbewaring betrokke sal wees:

(1) Swartes het 'n negatiewe beleving van bewaring omdat hulle ter wille van die bewaring van die omgewing dikwels die slagoffers van gedwonge verskuiwing was. Cock (1991:2) verduidelik hierdie stelling soos volg:

"The establishment of many game reserves meant social dislocation and distress for local people. As a rural worker has stated, "if conservation means losing water rights, losing grazing and arable land and being dumped in resettlement areas without even the most rudimentary infrastructure and services, as was the case when the Tembe

⁷⁵ Vir detail besonderhede oor hierdie veldondersoek, sien die voetnota onderaan p174 (in Cock 1992).

Elephant Park (near Kosi Bay) was declared in 1983, this can only promote a vigorous anti-conservation ideology among the rural communities of South Africa".

Japha et al (1993:79) sluit ook hierby aan:

"[It] has been argued that conservation policy itself has for a long time been allied to a political programme with a particular interpretation of history and view of culture. This alliance has until recently consolidated aspects of colonial culture and has bolstered nationalist ideology. Black material culture has been completely destroyed in some cases, and artificially preserved for political ends in others. Such contradictions have helped to foster the negative attitude towards conservation held by many black South Africans, and has created a climate which those wishing now to implement conservation programmes cannot ignore."

Ook Koch (1991:44) wys daarop dat anderskleuriges in veral die landelike gebiede natuurbewaring met die implementering van die apartheidsbeleid en dan spesifiek met gedwonge verskuiwing⁷⁶ assosieer. Vir baie is bewaring net 'n dekmantel vir politieke segregasie (:45).

(2) Swartes was en is tot dusver so intens betrokke by die stryd teen apartheid en 'n stryd om oorlewing dat daar weinig tyd is om aan ekologiese aangeleenthede aandag te skenk (vgl Ecumenical Institute 1993:41):

"It has been said that concern for ecology would distract attention from the more fundamental issues of social and economic justice."

Vir 'n anderskleurige wat van sy land ontnem is, wat vir sy toekoms aan die besluite van ander uitgelewer was, wat vir dekades van enige besluitneming rakende die politiek van die toekoms van sy vaderland ontnem was, en wat selfs toegang tot strande en natuurreservate geweier was in apartheid Suid-Afrika, is sake rakende die omgewing totaal irrelevant (Chikane 1990:8). In 'n artikel in die **Vrye Weekblad** skryf Mark Pätzer (1990:5) dat die rede waarom swart mense tot heel onlangs weinig aandag aan 'n omgewingsetiek geskenk het, te make het met die feit dat hulle self vir 'n te lang tyd geëksploiteer is. Volgens swartes is bewaringsekologie en die regte van diere slegs 'n blanke-elite-aangeleentheid (vgl Ramphela 1991:6). Die oplewing van die Groenbewegings in Suid-Afrika gedurende die laaste dekade of wat, is volgens die swart gevoel irrelevant aangesien die werklike sake van eksplorasie nie aangespreek is nie. Volgens hom is die gevoel onder swartes die volgende (1990:5):

"They (the Greens) are screaming about this and that, air pollution and petrol, vivisection and seals, dune mining, and ozone holes over Antarctica. Meanwhile the

⁷⁶ Hy wys byvoorbeeld daarop dat die naam Skukuza wat die eerste kamp in die Kruger Wildtuin was etimologies in Tsongaans dui op "verwydering".



blacks in South Africa are screaming about equal opportunities, education, housing, water and electricity. We've got a conflict of interests."

Wat die Groenes dus as belangrik ag is juis dit wat swartes in die lig van hulle omstandighede as verdruktes as totaal irrelevant beleef. Die volgende is goeie voorbeelde hiervan. Die Groenes sê (Patzner 1990:5):

- Daar is 'n gat in die osoonlaag en daarom moet die gebruik van aerosol gekontroleer word.
- Moenie robbe doodmaak nie.
- Pasop vir die kweekhuiseffek. Plant bome en werk sodoende koolstofdioksied teë.
- Pasop vir lugbesoedeling. Eskom moet ophou om tot lugbesoedeling oor die Hoëveld by te dra. Gebruik slegs loodvrye petrol.
- Moenie olifante vir ivoor doodmaak nie.
- Moenie mors nie, wees spaarsamig.
- Moenie water vermors nie.
- Moenie by die duine myn nie.
- Moenie die bosse uitroei nie.

Daarteenoor sê die swart mense (Patzner 1990:5):

- Wat is 'n osoonlaag? Ek het geen yskas. Wat is CFC's?
- Wat is 'n rob? Moenie ons mense doodmaak nie!
- Plant meer bome vir vuurmaak- en boudoeleindes.
- Eskom moet vir ons elektrisiteit in die plakkerskampe bied. Ons het nie motors nie en selfs al sou ons dit hê kan ons nie brandstof bekostig nie.
- Ek sal in die winter enige warm ding teen die koue dra.
- My kinders is siek en benodig medisyne.
- Ons mag nie diere doodmaak nie? Wat gaan ons as vleis eet?
- As ek mors sorg ek dat iemand 'n werk het.
- Gee vir my lopende water.
- Die myn van die duine bied ten minste werk vir die werkloses.
- Hou op om die tuislande so vol te maak.

(3) Die beperktheid van 'n "township"-lewe as 'n "hell-hole" soos wat ons in die vorige afdeling gesien het, lei daartoe dat die armes nie die langtermyngevolge van die



individu op die omgewing begryp nie. Volgens 'n Britse studie van die Ecumenical Committee for Corporate Responsibility (ECCR) getiteld: **The greening of industry. An environmental survey by the Ecumenical Committee for Corporate Responsibility**, is die wêreld se onderdrukte armes nie diegene wat sal treur oor ekologiesekrisis-verskynsels wat die wêreld se wêreld sal daarom nie treur oor (ECCR 1992:2; vgl Abraham 1994:65):

- die dood van opgedroogde mere nie, maar eerder oor die dood van die arm homo sapiens van die Derde Wêreld (vgl Yeld 1993:13).
- die vernietigende effek wat DDT het nie, maar oor die feit dat die armes aan die mees basiese siektes sterf.
- rokende skoorstene nie, maar oor die groot hoeveelhede werkloses.
- die gebrek aan skoon water nie, maar oor die gebrek aan die beskikbaarheid van water.
- hoë enérgieverbruik nie, maar oor die effek van imperialisme.

(4) Swart aktiviste was tot onlangs nog so besig met die oprigting van bestuurstrukture dat daar weinig tyd was om aandag aan omgewingsake te bestee.

8.2 JPIC AS 'N LIG VAN HOOP?

Tydens die Verenigde Nasies se konferensie oor The Human Environment in Stockholm in die vroeë sewentigerjare, toe daar vir die eerste keer waarskuwingsligte insake die ekologiese krisis begin flikker het, het die kerk wel toegegee dat daar nog tot in daardie stadium betreklik min aandag aan die ekologiese krisis gegee is. In sy toespraak as afgevaardigde van die Wêreldraad van Kerke (WRK) se Kommissie vir kerklike en internasionale verhoudinge het dr Elfan Rées die volgende gesê (in Elsdon 1992:13):

"I admit, Mr President, that the churches were slower than you were in realising the terrible implications of this problem. You have awakened us, but in so doing you have lit a fire you cannot extinguish. We will follow you as long as you advance, we will spur you if you halt, and we will take a vociferous lead if you turn back."

Sedertdien het die WRK⁷⁷ 'n groot poging aangewend om sy Justice, Peace and the

⁷⁷ In 1992 het die Wêreldraad van Kerke 'n lidmaattal van 400 miljoen Christene verteenwoordig (Granberg-Michaelson 1992:36).



Integrity of Creation-program te steun wat onder ~~andere~~ tot 'n groot kongres in Seoel in 1990 gelei het. Die konferensie van Europese kerke het ook op soortgelyke wyse 'n eie groot interkerklike konsultasie oor "Peace with Justice for the Whole Creation" georganiseer. Hieruit het die Baseldeklarasie van 1989 gevloei waarvan die bevindinge so wyd as moontlik deur die Europese kerke gepropageer is (Elsdon 1992:14).

HISTORIESE ONTWIKKELING BINNE DIE WRK

Die JPIC-program⁷⁸ wat in 1983 in Vancouver tydens die Sesde Beraad van die Algemene Vergadering van die WRK tot stand gekom het, kan nie as aparte verskynsel van vorige ontwikkelinge binne die WRK gesien word nie. Dit was tydens hierdie beraad dat daar besef is dat nuwe inisiatiewe nodig is om opvoeding vir vrede, geregtigheid en sorg vir die aarde te bevorder. JPIC staan egter in 'n tradisie van die WRK waarin sake rakende geregtigheid en vrede reeds vir geruime tyd die aandag van die kerk geniet het. Reeds by die stigting van die WRK in 1948 het die Raad gepleit vir 'n "responsible society". Met die aansluit van lidkerke uit die Tweede en Derde Wêreld in die sestigerjare het die Raad 'n "just and participatory society" voorgestaan. 'n Verdere ontwikkeling het in die sewentigerjare met die WRK-byeenkoms in Nairobi (1975) plaasgevind met die tema "a just, participatory and sustainable society" (vgl. Ecumenical Institute 1993:12). Hierdie byeenkoms kan gesien word as die direkte voorloper van JPIC tesame met die Kerk- en Samelewingstudieprogram getiteld: **The future of Man and Society in a World of Science-Based Technology** waarmee in 1969 begin is (Olivier 1991:21). Volgens Preman Niles, een van die hoofkoördineerders van die JPIC-program, moet JPIC nie as 'n nuwe program van die WRK gesien word nie (One World 1987:38):

"In the first place, it isn't a programme. And it isn't the property of the WCC. For that matter, it isn't an initiative of the churches. Rather it's a response to the deep cry of agony of the whole of God's creation."

JPIC moet daarom eerder as 'n geloofsantwoord vanuit verskeie kerklike denominasies op die probleme van die wêreld gesien word. Elsdon (1992:219) wys daarop dat JPIC eerder 'n teologiese begrip van ekumeniese programme is wat daarop gemik is om die kerke dwarsdeur die wêreld oor die toekomstige bedreiging van menslike lewe op die aarde in te lig. Sedert die werkskomitee van die WRK se Kerk en Samelewing in 1971 in Nemi, Italië vergader het, is daar begin om omgewingsaangeleenthede sterk op die Raad se agendas te plaas. Hierdie vergadering was die begin daarvan om sosiale geregtigheid en ekologiese

⁷⁸ waarna ook verwys word as die JPIC Covenant en JPIC Convocation.



aangeleenthede aan mekaar te verbind. Tydens hierdie vergadering is die noodsaaklikheid daarvan dat ekologiese aangeleenthede en sosiale aangeleenthede nie los van mekaar gesien kan word nie onderstreep (Shinn 1980:4). Vir die doeleindes van hierdie studie sal daar nie breedvoerig aan die hele groei- en ontwikkelingsproses van JPIC aandag geskenk word nie.⁷⁹

UITGANGSPUNTE VAN JPIC

Een van die mees prominente kenmerke van JPIC is die feit dat die ekologiese krisis holisties benader word. Indien die ekologiese krisis slegs tot enkele aspekte beperk word sal dit tot mislukking gedoem wees en juis daarom is JPIC se uitgangspunt dat vrede, geregtigheid en die heelheid van die skepping as eenheid hanteer moet word uiters gepas (vgl Olivier 1991:20). Juis die feit dat vrede, geregtigheid en die heelheid van die skepping eenheid veronderstel, bring mee dat JPIC nie net as een van vele take of programme binne die WRK gesien kan word nie maar dat alle programme die noodsaaklikheid van JPIC onderskryf (Olivier 1991:31; Van Elderen 1986:14).

DOELSTELLINGE VAN JPIC

JPIC het hoofsaaklik drie doelstellinge sedert sy stigting gehad. Ten eerste moes die drie aspekte van vrede, geregtigheid en die heelheid van die skepping as integraal tot mekaar verstaan word. Tweedens moes hierdie integrering die kerke aanmoedig tot toewyding aan die voortbestaan van die aarde in die lig van die Christelike geloof. Derdens moes nuwe weë ondersoek word waarlangs Christelike eenheid deur 'n proses van gesamentlike toewyding tot sy reg kon kom (Granberg-Michaelson 1992:40). Die uniekheid van JPIC moet daarom nie gesien word daarin dat dit pionierswerk op die gebied van die kerk en ekologie teweegbring het nie, maar eerder dat dit 'n nuwe basis lê waarvolgens ekumeniese toewyding en aksie deur die kerk geïnisieer kan word (Niles in Van Elderen 1987:13).

BELANG VAN JPIC

Die mees betekenisvolle bydrae van JPIC word gesien daarin dat dit die kerk se lewensbeskouing ten opsigte van die werklikheid fundamenteel bevraagteken het. Die manier waarop die kerk in die verlede geteologiseer het, het die wyse waarop daar na die wêreld gekyk is direk beïnvloed. JPIC daag die kerk juis uit om te teologiseer in die lig van gegewe realiteite (Olivier 1991:28).

⁷⁹ Vir 'n meer volledige oorsig oor die historiese ontwikkelingsproses wat JPIC voorafgegaan het, asook die ontwikkelingsproses van JPIC self, sien Olivier (1991:21-24) en Möller (1995:8-61).

DIE PAD VAN JPIC NA DIE AARDESPITSBERAAD

In Junie 1992 het die Aardespitsberaad in Rio de Janeiro, Brasilië plaasgevind. As gevolg van die feit dat die Algemene Vergadering van die WRK in 1991 te Canberra, Australië met die tema, "Come Holy Spirit - Renew the Whole creation!" die belang van 'n Christelike roeping ten opsigte van die ekologiese krisis onderstreef het, wou die WRK ook namens die kerk op kritiese vrae vanuit die Aardespitsberaad reageer. Daarom het die kerk onder leiding van die WRK gedurende dieselfde tyd met 176 afgevaardigdes in Baixada Fluminense⁸⁰, noord van Rio de Janeiro vergader. Dié afgevaardigdes het daartoe gelei gevoel om 'n brief⁸¹ aan al die kerke regoor die wêreld te skrywe om hulle mening uit te spreek oor wat die Aardespitsberaad as historiese gebeurtenis vir die kerk se getuigenis impliseer. Die brief is onder meer só geskryf dat dit gebruik kan word vir aanbidding, liturgie en as 'n inligtingstuk (WCC 1992b:6-7). Tydens die Aardespitsberaad is die feit dat ekonomiese en ekologiese aangeleenthede geensins langer van mekaar geïsoleer kan word nie beklemtoon (Granberg-Michaelson 1992:40). In die lig hiervan sal die kerk homself toenemend van nuwere ontwikkelinge in die Verenigde Nasies moet vergewis ten einde gesonde en gebalanseerde ontwikkelingsstrategieë wat heil vir die wêreld inhou te help realiseer.

KRITIEK TEEN JPIC

Ten spyte van die feit dat JPIC 'n sterk bewussynsbeweging vanuit en vir die kerk insake die ekologiese krisis is, het dit ook reeds sterk onder kritiek gekom veral vanuit die geleedere van die Evangelicals. Elsdon, 'n evangeliese kerkleier wat reeds vir jare ten nouste by ekologiese vraagstukke betrokke is, betreur die feit dat die gesprekke binne JPIC dikwels met New Age-invloede deurspek is (1992:219). Vir hom is die feit dat hierdie gesprekke so min op skrifwaarhede gefundeer is, asook die feit dat die sekretariaat van JPIC nie behoorlik verantwoordbare redes aan lidkerke teen hierdie en soortgelyke aantygings kan gee nie, 'n bron van kommer. Volgens Elsdon (ibid) is die poging van die Europese kerke waarmee in 1986 by die Algemene Vergadering van die Konferensie van Europese kerke begin is 'n baie meer nugtere en deurdagte poging om die ekologiese krisis vanuit die kerk aan te spreek. Volgens hom was die Baseldeklarasie, "Peace with Justice for the Whole Creation", wat by hierdie konferensie die lig gesien het, baie meer skrifgefundeerd. 'n Verdere punt van kritiek teen JPIC is dat alle JPIC-verklarings niebindend op lidkerke van die Wêreldraad van Kerke is. Dit maak 'n doelgerigte kerklike strategie ondoeltreffend.

⁸⁰ Baixada Fluminense is spesifiek vir sy ligging gekies omdat dit 'n gebied in Brasilië is waar vraagstukke rondom armoede, geweld en die agteruitgang van die omgewing dringende aandag geniet. Deur hier te vergader het afgevaardigdes van die WRK hulle solidariteit in die verbetering van vrede, geregtigheid en die heelmaking van die skepping onderstreef (WCC 1992b:6-7).

⁸¹ Hierdie brief het verskyn onder die titel: Searching for the New Heavens and the New Earth.



ONTWIKKELING VAN JPIC IN SUID-AFRIKA

Hoewel JPIC reeds in 1983 tot stand gekom het, het die beweging volgens die voormalige Algemene Sekretaris van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) Frank Chicane (1990:1) hom eers in 1989 in Suid-Afrika begin vestig. Die kerklike toneel in Suid-Afrika was gedurende die tagtigerjare deur debatvoering rondom die Kairoisdokument oorheers, wat 'n eerste ekumeniese verklaring insake die onreg in Suid-Afrika was sedert *The Message to the People* wat in 1968 verskyn het. Dit het daartoe gelei dat omgewingsaangeleenthede gedurende die tagtigerjare geen aandag van die kerk se kant gekry het nie. Sedert die Seoel-kongres in 1989 oor Justice, Peace and the Integrity of Creation is daar toenemend besef dat 'n program oor grond- en omgewingsake binne die SARK geakkommodeer behoort te word. In daardie stadium is besluit dat dit nie 'n program moes wees wat los van ander aksies van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) staan nie aangesien daar reeds bepaalde JPIC-konsepte bestaan het wat deur die SARK aangespreek is.⁸² Om die rede is daar besluit dat 'n JPIC-program gekombineer moes word met die reeds bestaande Human Rights Programme in die Justice and Social Ministries Department van die SARK (Chikane 1990:1).

Met verloop van tyd en veral sedert 1992 is daar besef dat hierdie program steeds min voorsiening gemaak het vir die "integrity of creation"-komponent van JPIC. Daarom is daar besluit om die JPIC-program uit te brei deur die *step* van 'n "Learn and Environment Programme" op 15 Februarie 1993. Daar is reeds voor die aanvang van hierdie program besluit dat as gevolg van die omvangrykheid hiervan, die program nie los van enige soortgelyke aksie binne sowel as buite die kerk sal funksioneer nie. Die doelstelling van die program was om netwerke te vestig sodat grond- en omgewingsprogramme asook omgewingsopvoeding op die mees effektiewe wyse gekoördineer kon word. Die feit dat JPIC 'n versoenende rol wil vervul, sou noodwendig beteken dat die program nie volgens 'n uitgewerkte bloudruk sou opereer nie.

LEARN AND ENVIRONMENT PROGRAMME

Die eerste taak wat die gekose koördineerder, ds Sam Mofokeng van die Learn and Environment Programme op homself geneem het, was om deur middel van omsendbriewe aan die kerke vas te stel of daar enige kerklik-omgewingsgerigte aksies binne die lidkerke sowel as binne nielidkerke van die SARK bestaan het. Na terugvoering in dié verband het dit aan die lig gekom dat daar slegs binne die

⁸² Die *justice and peace* -aspekte van JPIC in Suid-Afrika, het soos in die geval van die WRK, reeds lank voor 1983 die kerk se aandag geniet. In die geheel gesien was daar egter nie sprake van 'n JPIC-proses tot voor 1989 nie, aangesien die *integrity of creation* -komponent geheel en al ontbreek het.



Rooms-Katolieke (wat in daardie stadium slegs waarnemerstatus gehad het) en die Metodiste kerk aksies bestaan het. By nadere ondersoek sou dit egter blyk dat dit slegs pogings van individue binne dié twee kerke was. Op daardie tydstip was daar nog geen kerk in Suid-Afrika wat enige melding van omgewingsbewaring in enige offisiële sendingdokument gemaak het nie. Aangesien die omvang van die Learn and Environment Programme so wyd was, is daar besluit dat daar as 'n tweede stap 'n tweedagwerkswinkel gereël sou word onder die tema: "The role of the Church in environmental education." Omdat daar sedert die totstandkoming van die program gevoel is dat omgewingsopvoeding een van die mees noodsaaklike behoeftes binne die kerk behoort te wees is daar op hierdie tema besluit. Volgens die werkswinkelverslag⁸⁴ is daar besluit op die volgende omgewingsopvoedingstrategieë binne die kerk:

- (1) Die kerk behoort 'n duidelike omgewingsbeleid aan te neem om stimulus aan die Learn and Environment Programme se programme te verleen.
- (2) Die kerk behoort voortdurend opleiding te verskaf oor omgewingsbewaring.
- (3) Teoloë moet 'n teologie van die omgewing vestig.
- (4) Lidmate moet omgewingsgroepe binne die kerk vorm.
- (5) Kerklike liturgieë moet meer op die omgewing gerig word.
- (6) Opvoeding moet gemeenskapsgerig wees. Daarom moet die volgende in gedagte gehou word:
 - Daar moet sensitiwiteit vir kultuurverskille wees.
 - Programme moet op herlewing gerig wees.
 - Die benadering moet profeties en holisties wees.
 - Programme moet wetenskaplik gefundeerd wees en slegs toepasbare modelle moet aangewend word.
- (7) Die program moet in samewerking met ander belanghebbende drukgroepe aangebied word en moet ten alle tye op die opbou van netwerke soortgelyk aan dié van die program self gerig wees.
- (8) Die taalmedium moet van so 'n aard wees dat dit deur die meeste mense binne die gemeenskap erken en verstaan word.

⁸³ Die justice and peace aspekte van JPIC in Suid-Afrika, het soos in die geval van die WRK, reeds lank voor 1983 die kerk se aandag geniet. In die geheel gesien was daar egter nie sprake van 'n JPIC proses tot voor 1989 nie; aangesien die integrity of creation komponent geheel en al ontbreek het.

⁸⁴ getiteld: Land and Environment Report held on the 15th-16th July 1993 at Mariston Hotel, South African Council of Churches, Justice and Social Ministries Department.



(9) Rentmeesterskap oor die omgewing moet dringende aandag geniet.

(10) Verbruikersopvoeding moet voorkeur geniet.

Tydens my gesprek met die koördineerder het hy werksinkels binne verskillende gemeenskappe as 'n volgende stap voorsien ten einde meer lidmate by die Learn and Environment Programme te betrek. Die verwagting is gestel dat daar by sulke werksinkels deur middel van videovertonings inligting beskikbaar gestel moet word.

DIE TOEKOMS VAN JPIC BINNE DIE SARK

JPIC in Suid-Afrika funksioneer tans as deel van twee programme binne die SARK se Justice and Social Ministries Department, naamlik die Learn and Environment Programme en die Human Rights Programme⁸⁵. Sake wat tans en in die toekoms aandag sal geniet sluit onder meer die volgende in:

- die mens se regte binne 'n Handves van menseregte
- geweld
- die herverdeling van grond
- die kerk se grondeiendom
- versoening
- omgewingsopvoeding
- samewerking met niekerklike organisasies ten opsigte van omgewingsake.

PROBLEME MET THE LEARN AND ENVIRONMENT PROGRAMME

In 'n vraag aan ds Mofokeng oor die probleme wat met die Learn and Environment Programme ondervind word en wát hy in die toekoms as verdere probleme voorsien, is die volgende antwoorde gegee:

(1) Baie mense begryp wel die sin van die "justice and peace"-aspek van JPIC, terwyl die sin van die "integrity of creation" nog glad nie ingesien word nie.

(2) Daar kan nie van mense wat niks besit verwag word om 'n waardering vir die omgewing te kweek nie. Die meeste van die inwoners van die swart woongebiede het geen respek en waardering vir enigiets nie omdat hulle niks besit nie. Dit help nie om aan sulke mense 'n teologie van die omgewing voor te hou terwyl hulle niks het om te waardeer nie. Sulke mense se enigste begeerte is om soos die bevoorregte

⁸⁵ Vir meer inligting sien: Human Rights/Justice Peace and Integrity of Creation yearly report - Jan-Dec 1992, South African Council of Churches, Justice and Social Ministries Department.

blanke burgers van die land ryk⁸⁶ te wees en in vrede te leef. Om enigsins 'n omgewingsbewaringsprogram binne só 'n omgewing te vestig, vereis dat 'n mens eers mense se leefkondisies sal verander.

(3) Daar word ten spyte van die implementering van die program steeds 'n oorwig van tyd aan "justice and peace" bestee en nie genoeg aan "the integrity of creation"-komponent nie. Die Baserverklaring onderstreep dit juis in die eerste afdeling van die dokument baie duidelik dat daar 'n noue verweeftheid tussen ontbossing, trekarbeiders, die onderdrukking van die vrou, besoedeling, verstedeliking en bevolkingsontwikkeling bestaan (Dorr 1991:74). Al die aspekte van vrede en geregtigheid is ten nouste gekoppel aan omgewingsake. Om dié rede sou 'n mens kan sê dat daar geen vrede en geregtigheid sal bestaan sonder die heelheid van die skepping nie en andersom.

(4) Die program fokus slegs op die hoofsaaklik anderskleurige armer deel van die bevolking, en is nog geensins gerig op bewusmaking onder blankes wat as gevolg van 'n Eerstewêreld- Westerse kultuur ook druk op die omgewing plaas nie.

In Junie 1996 het ek weer kontak gemaak met die SARK om te verneem hoe die Learn and Environment Programme in die afgelope drie jaar ontwikkel het. Ek is meegedeel dat die eenmanbestuur van die program onder leiding van ds Sam Mofokeng tans deur 'n ene mnr Thantuyise Zacheus Nkosi behartig word. In 'n gesprek met mnr Nkosi is ek meegedeel dat ds Sam Mofokeng sedert 1994 voltyds vir die Departement van Grondsake werk. Dit het meegebring dat die kontinuïteit van die program in die afgelope twee jaar skipbreuk gely het omdat mnr Nkosi eers teen die einde van 1995 as plaasvervanger vir ds Mofokeng aangestel is. Ek is ook meegedeel dat daar sedert 1993 nog slegs aandag aan grondsake gegee is en dat geen verdere vordering in terme van omgewingsopvoeding gemaak is nie. Tot op hede, na verloop van drie jaar, is daar geen verdere vordering ten opsigte van omgewingsopvoeding gemaak nie. Mnr Nkosi het my verder meegedeel dat vergaderings van die Learn and Environment Programme waarheen kerkleiers in die afgelope ses maande genooi is, baie swak bygewoon is. Die situasie waarin die kerk in Suid-Afrika dus steeds 'n lae profiel ten opsigte van ekologiese aangeleenthede handhaaf, duur onveranderd voort.

8.3 DIE EKOLOGIESE KRISIS BLY STEEDS 'N SENDINGKRISIS

Die amptelike totstandkoming van die nuwe Suid-Afrika op 10 Mei 1994 kan beskou word as 'n waterskeidingsdag in die geskiedenis van 350 jaar. Vir die kerk was 10 Mei

⁸⁶ Blankes se koopkrag was in 1979 gemiddeld veertien keer hoër as dié van swartmense, terwyl stedelike blankes honderd keer meer verdien het as swartmense in die tuislande (Saayman 1992:11).



ook 'n waterskeidingsdag omdat dit die kerk in Suid-Afrika op 'n nuwe pad geplaas het. Die toekomst hou ongetwyfeld groot onsekerheid vir beide die konserwatiewe of behoudende deel van die kerk in, sowel as vir die liberale of profetiese deel van die kerk wat aan die verandering meegewerk het. Die grootste deel van die kerk se onsekerheid, het te make met die rol van die kerk in 'n postapartheid Suid-Afrika. Faktore wat aanleiding gee tot die onsekerheid sluit onder meer sake soos die volgende in:

- Mkhathshwa (in Cock 1992:174) beweer dat die kerk in Suid-Afrika homself sedert 2 Februarie 1990 in 'n identiteitskrisis bevind. Hy sien 'n groot gevaar daarin dat die kerk in die lig van die politieke hervormingsproses in Suid-Afrika homself in terme van sy sosiale bediening al meer na binne sal keer, in stede daarvan om sy sosiale betrokkenheid hollisties te sien.
- Kinghorn het reeds in 1990 (na die sogenaamde waterskeidingstoespraak van president FW de Klerk) die volgende beweer, en vandag (6 jaar later) wonder 'n mens of die scenario vir die armes werklik enigsins verander het (in Taute 1992:4):

"Nog steeds, ten spyte van al die veranderings... is Suid-Afrika in 'n "swart" en "wit" wêreld verdeel. Met kleur op sigself het dié onderskeiding al hoe minder te maak. Dit gaan om uiteenlopende belewenisse as burgers van dieselfde land. Daar loop dus nog steeds 'n perseptuele barrikade, 'n mentale Berlynse muur, deur die Suid-Afrikaanse samelewing."

- John Lamola⁸⁷ (1994:40) het aan die begin van 1994 geskrywe dat die normalisering van die bestaan van bevrydingsorganisasies in die politiek, asook die snelle inkorporasie van rewolusionêre transformerende elemente in die Suid-Afrikaanse samelewing, daartoe bygedra het dat die kerk tans soekend is na wat 'n nuwe profetiese rol in 'n veranderende samelewing behels.

Dit is juis hierdie onsekerheid wat die sending in Suid-Afrika eweneens in 'n krisis plaas. Voor die totstandkoming van die nuwe Suid-Afrika was sending vir die meeste óf die wen van siele óf politieke bevryding. 'n Nuwe Suid-Afrika, ongeag hoe die rol van sending in die verlede gesien en verstaan is, vra om 'n nuwe kreatiewe versoenende rol. By die oorgrote meerderheid van die Christendom in Suid-Afrika is daar die duidelike besef dat die strydbyle van die verlede begrawe moet word en dat daar gesamentlik na kreatiewe oplossings gesoek moet word. Die antwoorde op die ou en nuwe probleme plaas die sending eweneens in 'n krisis. Wat is die nuwe rol van die sending?

⁸⁷ Hoof van die Departement van Justice and Social Ministries van die SARK in 1994.

Die Suid-Afrikaanse konteks wat gekenmerk was deur rassekonflik, het grootliks daartoe aanleiding gegee dat, soos reeds gesien, ekologiese sake min aandag geniet het. Ten spyte van 'n klein flikkerende ligte van hoop binne die Justice and Social Ministries Department van die SARK, wys Cock (1992:177) daarop dat 'n deeglike bestudering van kerklike beleidstukke en resolusies van die meeste kerke daarop dui dat die kerk nog geensins sy omvattende ekologiese roeping in Suid-Afrika verstaan nie. Die verklaring van die Rustenburg Kerke-beraad van 1990 wat wye kerklike steun geniet het, en wat sake soos geweld, die krisis in die swart onderwys, werkloosheid en onvoldoende behuising aangespreek het, het geensins melding gemaak van konkrete omgewingsvraagstukke soos lug- en waterbesoedeling, gronderosie en ander sake nie. 'n Direkte koppeling tussen die stryd teen apartheid en omgewingsake word nog geensins ingesien nie. Dit is juis om dié rede dat Davies (1992:178) insake die kerk se betrokkenheid by ekologiese aangeleenthede die volgende beweer:

"The Christian church in South Africa has been silent. For the past two years I've been trying to introduce green theology but the issue has been laughed off."

Miskien het hierdie traagheid in die kerk in Suid-Afrika soos ook elders ter wêreld, te make met wat Roberts (1994:6) beskou as die groot probleem of krisis in die sending, naamlik dat die kerk nie meer weet wat sending is nie:

"They (verwysende na Christene) have been slow to develop ecological awareness and are confused about the mission of the church in a new and frightening age of famine and pollution, of exploding populations and vanishing resources."

Hierdie toedrag van sake lei daartoe dat die grootste inisiatiewe insake ekologiese oplossings vanuit nie-Christelike gelowe kom. Dorr stel dit as volg (:152):

"On matters of ecology the significant initiatives have almost all come from 'post-Christian' people; when such people seek explicit religious inspiration they look more to India and to the nature religions than to Christianity."

Juis as gevolg hiervan kan daar met reg beweer word dat die kerk se onvermoë om bevredigend op die huidige ekologiese krisis te reageer, een van die grootste mislukkinge in die ganse geskiedenis van die Christendom is (vgl Berry 1991:144-145). Die feit dat Ekologie as wetenskap maar eers in die tweede helfte van die twintigste eeu tot stand gekom het, kan meehelp dat 'n mens die onwetend vernietigende optrede van die mens teenoor die omgewing sedert die industriële rewolusie met meer begrip kan bejeën. Ook die sending se doelbewuste bevordering van industriële ontwikkeling is nog verskoonbaar. Wat egter onaanvaarbaar is, is die feit dat die kerk in die lig van beskikbare wetenskaplike kennis voortgaan asof daar geen bedreiging



is nie. In Suid-Afrika is die krisis ten opsigte van sekere aspekte van die ekologie soos byvoorbeeld die tekort aan water so fel dat daar vanuit verskeie wetenskaplike kringe tans beweer word dat Suid-Afrika tussen 2002 en 2040 moontlik 'n "permanente droogte" in die gesig staar. In die lig hiervan kan 'n mens met reg vra: behoort die kerk en daarmee spesifiek die sending te swyg oor die mens se Godgegewe roeping teenoor die aarde aan die suidpunt van Afrika?

Vir die anderskleurige bevolking in Suid-Afrika het teologiese sake rakende apartheid jare lank grootliks oor vraagstukke betreffende oorlewing, mag en welvaart gehandel terwyl die blanke bevolking homself hoofsaaklik besig gehou het met sake rakende die instandhouding van blankebeheer selfs ten koste van die omgewing (Nürnberg 1987:58; vgl. Potgieter 1995). Die feit dat daar by anderskleuriges met groot politieke en ekonomiese aspirasies 'n lae ekologiese belangstelling is, is geensins vreemd nie (vgl. Nürnberg 1987:59). Na aanleiding van hierdie dilemma binne die Suid-Afrikaanse blanke en anderskleurige samelewing, skets Mazibuko die sendingprobleem van die afgelope aantal dekades treffend (in Cock 1992:174):

"We have not yet had Christianity in South Africa; we've only had Churchianity. Christianity teaches us to see God in the trees. The trees are the guardians of the earth. I try to teach people to see God in trees. But you cannot teach with an empty stomach. We must also teach people how to feed themselves."

Die ekologiese krisis is nie net 'n wêreldkrisis nie, maar kan as gevolg van die kerk se traagheid om daarop te reageer (ook in Suid-Afrika) beskryf word as 'n sendingkrisis. Die ekologiese krisis in Suid-Afrika vra daarom indringend na 'n nuwe benadering wat die brug sal slaan tussen die verlede, die hede en die toekoms. So 'n benadering sal die sleutel tot God se heilsplan vir 'n postapartheid Suid-Afrika moet soek in vrede, geregtigheid en die heelheid van die skepping. Van so 'n benadering sal 'n mens inderdaad kan sê dat dit meer is as *Churchianity* want dit sal inderdaad lei tot *Christianity*.

8.4 DIE EKOLOGIESE KRISIS AS DIÉ SENDINGGELEENTHEID!

"After apartheid, redressing economic and ecological imbalances has become the most urgent task for our country, as it has become the most pressing task for our continent and our world after the Cold War."

Klaus Nürnberg (1994:121)

Hoewel die ekologiese krisis 'n sendingkrisis impliseer, behoort dit ook tegelykertyd as 'n unieke uitdaging gesien te word omdat dit vra na nuwe en unieke sendingstrategieë. Koyama wys daarop dat die woord krisis 'n kombinasie is van die Japannese lettertekens vir gevaar en geleentheid. So gesien hoef 'n krisis nie noodwendig die einde te beteken nie, maar in werklikheid dui op 'n nuwe begin.

inderdaad dus 'n geleentheid! (vgl Bosch 1991:3). Die ekologiese krisis is nie maar net nog 'n krisis soos baie ander waarmee die kerk in die verlede te kampe gehad het nie. Die ekologiese krisis moet inderdaad binne die kerk as 'n kairosmoment wat indringende optrede verg gesien word (McDonagh 1990:5). Die rede waarom die ekologiese krisis juis in hierdie stadium as 'n kairosmoment gesien behoort te word, beskryf McDonagh treffend (ibid):

"The crisis is heightened by the realization that this generation of people is in a unique position in relation to all other generations who have lived before us and those who will live in the future..."

"The decisions taken now will determine whether we will hand on this precious heritage intact to our children or whether we will irreversibly destroy earth's fruitfulness. Ensuring that we do the latter is surely the religious task of this generation of Christians."

Reeds in Augustus 1988 het die bioloog Thomas Lovejoy in 'n voordrag aan die American Institute of Biological Sciences die volgende beweer (in McDonagh 1990:202):

"I am utterly convinced that most of the great environmental struggles will either be won or lost in the 1990's. By the end of the century it will be too late."

Die kerk kan dus nie maar slegs kennis neem van die ekologiese krisis en in die proses sy religieuse verantwoordelikheid ontduik nie (McDonagh 1986:11; vgl WCC 1990:51). Waar sendelinge in die verlede as gevolg van onkonde hulle verantwoordelikheid teenoor die omgewing deur stilswye ontduik het, is dit vandag geheel en al onmoontlik in die lig van die aarde en die mens se noodkreet om hulp (Roberts 1994:142). Tereg beweer Olivier (1991:20) dat 'n sendinggerigte kerk wat nie die uitdaginge van die ekologiese krisis ernstig opneem nie, 'n kerk is wat doof en blind is vir die nood in die wêreld. So 'n kerk bevorder juis die nood deur sy stilswye. Indien dit van die kerk gesê kan word, is hy besig om lynreg teen die eintlike boodskap van die kerk te werk, naamlik dat God die gewer van lewe (en Lewe) is. Die ekologiese krisis bied 'n unieke verantwoordelikheid en geleentheid vir die geslag Christene van vandag. Hulle (ons) behoort hierop met dieselfde entoesiasme te reageer as dié waarmee die vroeë Christene op eietydse probleme in die vroeë kerk gereageer het. Tensy missioloë nie toenemend die sendingtaak van die kerk met sake rakende ekologiese aangeleenthede in verband gaan bring nie, sal die kerk toenemend 'n meer irrelevante rol in die wêreld openbaar. In die lig van die ekologiese krisis stel Oliver (1992:391) die nuwere rol van die Teologie daarom soos volg:

"Now is the time for theologians to redress the wrongful neglect of nature by seeking to rethink the theological task in radically new ways. I propose an integral theology."



governed by holistic criteria, as the most promising and viable way of reintegrating nature into the core of theology itself. Since there are few current attempts to do this, the theologian must be inventive in locating criteria both faithful to the Tradition and capable of addressing the realities of the contemporary situation. 'Integral' theology will approach the interpretation of the Tradition through 'unities' rather than 'components' or loci which must then be reassembled into a system."

Hoewel die kerk nie die enigste organisasie is wat 'n rol in die ekologiese krisis behoort te speel nie, behoort hy ongetwyfeld 'n unieke rol te vervul, aangesien die kerk as die liggaam van Christus God se spesiale agent is. Die kerk is met die Gees van God gevul en kan daarom 'n meer direkte rol as enige ander instansie vervul (Roberts 1994:148). Cock (1994:90-91) sluit hierby aan wanneer hy daarop wys dat daar veral drie⁸⁸ redes bestaan waarom juis die kerk, ook in Suid-Afrika, die voortou en leiding moet neem ten einde die ekologiese krisis die hoof te bied.

Eerstens is die kerk as die grootste georganiseerde liggaam op voetsoolvlak by verre in die beste posisie om 'n grootskaalse omgewingsbewussyn te kweek as gevolg van die groot geloofwaardigheid wat hy onder die gemeenskap het.⁸⁹

Tweedens is die kerk soos wat Cock (1994:90) dit stel "a unique ethical source". In afdeling B het ons gesien dat die kerk oor die eeue soveel invloed kon uitoefen dat hy in staat was om gehele gebruiksisteme van oriëntasie by mense te verander en te help vestig. Hoewel die kerk in die verlede sy invloed ten koste van die ekologie aangewend het, kan 'n meer positiewe invloed, waarbinne koninkrykswaardes as uitgangspunt geld onder mense gevestig word ten einde 'n ekologiese roeping te bevorder. Dennis Meadows het reeds in 1972 in sy invloedryke verslag aan The Club of Rome onder die titel, **The limits of Growth**, beweer (in Sheaffer & Brand 1980:54):

"Any deliberate attempt to reach a rational and enduring state of equilibrium by planned measures, rather than by chance or catastrophe, must ultimately be founded on a basic change of values and goals at individual, national, and world levels."

Hiérin kan die kerk dan 'n unieke rol speel.

⁸⁸ Hoewel Cock (1994:90) meld, "The are four reasons why the Christian church has to take the lead in addressing such environmental problems as air pollution and toxic waste.", bespreek hy daarna slegs drie en nie vier redes nie.

⁸⁹ Volgens 'n navorsingstudie van Schlemmer wat in 1991 ondemeem is, het 70% van alle nie-blankes verklaar dat die kerk die liggaam is wat die meeste van hulle ondersteuning dra. Die kerk is baie hoër aangeslaan as enige politieke organisasie of vakbondunie (Cock 1994:90).

In aansluiting by die tweede punt blyk dit derdens dat die kerk vanweë sy gerigtheid op die koms van die koninkryk van God, die enigste instansie is wat holistiese waardes kan vestig. Die kerk het volgens Cock as gevolg van 'n ryk kerklike tradisie dit tog soms oor die eëue reggekry om die tema van vrede en geregtigheid met die tema van sorg vir die aarde te integreer.⁹⁰

Dat die politiek in groot dele van die wêreld die kerk eintlik ver vooruit is en gereed is vir fundamentele veranderinge blyk uit die feit dat 15% van alle Europese kiesers reeds in Junie 1989 bereid was om hulle by die Groenparty aan te sluit (Biggs 1991:33). Die vraag of die kerk werklik gereed is vir so 'n verandering stel Birch soos volg (1988:192):

"Science is ready for the new radical approach. So are many other secular movements in the modern world. It will be a return to religion but not the religion we know. It is a religion we can come to know that we have somehow lost from our own heritage. For the church it can be a great new adventure."

Daar bestaan twee maniere waarop die kerk op die uitdaginge wat die ekologiese krisis bied kan reageer. Aan die een kant kan die kerk voel dat hierdie uitdaging te groot is en dan deur dit te ignoreer onveranderd voortgaan met sending op die "normale manier". Doen die kerk dit egter, is hy nie besig met sending nie maar met 'n skynvorm van sending. Die kerk se roeping in die lig van die ekologiese krisis is wel sō omvangryk dat dit by Christene 'n gevoel van verlamming kan veroorsaak. Christene moet egter nooit die kerk se ryke erfenis vergeet nie waar die ontstaan van die Christendom byvoorbeeld juis te danke was aan 'n klein minderheidsgroep wat die wêreld met die waarheid wou gaan omkeer (vgl Elsdon 1992: 9). In Handeling 17:6 lees ons dat die vroeë Christene die wêreld as 't ware onderstebo wou keer. Hierdie ywer het gedeeltelik daarmee te make gehad dat die vroeë Christene 'n sterk wederkomsverwagting gehad het. Die feit dat die wêreld vandag op 'n ekologiese ramp afstuur, behoort ongetwyfeld onder Christene 'n ywer te laat posvat waarbinne God se koninkryk so wyd as moontlik op die aarde gevestig moet word.

'n Ander reaksie wat die kerk op die uitdaging van die ekologiese krisis mag hê is dat daar 'n breuk met die sending self kan kom. Bosch (1991:365) wys daarop dat daar in ons eeu onder baie sendelinge, as gevolg van die foute van die verlede, 'n skaamte oor die verlede van die kerk posgevat het wat 'n breuk met die sendingroeping van die kerk impliseer. So byvoorbeeld skrywe Gómez (1986:28) dat baie priesters se roeping uitgesterf het en is eerbiedwaardige tradisies afgemaak as deel van 'n besmette verlede. Hy skrywe voorts dat baie mense met die opkoms van die Tweede

⁹⁰ Hier dink 'n mens aan trenaëus in die derde eeu, Benediktus in die sewende eeu, en Franciscus van Assisi in die twaalfde en dertiende eeue en Giordano Bruno in die sesentiende eeu.



Vatikaanse Konsilie, masogisties die vull wasgoed van die Rooms-Katolieke sendinggeskiedenis in die openbaar begin was het. Vir baie intellektueles binne die kerk sou sending 'n oorbodige en onsinnige saak begin raak. Ongelukkig gebeur iets hiervan na my mening ook in ons tyd in 'n postapartheid Suid-Afrika. Baie Christene wil alle sending van die verlede binne Suid-Afrika as sleg en verkeerd afmaak en so 'n nuwe inhoud gee aan wat sending tans en in die toekomst veronderstel is om te wees. 'n Nuwe verstaan van sending wat neerkom op 'n onbybelse en 'n Christuslose sending⁹¹ is in baie kringe besig is om pos te vat.

Hoewel die ekologiese krisis die sendingkrisis van ons tyd onderstreep, is ek steeds van mening dat die ekologiese krisis nie slegs 'n verleentheid vir die kerk impliseer nie. Dit bied ook die unieke geleentheid om God se koninkryk te help vestig in 'n wêreld wat in barensnood verkeer.

8.5 'N EKOLOGIESE SENDINGBENADERING AS DIE KERK SE MISSIONÊRE ANTWOORD OP DIE EKOLOGIESE KRISIS

DIE EKOLOGIESE KRISIS VEREIS 'N KREATIEWE MISSIONÊRE OPLOSSING

Reeds in 1965 het Keith Bridston daarop gewys dat nuwe uitdagings in die laat twintigste eeu totaal nuwe en radikale uitdagings vir die sending sal inhê. Op daardie tydstip het hy beweer dat sulke uitdagings selfs so radikaal vir die kerk van die laat twintigste eeu mag wees as wat die Kopernikaanse rewolusie vir die kosmiese wetenskap was (Bridston 1965:12ev). Wanneer so 'n tyd aanbreek sal die kerk moet beseef dat die tradisionele metodes sal moet verander en vervang word deur 'n nuwe stel metodes wat nuwe uitdagings die hoof sal kan bied (1965:17). Hoewel Bridston, toe hy hierdie uitlating gemaak het, nie na hierdie krisis as die ekologiese krisis verwys het nie, weet ons vandag dat dit juis die ekologiese krisis van ons dag is wat sulke nuwe en radikale uitdagings van die sending vra. In 1959 het ook Hendrik Kraemer beweer dat sending in ons eeu nie aan die einde van 'n ontwikkelingspad maar slegs aan die begin van 'n nuwe pad binne 'n nuwe sendingera gekom het (Kraemer 1970:70). Dat hierdie verandering en uitdaging groot is, is nie te betwyfel nie. Die uitdaging het veral te make met die feit dat daar fundamenteel nuut en anders binne die Teologie gedink sal moet word. Bosch (1991:355) wys daarop dat die Verligtingskultuur van die wetenskap, filosofie, en tegnologie die verhouding tussen die mens en die natuur fundamenteel misinterpreteer het (vgl afdeling A). Oliver (1992:391) onderstreep die bewering wanneer hy die verloop van die Teologie sedert die Reformasie skerp kritiseer vir die skeidings wat inherent aan die Reformatoriese teologie was:

⁹¹ Ek verwys hier spesifiek na teoloë wat die Christelike godsdiens in 'n postapartheid Suid-Afrika wil gelykstel aan ander gelowe - iets wat die missionêre karakter van die Bybelse begrip van sending skend.



"Since the Reformation, theology has generally proceeded by dividing reality into separate components, or loci, which it then interprets. This practice has been reinforced by the general tendency of Western thinking to 'bifurcate' experience into numerous dualities. Traditional dualities include: God vs. World, Divine vs. Human, Mind vs. Body, Nature vs. Grace, Natural vs. Supernatural, Transcendence vs. Immanence, Nature vs. History, Nature vs. Culture, even Scheler's duality Spirit vs. Life."

In sy dissertasie, **Skepping en Ekologie: 'n Sistematiese ondersoek na die Teologiese verstaan van die werklikheid**, kom J Buitendag (1986) tot die konklusie dat verskeie moderne teoloë soos Heim, Gogarten, Barth, Moltmann en Altner in hulle teologieë werk met die Kartesiaanse dualisme tussen gees en oorsaak (matter), tussen die mens as subjek en die natuur as objek (vgl Kritzingen 1991:13). Hierdie onderskeid wat die interafhanklikheid van die ekologie buite rekening laat het 'n groot leemte in die Teologie tot gevolg gehad. Daarom behoort die Teologie van die laat twintigste eeu in sy geheel geherformuleer te word soos wat Berry en Clarke⁹² (1991:6-7) trouens pleit.

Hoewel die Latyns-Amerikaanse bevrydingsteoloog, Gustavo Gutiérrez, binne die konteks van die bevrydingsteologie in 1988 geskrywe het dat (in Bosch 1991:447):

"we must refine, improve, and possibly correct earlier formulations if we want to use language that is understandable and both faithful to the integral message and to the reality we experience"

kan hierdie stelling van toepassing gemaak word op die sending en die Teologie in sy geheel. 'n **Ekologiese sendingbenadering** is volgens my 'n stap in so 'n rigting want deur so 'n benadering wil ek 'n nuwe verstaan van sending bied met 'n nuwe oriëntasie in die lig van gegewe ekologiese realiteite. Daarom wil ek met so 'n benadering nader kom aan 'n oplossing waarin die mens se oriëntasie, in die woorde van Bosch (1991:355) as volg beskrywe kan word:

"One should, again, see oneself as a child of Mother Earth and a sister and a brother to other human beings. One should think holistically, rather than analytically, emphasize togetherness rather than distance, break through the dualism of mind and body, subject and object, and emphasize 'symbiosis'."

Sally McFague (in Abraham 1994:69-70) verdedig 'n ekologiese benadering op die werklikheid as volg:

"[An] Ecological perspective insists that we are, in the most profound ways, 'not our own': we belong, from the cells of our bodies to the finest creations of our minds, to the intricate, constantly changing cosmos. The ecosystem, of which we are a part, is

⁹² Ek het egter groot probleme met hul voorstel van hoe die Teologie verander behoort te word.



a whole: the rocks and waters, atmosphere and soil, plants, minerals, and human beings interact in a dynamic, mutually supportive way that make all talk of atomistic individualism indefensible. Relationship and interdependence, change and transformation, not substance, changelessness and perfection are the categories within which a theology of our day must function."

Dat so 'n benadering nie 'n luukseheid is nie of 'n intellektuele spel, soos wat baie nuwere benaderings in ons eeu was nie, word onderstreep deur die Bruntland Commission Report: "Our Common Future" wanneer daar die volgende pleidooi gelewer word (in Yeld 1993:53):

"The next few decades are crucial. The time has come to break our past patterns. Attempts to maintain social and ecological stability through old approaches to development and environmental protection will increase instability. Security must be sought through change."

Roberts sluit hierby aan deur daarop te wys dat verandering binne die kerk nie 'n opsie is nie maar inderdaad 'n noodsaaklike imperatief (in Roberts 1994:146):

"The drastic ecological, economic, political, social, religious, demographic, and other changes happening in our small globe are presenting us with a new reality that will call for a new paradigm of theology of mission."

'n **Ekologiese sendingbenadering** is volgens my so 'n nuwe paradigma waarbinne nuut geteologiseer sal word in dié opsig dat dit wil breek met die gevestigde patrone van dink en handel. Die brief wat die WRK-afgevaardigdes aan lidkerke tydens die Aardespitsberaad geskryf het verwoord dit soos volg (WCC 1992b:31):

"The current ecological crisis calls us to move toward an eco-centred theology of creation which emphasizes God's spirit in creation, and human beings as an integral part of nature. Instead of dominating nature, men and women have the responsibility to preserve, cultivate the earth, and to work with God for the sustainability of the planet."

Die probleem met die huidige manier waarop die sending teologies beoefen word is dat dit steeds in gebreke bly om die sending vanuit 'n holistiese uitgangspunt te benader⁹³. Wanneer die kerk dan wel op ekologiese verskynsels wil reageer kan dit

⁹³ Sommige teoloë mag wel hierdie stelling betwis. Ek maak egter hierdie stelling in die lig van die feit dat daar in die afgelope tien jaar binne teologiese en dan spesifiek missiologiese opleiding slegs hier en daar geringe wysigings aangebring is. Die klem lê steeds sterk op 'n atomistiese wetenskaplike benadering en daar word steeds te min klem gelê op 'n holistiese benadering. Daarmee ontken ek nie dat daar aan sekere universiteite soos byvoorbeeld die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA) wel radikale veranderinge aangebring is nie. My kritiek is hoofsaaklik teen universiteite en opleidingsinstansies waar teologiese opleiding sterk kerklik beheer word.

gebeur dat dit nie binne 'n geheel benader word nie (WCC 1990:16):

"The real danger lies in the fact that they (verwysende na ekologiesekrisis-verskynsels) are inseparately linked, and that it requires both knowledge and wisdom imaginatively to discern this linkage. In a society that rewards specialization and discourages holistic learning, such wisdom is rare! From now on, it must be consciously pursued and nurtured" (WCC 1990:16).

Die interafhanklike verhouding wat daar dus tussen vrede, geregtigheid en die heelheid van die skepping bestaan noodsaak die kerk om die tradisionele fragmentariese beskouing te vervang met 'n omvattende sendingbeskouing. Hoewel ek in die volgende hoofstuk die kontoere van so 'n sendingbenadering meer breedvoerig sal uitspel is dit hier net van belang om te begryp dat so 'n benadering in die woorde van Charles van Engen neerkom op (in Roberts 1994:146):

"a kingdom mission theology that would dramatically change the way we do mission, and the way we carry out missiological education".

Nürnberg wys in 'n artikel onder die titel, **The task of the church concerning the economy in a post-apartheid South Africa**, daarop dat die bedreiging van armoede en die agteruitgang van die omgewing in 'n postapartheid Suid-Afrika so omvangryk is dat 'n enkelvoudige benadering nie enige oplossing sal bied nie (1994:136):

"We need a multidimensional and comprehensive approach. Economic measures must become part of an integral religious, cultural, social, economic and political programme."

Daar bestaan egter geen twyfel nie dat die pad na so 'n benadering nie maklik sal wees nie (Yeld 1993:50):

"Caring for the earth poses some tough challenges and sets some politically difficult choices. There are no easy solutions."

Met 'n **ekologiese sendingbenadering** wil ek slegs 'n benadering bied wat na my mening eietyds en verantwoordbaar is. Daarom moet hierdie studie beskou word as 'n poging wat die saamsoek na nuwe antwoorde wil stimuleer. Ek pleit daarom daarvoor dat my voorstel van 'n **ekologiese sendingbenadering** ernstig opgeneem moet word: dat dit bespreek moet word, dat daaroor gedebatteer sal word, dat dit bevraagteken moet word, hersien moet word, daarmee saamgestem of selfs verwerp moet word. Wat egter wel van belang is, is dat **aksie** in die lig van die ekologiese krisis vanuit die sending dringend noodsaaklik is. Indien hierdie studie aksie in die vorm van gesprek tot gevolg sal hê, beskou ek hierdie studie persoonlik as geslaagd.



Die nuwe uitdaginge wat 'n postapartheid Suid-Afrika meebring veroorsaak dat daar op een van twee maniere gereageer word.

Die eerste is dat sending normaalweg voortgaan soos vantevore. Hiervolgens sal sending vir sommiges steeds slegs "die wen van siele" bly en vir ander weer slegs die oprigting van politiek bevrydende strukture. Ek dink dat ek sonder om heeltemal te veralgemeen⁹⁴, kan sê dat eersgenoemde reaksie sterk onder die tradisionele blanke kerklidmate leef, terwyl laasgenoemde weer sterk binne die strukture en onder personeellede van die SARK leef. Binne hierdie benaderings word klein oppervlakkige verstellings hier en daar aan die sending gedoen, terwyl die wese van sending in albei se benaderings onveranderd bly.

'n Tweede manier, en daarna het ek reeds vroeër verwys, is wanneer Christene alle sending van die verlede binne Suid-Afrika as sleg en verkeerd afmaak, en dan 'n nuwe inhoud gee aan wat sending veronderstel is om te wees. So 'n nuwere verstaan van sending ontken in sommige gevalle die unieke karakter van die Bybel en Christus as Enigste⁹⁵ verlosser omdat dit alle godsdienste wil gelykstel.

Met 'n ekologiese sendingbenadering pleit ek vir 'n derde⁹⁶ alternatiewe benadering. Hiervolgens wil ek 'n versoening bewerk tussen die twee uiterstes binne die eerste benadering, met 'n sterk afwysing teenoor die tweede benadering. Binne 'n ekologiese sendingbenadering word die sendingfoute van die verlede nie ontken nie maar aan die kaak gestel sodat die sending in die lig van die foute van die verlede (vgl afdelings A en B) meer koninkryksgerig mag strewe na 'n nuwe toekoms waarin die kerk meewerk aan die sorg vir die aarde (vgl afdeling C). 'n Ekologiese sendingbenadering veronderstel tegelykertyd kontinuïteit en verandering, getrouheid aan die verlede en moed om die toekoms tegemoet te gaan, beide die behoud van bepaalde beginsels en die soeke na nuwe moontlikhede, die vashou aan 'n bepaalde tradisie maar ook binne die tradisie wys op nuwe moontlikhede van

⁹⁴ Ek deins geensins terug om hierdie stelling te maak nie, omdat ek dit deur uiteenlopende kerklike ervaring ontdek het. In die pos van Algemene Sekretaris van die Interkerklike Komitee vir Nywerheidsbediening (ICIM) het ek daaglik ten nouste saamgewerk met strukture en personeellede van die SARK. My persoonlike ervaring was dat persoonlike bekering en heiligmaking 'n baie lae missionêre roeping, indien enigsins, vir die SARK is. In die pos as leraar van 'n Nederduitse Gereformeerde Gemeente, waar ek tans staan is, is my persoonlike ervaring dat lidmate hulle missionêre roeping slegs verstaan in terme van die "wen van siele". 'n Omvattende sendingbeskouing ontbreek dus in albei gevalle.

⁹⁵ Vgl die skerpe kontras met Joh 14:6, Hand 4:12, Rom 10:1-4, 1 Tim 2:5, 1 Joh 2:18-27.

⁹⁶ Met hierdie benadering is ek oortuig; maak ek my nie skuldig aan dit waarteen Maluleke (1994:246) waarsku nie: "we need to establish whether talk of theologies of reconstruction is not merely a case of the South African liberal tradition 'experimenting', 'exploring' and 'devising' ever 'new' methods in, and 'new' names for theology".



transformasie (vgl Bosch 1991:366). Dit is juis om die rede dat teoloë soos Van der Poll et al (1989:357) my dit gelyk sal gee dat so 'n benadering nie noodwendig 'n nuwe Teologie veronderstel nie maar slegs die uitbreiding van bestaande Teologiese fasette behels, ten einde die Teologie bewus te maak van die verwaarloosing van sy ekologiese dimensie (vgl Granberg-Michaelson 1992:78-79). Vir 'n ekologiese sendingbenadering sal verskeie teologiese tradisies aangewend kan word:

- Die **bevrydingsteologie** wat uitgebou word tot bevryding van die ganse skepping en nie slegs die bevryding van die mens en strukture nie (vgl McDonagh 1986:203; Anderson & Dawsey 1992).
- Die **Oosters-Ortodokse tradisie** waar die aanbidding van die kosmiese Christus 'n belangrike rol speel en dien as sleutel tot herlewing.
- 'n **Teologie van die skepping** waar meer klem gelê word op die niemensele elemente (vgl Kritzingen 1991:12).
- 'n **Teologie van rentmeesterskap (stewardship)** as die sentrale punt van teologiese verantwoordelikheid wat veral baie gewild is onder Gereformeerde teoloë soos Du Toit, Du Plessis en Van Wyk⁹⁷.
- 'n **Piëtistiese tradisie** waarin sonde weer sonde genoem word, waarin daar ruimte gebied word vir individuele bekering en 'n oproep gemaak word tot 'n lewe van heiligmaking en eenvoud⁹⁸.

DIE VERSKIL MET BOSCH SE BENADERING?

Die vraag kan tereg gevra word waarom ek kies vir die benaming **ekologiese sendingbenadering** en nie maar eerder hou by bestaande benamings soos byvoorbeeld die van Bosch ('n ontluikende postmodernistiese ekumeniese sendingparadigma) nie.

Hoewel Bosch 'n groot vormende bydrae tot my eie verstaan van sending gelewer het, het ek in my navorsing oor die sending en die ekologie gou oortuig geraak het dat Bosch se benadering soos uiteengesit in **Transforming Mission** heelwat uitgebrei sal moet word ten einde sending in die lig van die ekologiese krisis te omskrywe. Hierdie studie poog dus om aan te sluit by Bosch, om 'n ontluikende nuwe sendingparadigma te omskrywe maar met 'n definitiewe uitbreiding van en bydrae tot die proses wat deur hom geïnisieer is.

⁹⁷ Hier word spesifiek verwys na die volgende drie artikels van hierdie Teoloë:

Du Plessis, PGW 1988. Omgewingsetiek - 'n derde alternatief. *Die Kerkblad* (27 Jul): 11-15.

Du Toit, D. 1989. Besoedeling en die Christen. *Die Kerkbode* (22 Sept): 11.

Van Wyk, JH 1990. Aardedag op Sondag? *Die Kerkblad* (Aug): 35-36.

⁹⁸ Ek beskou Richard Forster en by name sy boek getiteld: *A celebration of discipline as binne die tradisie*.



Aangesien ekologie (gesien in sy tradisioneel wetenskaplike betekenis) dui op een organisme se onlosmaaklike verbondenheid met sy omgewing, suggereer die term ekologie in sy nuwere betekenis dat die politiek, ekonomie, sosiologie en nog meer, alles in bepaalde interafhanklike verhoudinge tot mekaar en tot die omgewing staan. 'n **Ekologiese sendingbenadering** (of 'n benadering tot die sending vanuit die ekologie) beteken dus dat die sending bestudeer word in sy omvattende verhouding tot die werklikheid. So gesien is die sendingtaak van die kerk inderdaad omvattend. Hoewel so iets in feite onmoontlik is, beteken dit egter nie dat 'n mens nie kan praat van 'n ekologiese sendingbenadering nie. Die term **ekologiese sendingbenadering**, soos wat ek dit gebruik, slaan dus ag op die poging om die sending vanuit so 'n ekologiese perspektief te benader. 'n Mens sou dus kon sê dat 'n **ekologiese sendingbenadering** daardie poging van die kerk is om die hele evangelie aan die hele wêreld in sy omvangryke nood te bring. 'n **Ekologiese sendingbenadering** gaan dan primêr oor die koms en die uitbreiding van God se koninkryk in 'n wêreld wat in ekologiese nood verkeer.

Hoewel dit klink soos 'n ou saak het bogenoemde "definisie" in die verlede nooit werklik die ekologiese komponent bygebring nie. Die rede waarom ek verder eerder van 'n ekologiese sendingbenadering wil praat, is omdat ek ook oortuig is dat die tyd nou aangebreek het waarin daar na 'n nuwe sendingsimbool gesoek moet word. In die proses van die soeke na nuwe landsimbole soos 'n volkslied, 'n vlag en name vir provinsies en stede vir die nuwe Suid-Afrika, is daar onder andere geleer dat ou simbole ontoereikend is om nuwe brûe te bou. Ek is van mening dat die tradisionele term "sending" ook in ons tyd vanweë 'n verskeidenheid redes uitgedien is en dat die kerk met die term sending moeilik gaan brûe bou. Vir sommige is die term sending sinoniem met uitbuiting en onreg. Vir ander weer skep die term 'n verleentheid as gevolg van die kerk se foute van die verlede. Een van die vele probleme met die term sending is dat sending nie vir alle mense dieselfde betekenis het nie. Vir die SARK beteken sending iets totaal anders as vir 'n voorstedelike blanke gemeente in die ooste van Pretoria waar 'n sendingprojek met eie sendelinge in Rusland ywerig gefinansier word. Deur die vervanging van die term sending met **ekologiese sendingbenadering** word nie net 'n nuwe simbool vir die sending geskep nie, maar word die kerk se missionêre roeping konkreet en nuut gekommunikeer. **Ekologiese sendingbenadering** as term daag dus uit, dit respondeer en dit bied die geleentheid om vrae te vra. Die term **ekologiese sendingbenadering** bring weer die eenheidsgedagte van die sending terug na sy regmatige plek.

Hierdie studie omskrywe dus sending as 'n ekologiese benadering binne 'n nuwe sendingparadigma.



DIE VOORDEEL VAN 'N EKOLOGIESE SENDINGBENADERING IN SUID-AFRIKA

Hoewel ek reeds vlugtig daarna verwys het dat 'n ekologiese sendingbenadering as 'n derde alternatiewe benadering in Suid-Afrika gebruik behoort te word, en dat daardeur geïmpliseer word dat so 'n benadering 'n versoenende rol binne die kerk kan vervul, is dit belangrik om ook te wys op die waarde wat so 'n benadering op die Suid-Afrikaanse samelewing as geheel en ook op die wêreld daarbuite mag hê.

As gevolg daarvan dat Suid-Afrika tegetykertyd uit 'n Eerste- sowel as 'n Derdewêreldkonteks bestaan, bestaan daar in Suid-Afrika twee persepsies aangaande omgewingsbewaring (vgl. Wilkinson 1981:73). Die eerste kan bestempel word as die sogenaamde Eerstewêreld-bewaringsperspektief. Hierdie perspektief kom voor onder die hoë ekonomiese inkomstegroep (hoofsaaklik blankes) en dit sentreer rondom die beskerming van natuurlike ekosisteme. Sake wat onder hierdie benadering aandag geniet is die beskerming van plant- en dierespesies, die beskerming van damme, mere en die kuslyn teen besoedeling, en andere. Onder hierdie perspektief kry die regte van die natuur voorkeur bo die regte van mense. Die tweede perspektief kan bestempel word as die sogenaamde Derdewêreld-ontwikkelingsperspektief. Hierdie perspektief kom voor onder die laer inkomstegroep (hoofsaaklik anderskleuriges) en dit sentreer rondom die beskerming van sosiale ekosisteme. Sake wat onder hierdie benadering aandag geniet is armoede, ondervoeding, plakkery en onderontwikkeling. Onder hierdie perspektief het die regte van mense voorkeur bo die regte van die natuur. Binne hierdie benadering bestaan daar suspisie teenoor enige vorm van die bewaring van natuurlike ekosisteme (Ecumenical Institute 1993:41):

"It has been said that concern for ecology would distract attention from the more fundamental issues of social and economic justice."

David Hildyard, redakteur van die Britse vaktydskrif, **The Ecologist**, wys daarop dat hierdie oor-en-weer-beskuldigings simptome is van 'n gebrek binne die Eerste en Derde Wêreld om verantwoordelikheid vir die krisis te aanvaar. In die proses vind daar oor-en-weer-beskuldigings plaas van wie wat behoort te doen omdat daar by albei 'n traagheid bestaan om op die uitdaginge te reageer (Granberg-Michaelson 1992:25). Hoewel albei omgewingsbewaringsperspektiewe legitiem is, behoort dit nie as twee aparte strategieë te bestaan nie. Die sending wat opereer vanuit die perspektief van die koninkryk van God, versoen juis die natuurlike ekosisteem en die sosiale ekosisteem binne God die Skepper se ekologiese sisteem (Ecumenical Institute 1993:41).

Een van die wesenlike probleme insake die ekologiese krisis van ons tyd is dat 'n twis in terme van prioriteitsbepalinge van bogenoemde twee benaderings daartoe kan lei dat niemand verantwoordelikheid vir die krisis aanvaar nie en dat daar geen



optrede plaasvind ten einde die krisis die hoof te bied nie. Hierdie probleem het gedeeltelik daarmee te make dat baie Suid-Afrikaners nie 'n holistiese verstaan van omgewingsbewaring het nie (Cock 1994:89):

"There is a small number of South Africans who have a holistic understanding of environmental abuse and social injustice. Such a holistic vision, which opposes all forms of violence - social as well as environmental - has yet to be translated into widespread political practices in South Africa. The outcome is that the arena of struggle is splintered and there is no mass-based environmental movement. The church could play a vitally important role in healing the scars of apartheid violence and bringing our land and people together in a harmonious and sustainable relationship."

In die volgende hoofstuk sal dit duideliker word dat 'n **ekologiese sendingbenadering** die dualiteit van prioritisering juis wil oorkom deur 'n benadering wat tegelykertyd ruimte bied vir 'n Eerstewêreld-bewaringsperspektief en 'n Derdewêreld-ontwikkelingsperspektief. 'n **Ekologiese sendingbenadering** vra juis dat die kerk sy roeping getrou sal uitleef deur in sommige gevalle betrokke te raak by volhoubare ontwikkeling maar weer in ander gevalle ontwikkeling juis teen te werk. Met dié benadering word die foute van die verlede nie ontken nie maar die kerk se verleentheid word doelbewus omskep in 'n nuwe geleentheid. Indien daar nie 'n verbintenis tussen omgewingsake en die "struggle" gemaak word nie, sal 'n hele poging tot omgewingsgerigheid op niks uitloop nie. Aan die ander kant is dit ewe waar dat indien die "struggle" nie omgewingsake in berekening bring nie, die ontwikkeling van die nuwe Suid-Afrika ook op niks kan uitloop. In die verslag van die presidentsraad het Wouter van Warmelo juis hierdie punt onderstreep (in Terreblanche 1990:3):

"... political liberation in an impoverished [ecological] land [is] utterly worthless. The struggle for human rights only makes sense if human survival is guaranteed. Albie Sachs has indicated recently that a future constitution for South Africa would have to include an environmental policy - perhaps even a Declaration of Environmental Rights"

In aansluiting hierby merk Yeld (1993:13) tereg op dat nasiebou (Mayibuye i Afrika) niks beteken indien dit nie gekoppel word aan 'n nasiebou saam met die omgewing nie:

"The devastating long-term effect of environmental neglect is a bankrupt nation with little hope of ecological and economic recovery."

Mazibuku, 'n oudonderwyser en lekeprediker het in 1981, op 75-jarige ouderdom iets hiervan verstaan met die stigting van die Africa Tree Centre in Natal. Wat hy in sy omgewingsgerigte program bepleit het, was 'n holistiese verstaan van die ekologiese probleme van Suid-Afrika deurdat sosiale ongeregtigheid en die misbruik van die




natuur as 'n gemeenskaplike probleem gesien en aangepak moes word (Cock 1992:174). Binne so 'n benadering vind omgewingsbewaring aansluiting by die nood van die oorgrote meerderheid Suid-Afrikaners wat geen water, elektrisiteit of sanitêre geriewe het nie maar ook by vraagstukke insake die besoedeling van die kuslyn en die uitwissing van plant- en dierespesies.

'n **Ekologiese sendingbenadering as 'n holistiese benadering, verbind dus die stryd teen apartheid se armoede en sosiale ongeregtheid met die stryd teen die misbruik van die aarde.** Binne so 'n benadering val die klem op die herstel van alle gebroke verhoudinge wat deur apartheid meegebring is, dié van die mēns teenoor sy medemens maar ook dié van die mens teenoor die natuur. 'n **Ekologiese sendingbenadering** sluit dus volkome aan by die gedagte van vrede, geregtigheid en die heelmaking van die skepping binne die Suid-Afrikaanse konteks sodat mense gédwing word tot 'n herdefiniëring van vrede en geregtigheid wat ook die niemensele element insluit.

Reeds vir dekades lank word Westerse teologie daarvan beskuldig dat dit daarop uit is om die belange van die Weste te dien (vgl Bosch 1991:424). Die sending sal in ons tyd baie ernstig rekening met hierdie en soortgelyke uitlatings moet hou. Vir die sending beteken dit onder meer dat nuwere benaderings nie meer uit 'n verhewe Westerse posisie tot stand kan kom nie; maar juis vanuit 'n posisie van dialoog, waarin beide Westerse en nie-Westerse probleme hanteer en aangespreek word. 'n **Ekologiese sendingbenadering** gesien vanuit Suid-Afrika kan 'n heel unieke en belangrike bydrae lewer tot wat die sendingreaksie van die kerk in die wêreld as geheel op dié huidige ekologiese krisis behoort te wees, omdat so 'n sendingbenadering ontwerp word binne die konteks van sowel 'n Eerste as 'n Derde Wêreld. Banwell (1994:129) verduidelik juis die voordeel wat nuwere teologieë in 'n postapartheid Suid-Afrika kan inhou:

"South Africa is in a state of transition, and if a process of democratization can be achieved, bringing an end to violence and oppression, it could serve as an example to the world since South Africa presents a microcosm of the world's population and its problems."

Dit is juis vanweë hierdie unieke verskeidenheid probleme wat Suid-Afrika in die gesig staar dat daar dikwels na Suid-Afrika as 'n mikrokosmos van die wêreld verwys word (vgl Cock & Koch 1991:preface). Van der Watt (1987:27) gaan selfs so ver as om te beweer dat Suid-Afrika om dié rede gesien kan word as 'n mikrolaboratorium vir die makrowêreld. Opsommend kan ons dus sê dat wêreldwye ekologiesekrisis-verskynsels in 'n besonder hoë intensiteit in Suid-Afrika aanwesig is. Juis dit beklemtoon die dringende noodsaaklikheid van 'n **ekologiese sendingbenadering** vir en vanuit Suid-Afrika. Indien so 'n benadering hier slaag, sal dit 'n teken van hoop vir die hele wêreld wees.





HOOFSTUK 9: OP WEG NA 'N EKOLOGIESE SENDING- BENADERING

IN 'N POSTAPARTHEID SUID-AFRIKA

9.1 KONTOERE VIR 'N EKOLOGIESE SENDINGBENADERING

Die noodsaaklikheid daarvan om moed en kreatiwiteit aan die dag te lê is in die lig van die ekologiese krisis groter en dringender as ooit tevore. Die uitdagings waarmee die sending in die verlede te kampe gehad het, lyk beskeie in vergelyking met die probleme van vandag en die toekomst. Daarom vra die ekologiese krisis en die sendingkrisis van ons tyd inderdaad indringend na 'n nuwe radikale en omvattende sendingbenadering. So 'n benadering sal enersyds aan die Skrif en die kerk se ryke tradisies getrou moet bly, maar dit sal ook andersyds heeltemal nuut en kreatief moet wees ten einde die kerk se missionêre roeping in die wêreld te vergestalt. Die beskeie pogings wat tot dusver vanuit die SARK se Learn and Environment-program asook van individue binne die kerk in Suid-Afrika uitgegaan het, is net eenvoudig nie omvattend genoeg om eietydse probleme aan te spreek nie. Ek is oortuig dat 'n verstelling hier en daar binne die sending nie die ding gaan doen nie. Ek pleit daarom vir 'n omvattende benadering waarin daar nie maar net gesê word dat die kerk aandag moet skenk aan die omgewing nie, maar 'n benadering wat met sy beskrywing as 'n *ekologiese sendingbenadering* appellerend van aard is en daarom aksie vereis.

In *Transforming Mission* het Bosch (1991:366-367) dit duidelik uitgewys dat een van die groot gevare van 'n tydperk van verandering geleë is in die feit dat missioloë sending geheel en al wil transformeer om sodoende 'n nuwe eietydse definisie of verstaan van sending te formuleer. My bedoeling met 'n ekologiese sendingbenadering mag op die oog af lyk asof dit hierdie gevaar loop omdat dit mag klink asof ek huidige sendingpogings as irrelevant wil afmaak. Met 'n ekologiese sendingbenadering is dit egter nie my bedoeling nie. Die radikaliteit van my benadering is nie geleë in die feit dat ek 'n vreemde, nuwe sendingteologie in die vooruitsig wil stel nie. Die radikaliteit van my benadering is geleë in die feit dat dit deur 'n nuwe blik op die werklikheid die



sending in lyn hiermee wil bring. Om dit te kan bereik is 'n nuwe simbool vir die taal van die sending nodig wat na my mening treffend verwoord word in die term *ekologiese sendingbenadering*. Met die term ekologiese sendingbenadering wil ek nie voorgee dat ek sending volledig wil definieer terwyl ek in aansluiting by Bosch toegee dat so iets in feite onmoontlik is nie (vgl Bosch 1991:512). Sending is 'n multidimensionele bediening in terme van getuienis, diens, geregtigheid, genesing, versoening, bevryding, vrede, evangelisasie, gemeenskap, kerkplanting, kontekstualisering, ontwikkeling en evangelisasie - maar sending is ook nog meer as dit. Met 'n ekologiese sendingbenadering beoog ek om duidelike rigtingwysers te bied vir waarheen al die verskillende fasette van die sending in die lig van die ekologiesewêreld-krisis "op weg"-behoort te wees. My sienswyse van so 'n benadering is dat dit 'n wye verskeidenheid aktiwiteite insluit wat almal een gemeenskaplike doel dien: die oprigting van die koninkryk van God (vgl Botha et al 1994:21). Daarom is 'n ekologiese sendingbenadering se vertrekpunt soos verder aan sal blyk die koninkryk van God. 'n Mens sou dus in aansluiting by Crafford (1989:14) kon beweer dat die vertrekpunt van 'n ekologiese sendingbenadering in wese 'n koninkryksentriese benadering veronderstel.

Aangesien daar nie iets soos 'n presies geformuleerde sendingteologie bestaan nie kan daar hoogstens sprake wees van kontoere vir 'n sendingteologie. Vervolgens wil ek ses kontoere vir 'n ekologiese sendingbenadering neerlê.

KONTOER 1: 'N EKOLOGIESE SENDINGBENADERING IS OP WEG NA 'N HOLISTIESE BENADERING

Die omvangrykheid van die ekologiese krisis vereis dat mens dié krisis nie anders as vanuit 'n holistiese⁹⁹ perspektief kan benader nie (vgl Manenschijn 1988:53). Die waarde van 'n holistiese benadering bestaan daarin dat dit nie die mens in die sentrum stel nie maar dat dit die mens binne 'n interafhanklike verhouding tot die skepping plaas. Sodoende word 'n antroposentriese benadering teenoor die skepping vervang deur 'n biosentriese benadering (Manenschijn 1988:53). 'n Ekologiese benadering veronderstel dat daar slegs Goddelike harmonie kan bestaan wanneer die integriteit, stabiliteit en skoonheid van die gehele biotiese gemeenskap ter sprake gebring word (vgl Manenschijn 1988:54). Daarom sluit 'n ekologiese sendingbenadering ten nouste aan by die holistiese veronderstelling van die ekosistemiese interafhanklikheid van verskeie afsonderlike organismes en elemente. Elke element het sodoende 'n belang in die gesondheid en welstand van die geheel. Volgens Kritzinger (1991:12) is die mees radikale onderliggende basis van so 'n

⁹⁹ Die woord holisme is afkomstig van die Griekse woord *holos* wat ten beste vertaal kan word met geheel of omvattend.



benadering die sogenaamde "Gaia¹⁰⁰-hipotese¹⁰¹" wat die gehele biotiese sfeer as 'n lewende organisme sien (vgl Peeters 1993:114). Ten opsigte van die sending veronderstel 'n ekologiese benadering dat die sending nie met enkele los aspekte moet werk nie, maar dat sending vanuit 'n holistiese benadering moet opereer. Die veronderstelling van holisme waarin die geheel belangriker is as die kleiner eenhede moet dus in die sending vergestalt word (vgl Carrick 1991:36). In afdelings A en B van die studie het ons gesien dat die wêreldbeskouing wat die Verligting meegebring het 'n direkte invloed op teologiese denke sou hê. Dit sou daartoe lei dat die geheel dikwels buite rekening gelaat is. 'n Holistiese wêreldbeskouing waarbinne die somtotaal van die geheel groter is as die aparte eenhede behoort ook doelbewus deur te werk na ons sendingbeskouing. Daarom wil ek juis met 'n ekologiese sendingbenadering die kleiner deel verbind aan die groter geheel en die groter geheel aan die kleiner deel (vgl Siegwalt 1991:123). Hoewel Bosch dit in **Transforming Mission** reeds gedoen het, is ek van mening dat hy in dié verband nie ver genoeg gegaan het nie omdat hy in gebreke gebly het om die implikasies van sy benadering in die lig van die ekologiese krisis meer duidelik uit te spel. Ek is van mening dat hy met sy ontluikende ekumeniese paradigma nie die ekologiese komponent genoegsaam betrek het nie. Bosch het na my mening die noodsaaklikheid van sendingbetrokkenheid by geografiese, antropologiese, politieke, ekonomiese en sosiologiese probleemareas onderstreep maar in gebreke gebly om die implikasies uit te lig van wat in ag geneem behoort te word ten einde ekologiese behoeftes aan te spreek (vgl Thurber 1990:146).

KONTOER 2: 'N EKOLOGIESE SENDINGBENADERING IS GERIG OP DIE MENSLIKE EN NIEMENSLIKE KOMPONENT

As daar beweer word dat die sending holisties benader moet word is dit logies dat so 'n benadering veronderstel dat die temas van geregtigheid, vrede en bevryding wat so eie aan sekere sendingprogramme was, uitgebou moet word om die niemenslike komponent in te sluit (Birch 1988:191). Die mens se sendingroeping impliseer sodoende sorg vir God se aarde wat noodwendig ook die niemenslike komponent insluit.

KONTOER 3: 'N EKOLOGIESE SENDINGBENADERING IS 'N BYBELS VERANTWOORDBARE BENADERING

Die wêreld van die twintigste eeu is baie anders as die wêreld van die Bybel. Die wêreld van vandag het 'n heel ander uitkyk op sake as wat die mens binne die leefwêreld

¹⁰⁰ Die woord Gaia is 'n Griekse woord wat in Engels treffend vertaal word met "Mother Earth" (Russell 1994:94).

¹⁰¹ Vir meer inligting oor die Gaia-hipotese vergelyk Russell (1994:94-125) wat 'n uitvoerige bespreking wy aan die drievoudige betekenis en toepassing van hierdie hipotese.



van die Bybel gehad het. Sake wat in ons dag aktueel geraak het, was heeltemaal vreemd vir die mens van die Bybelse wêreld. Daarom kan daar nie verwag word dat die Bybel een-tot-een-antwoorde moet bied op alle eietydse probleme nie (Bosch 1991:181). Hoewel die historiese afstand tussen die twintigste eeu en die wêreld van die Bybel groot is, bateken dit egter nie dat die Bybel niks te se het vir die ekologiese krisis van ons tyd nie. Die uitdaging van ons dag is dus om vanuit die teologie nuut te dink en nuut te reageer op eietydse probleme (vgl Elsdon 1992:23; 29). Manenschijn (1988:93) stel dit soos volg:

"Maar ik pleitte er voor creatief met de bijbelse gegevens om te gaan, zoals goede theologie altijd heeft gedaan."

In aansluiting hierby wys McDonagh (1990:200) daarop dat 'n mens nie in die Bybel konkrete oplossings insake die ekologiese krisis sal vind nie. Wat 'n mens wel vind, is dat die Bybel meld dat God die skepping goed geskape het en dat Hy die mens aangestel het as rentmeester oor Sy skepping. 'n Omgewingsgerigte teologie soos dié waarvoor Manenschijn pleit moet teen twee uiterstes waak. Simkins noem hierdie twee uiterstes literalisme en anachronisme (1994:262). **Literalisme** ontken die metaforiese en mitiese karakter van Bybeltekste en die gevaar van so 'n benadering verwoord hy soos volg (ibid):

"It would strip the words of their symbolic referents, reducing them to expressions of mundane reality. Such a literal understanding of the biblical texts would prove to be irrelevant to modern environmental issues because it would presuppose a world that is at odds with the world of contemporary experience. Human sin as a rejection of the commands of God does not pollute the land. It does not bring drought on the land or cause the earth to withhold its produce. Similarly, human acts of faithfulness to God do not necessarily correspond to a productive and healthy environment."

Literalisme gaan dus van die veronderstelling uit dat die Bybel geen riglyne vir die mens in terme van die ekologiese krisis bied nie. Hierdie beskouing moet ten sterkste afgewys word. Daar is wel dele in die Bybel soos byvoorbeeld Levitikus 19:23-25 en Deuteronomium 22:6 en 7 asook dele wat handel oor die sabbatsjare van die land, waardeur dit duidelik blyk dat daar 'n direkte verband tussen die mens se roeping as verteenwoordiger van God en sy sorg vir die natuur bestaan. Die voorskrifte ten opsigte van natuurlike en ander bronne vorm die basis vir goeie landboukundige en ekologiese praktyke en dui onteenseglik op die feit dat die Israeliete bepaalde voorskrifte ten opsigte van hulle omgewing moes nakom. Wanneer 'n mens dit egter in gedagte hou dat hierdie voorskrifte binne die Pentateug val, wat deur baie teoloë beskou word as 'n stuk heilsgeskiedenis, dan is daar sekere ekologiese konsepte wat mens hieruit kan affei. Een daarvan is dat wette wat handel oor die mens se rentmeesterskap oor vrugbare land, te doen het met harmonie en vrede tussen God,



Sy skepping en dié mens. Wanneer die Ou Testament dus hieroor handel is dit duidelik dat 'n Israeliet se verhouding tot God holistiese implikasies gehad het (vgl Elsdon 1992:107-107).

Anachronisme daarteenoor, ontken weer die feit dat die wêreld van die twintigste eeu met sy idees en waardes asook sy probleme ingrypend verskil van dié van Antieke Israel. Hoewel hierdie benadering op die oog af baie meer aanloklik mag voorkom, ontken hierdie benadering dat die skrywers van die Bybel as gevolg van hul leefwêreld in baie opsigte heftemal anders as ons gedink het. Hierdie benadering ontken verder die historiese afstand tussen die Bybelskrywers en die Bybelleser van vandag (Simkins 1994:262-263). Die praktiese gevaar van so 'n benadering stel Simkins (:263) soos volg:

"Our understanding of the pollution of the land is not what the biblical writers meant by stating that human sins pollutes the land. Similarly, the environmentalists' warnings of the coming ecological catastrophes are not equivalent to the prophets' threats of a cosmic collapse. The biblical writers did not envision our environmental crisis, nor should we expect them to have addressed it."

Anachronisme gaan dus van die veronderstelling uit dat die Bybel as 'n wetenskaplike handboek vir die ekologie dien. Ook hierdie veronderstelling moet ten sterkste afgewys word. Waar daar in Deuteronomium 22:9 byvoorbeeld vermeld word dat God die Israeliete verbied om twee soorte gewasse op dieselfde grond te verbou moet hierdie gedeelte gelees word teen die agtergrond dat God die Skepper, onderhouer en heerser oor sy skepping is. Dit moet nie uit verband geruk word of tot 'n blote "omgewingshandleiding" gereduseer word nie (Lubbe 1994:60).

As gevolg van die probleme verbonde aan literalisme en anachronisme pleit Simkins (1994:263) vir 'n **derde benadering** wat hy 'n **Bybelse wêreldbeskouing** noem. So 'n benadering kan aan ons 'n simboliese persepsie van die wêreld bied. Vanuit so 'n persepsie benadruk die Bybel die interafhanklike verhouding tussen die mens en sy natuurlike omgewing. Die feit dat die mens in 'n interafhanklike verhouding tot die natuur staan beteken noodwendig dat die mens se sonde 'n invloed op die omgewing uitoefen. Die mens is vir sy voortbestaan van die omgewing afhanklik en die Godgegewe skeppingsdoel vir die omgewing kom juis na vore in die verhouding tot die mens. Die Bybel plaas hierdie interafhanklike verhouding tussen die mens en die natuur binne 'n morele raamwerk - wanneer die mens sondig affekteer dit die skepping (Paarlberg 1992:37). Simkins (1994:263-264) is van mening dat die ekologiese krisis vanuit 'n teosentriese perspektief gesien moet word. Hiervolgens verklaar hy die ekologiese krisis as simbool van die mens se onvermoë om God te gehoorsaam.

In sy boek, **Greenhouse Theology** slaag Elsdon (1992) na my mening goed daarin om in die lig van die ekologiese krisis 'n een-tot-een-Bybeluitleg te vermy. Hy neem egter



die heilsgedagte¹⁰², wat soos 'n goue draad van Genesis tot Openbaring deur die Bybel loop, en toon daartuit die teologiese implikasies van die ekologiese krisis vir ons dag. Met my benadering wil ek juis aansluit by die van Elsdon. Daarom sal ek doelbewus 'n literalistiese sowel as anachronistiese benadering vermy. In die woorde van Bosch stel ek met 'n ekologiese sendingbenadering die volgende voor (1991:181):

"We should, rather, with creative but responsible freedom, prolong the logic of the ministry of Jesus and the early church in an imaginative and creative way to our own time and context."

KONTOER 4: 'N EKOLOGIESE SENDINGBENADERING IS GERIG OP SUID- AFRIKA AS MIKROKONTEKS

In 'n artikel getiteld: **The proposal for a theology of reconstruction: a critical appraisal**, wys Maluleke (1994:248) in aansluiting by teoloë soos Petersen en Villa-Vicencio daarop dat 'n teologie van rekonstruksie noodwendig 'n kontekstuele teologie behoort te wees. Juis dit beoog ek met 'n ekologiese sendingbenadering. Met dié benadering wil ek juis 'n sendingbenadering in die vooruitsig stel wat gerig is op die huidige nood (konteks) van 'n postapartheid Suid-Afrika. Met so 'n benadering poog ek om die probleme van 'n Eerstewêreldteologie nader te bring aan 'n Derdewêreldteologie asook die omgekeerde, deurdat my benadering 'n kreatiewe rekonstruksie veronderstel. 'n Ekologiese sendingbenadering spreek dus die omvattende nood van Suid-Afrika as mikrowêreld aan.

KONTOER 5: 'N EKOLOGIESE SENDINGBENADERING IS OOK GERIG OP DIE WÊRELD AS MAKROKONTEKS

Juis as gevolg van die unieke verskeidenheid probleme wat Suid-Afrika in die gesig staar is dit waar dat daar na Suid-Afrika verwys word as 'n mikrokosmos van die wêreld (vgl Cock & Koch 1991:preface). Daarom gaan Van der Walt (1987:27) selfs so ver as om te beweer dat Suid-Afrika kan dien as 'n mikrolaboratorium vir die makrowêreld (vgl Banwell 1994:129). Omdat wêreldwye ekologiesekrisis-verskynsels in 'n besonder hoë intensiteit in Suid-Afrika aanwesig is spreek dit dus vanself dat 'n ekologiese sendingbenadering wat binne so 'n konteks ontwerp word 'n teologie is wat dien as teken van hoop vir die hele wêreld. 'n Ekologiese sendingbenadering is daarom gerig op die wêreld as makrokonteks en dien as 'n mikrolaboratorium vir 'n eietydse sendingbenadering.

¹⁰² Hoewel Elsdon nie die term "salvation" gebruik nie maar "goodness of creation" (vgl p33) sluit sy bedoeling met die term "goodness of creation" ten nouste aan by die heilshistoriese gedagte van Ou Testamentici soos Westermann en Von Rad. Hy gebruik dan ook juis Von Rad en Westermann se heilshistoriese gedagte ter verduideliking van "goodness of creation".



KONTOER 6: 'N EKOLOGIESE SENDINGBENADERING IS OP WEG NA 'N PRAKTIESGERIGTE SENDINGBENADERING

Met 'n ekologiese sendingbenadering wil ek praktiese riglyne neerlê van wat 'n missionêre gerigtheid teen die agtergrond van die ekologiese krisis in 'n postapartheid Suid-Afrika behels. Dit beteken egter nie dat ek deur die daarstelling van 'n ekologiese program 'n volledige praktiese uiteensetting vir die kerk wil stel nie. Ek beoog eerder om enkele riglyne neer te lê. Die praktiesgerigtheid van die benadering bestaan myns insiens daarin dat dit kritiese vrae aan veral die Teologie in Suid-Afrika wil vra. Konkrete en praktiese verandering sal juis na my mening slegs plaasvind indien die kerk en Teologie bereid is om verantwoordbare veranderinge na binne aan te bring (vgl 9.11). Uit die aard van die saak is dit onmoontlik om in hierdie studie ál die oplossings vir die kerk in 'n nuwe Suid-Afrika te bied. Hierdie studie maak slegs plek-plek voorstelle en suggesties. Ek is dit te wagte dat sommige persone van hierdie voorstelle sal afmaak as deel van 'n politieke bloudruk. My verweer in die verband is die volgende. Indien 'n ekologiese sendingbenadering bepaalde ooreenkomste of raakvlakke met die HOP-program van die regering het, wat ook geregtigheid as sentrale hoeksteen en uitgangspunt neem, dan is ek dankbaar vir die enkele koninkryksperspektiewe wat in die HOP-program ingebou is. 'n Ekologiese sendingbenadering se uitgangspunte impliseer egter veel meer as die HOP-program.¹⁰³

'n Ekologiese sendingbenadering soos wat ek dit vervolgens gaan aanstip moet nie gesien word as die laaste treë in die formulering van 'n ekologiesgerigte sendingbenadering nie. Dit moet eerder gesien word as 'n proses waarin ek saam met talle ander voor my op weg wil wees in die soeke na wat 'n missionêre eietydse teologie in 'n een-en-twintigste-eeuse krisiwereld sal behels. Hierdie studie vra vir 'n voortdurende proses van sortering, toetsing, herformulering en verwydering van vorige definisies en sienswyses. Hierdie studie is daarom 'n "op weg wees" en op sigself reeds deel van so 'n proses.

¹⁰³ Die vyf basiese uitgangspunte van die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram van die ANC vergeleke met 'n ekologiese sendingbenadering (in hakies aangedui) is die volgende (vgl ANC 1994:3):

- (1) 'n geïntegreerde program (wat trouens die ruggraat van JPIC is);
- (2) 'n program gerig op die mense ('n ekologiese sendingbenadering gaan verder en sluit ook die omgewing in en is daarom Bybels meer korrek);
- (3) 'n program om nasiebou te verseker ('n ekologiese sendingbenadering het versoening sonder 'n ideologiese kleding as komponent);
- (4) 'n program wat beoog om rekonstruksie en ontwikkeling te versoen ('n ekologiese sendingbenadering pleit vir volhoubare ontwikkeling);
- (5) 'n program van demokrasie ('n ekologiese sendingbenadering gaan verder en pleit vir biokrasie. Dit pleit vir die regte van die natuur en van toekomstige geslagte).



9.2 'N EKOLOGIESE SENDINGBENADERING AS "N BEWEGENDE WIEL"

'N BEWEGENDE WIEL OP KOERS AS METAFOOR VIR 'N EKOLOGIESE SENDINGBENADERING

In 'n poging om 'n multidimensionele sendingbenadering te omskrywe wys Bosch op die ongemak om dit wat ondefinieerbaar is te beskryf. Volgens hom is daar slegs een manier om hierdie ongemak te oorbrug (1991:512):

"So as to give some idea of the nature and quality of such multi-dimensional mission, we might appeal to images, metaphors, events and pictures rather than to logic or analysis."

In die lig hiervan gaan ek deur middel van beeldspraak 'n ekologiese sendingbenadering aan die hand van 'n metafoor verduidelik. Ten einde die teoretiese onderbou van 'n ekologiese sendingbenadering te verduidelik wil ek 'n ekologiese sendingbenadering beskryf as 'n bewegende wiel wat op koers is.

Die rede waarom ek 'n bewegende wiel gebruik is omdat dit sekere komponente moet bevat ten einde dit 'n bewegende wiel te maak. Indien een komponent ontbreek is dit nie meer 'n bewegende wiel nie. Met 'n ekologiese sendingbenadering is dit dieselfde want indien een van sy komponente ontbreek is daar nie meer werklik sprake van 'n sendingbenadering wat op die ekologiese nood van die wêreld gerig is nie. Op hierdie punt wil ek eers verduidelik wat ek as die belangrikste komponente van 'n bewegende wiel verstaan ten einde my beeldspraak verstaanbaar en toepaslik te maak.

"N BEWEGENDE WIEL"

Vir 'n wiel om 'n bewegende wiel te wees is die volgende nodig: energie wat dit aandryf, 'n as waarom dit draai en speke wat die rigting of koers van die wiel bepaal. Indien enige van hierdie komponente ontbreek is daar nie meer sprake van 'n bewegende wiel nie. Al die komponente is ewe belangrik. Tog is dit ook so dat sekere komponente, hoewel nie belangriker as ander nie, tog meer prominent vertoon ten opsigte van funksie. So byvoorbeeld is die as die kern waar rondom alles draai. 'n Mens sou ook terselfdertyd kon aanvoer dat die as geen waarde het sonder die speke nie, en daardeur wys dat hoewel die as 'n meer prominente funksie het, dit nie belangriker is as die speke nie. 'n Mens sou ook 'n volledige wiel kon hê maar wat sonder aktiverende energie waardeloos is.



"TOEPASSING"

Indien 'n ekologiese sendingbenadering deur 'n bewegende wiel voorgestel word kan die volgende toepassings gemaak word. Die wiel in sy totaliteit met sy velling stel die koninkryk van God voor. Die as of die kern van die wiel, is geregtigheid teenoor die kosmos... "Our ecological crisis should be seen as a justice issue" (Abraham 1994:67).

Die speke van die wiel sluit die volgende aspekte in: evangelisasie, bevryding, versoening, inkulturasie, getuigenis, eenheid, hoop en nog vele meer. Die energie wat hierdie wiel in beweging moet bring is die *Missio Dei* maar ook Sending as Teologie. Daar kan met reg gevra word waarom ek 'n aparte en prominente posisie aan 'n ekologiese sendingbenadering as Eko-Teologie toeken en waarom ek dit saam met die *Missio Dei* as die energie wat die wiel in beweging bring bestempel. Ek verduidelik graag.

In die jongste aantal jare is daar reeds heelwat navorsing oor die onderwerp van die teologie en die ekologie onderneem. Dit blyk uit die magdom artikels, referate en boeke wat oor die onderwerp verskyn het. Ek het reeds in hoofstuk een daarna verwys dat Conradie in die teologiese vaktydskrif, *Scriptura*, in 1993 in die nommer 47-uitgawe 'n volledige geïndekseerde bibliografiese samestelling van publikasies oor die onderwerp gee. In daardie stadium het dit 'n volle 52 bladsye beslaan! Twee jaar later sou die formaat van hierdie samestelling in 'n opvolgbibliografie verdubbel. Hoewel 'n mens groot waardering het vir die feit dat dit die een saak is waarmee teoloë baie prominent besig is, is Manenschijn (1988:128) reg wanneer hy die volgende bewering maak:

"Afgezien van enkele uitzonderingen weten de huidige theologen over de ecologische crisis weinig te zeggen dat inhoudelijk van belang is. Wat de verwerking van ecologische inzichten betreft, bevindt de theologie zich nog een pril begin."

Ten spyte van die feit dat daar so baie oor hierdie onderwerp geskryf en gedebatteer word, veral binne JPIC, vind ek dit vreemd dat bitter min van hierdie insigte wat tot dusver uit navorsing na vore gekom het, onder kerklidmate, predikante en teologiese studente inslag vind. Volgens my is daar dus binne die Teologie 'n groot probleem wat aangespreek moet word. Hierby staan ek in 9.11 stil.

Om terug te keer na my metafoor, 'n Mens kan dus 'n wiel met al die komponente hê maar indien daar nie 'n aktiverende krag is nie, het die wiel nog geensins 'n funksie nie. Toegepas op sending en ekologie sou 'n mens kon sê dat 'n mens 'n wonderlike model van ekologiese geregtigheid en versoening kan hê maar indien dit nie teologies geaktiveer en ontsluit word nie, dit waardeloos is. Na my mening het die rede waarom die kerk tot dusver so traag op die ekologiese krisis gereageer het juis hiermee te make.



In die res van hierdie hoofstuk sou ek onmoontlik by elke faset van 'n ekologiese sendingbenadering kon stilstaan. Indien 'n mens reg aan die onderwerp wil laat geskied sal 'n mens een van twee keuses moet maak. 'n Mens sou óf al die verskillende fasette redelik in detail moet bespreek óf 'n mens sou sekere seleksies kon maak. Die probleem met eersgenoemde voorstel is dat die studie dan heeltemal te-lank raak. Na my mening sou opvolgstudies en -artikels meer reg aan die onderwerp kan laat geskied, waarin daar op die fynere detail van elke aspek gefokus kan word. As gevolg hiervan kies ek die tweede opsie. Selfs met die maak van sekere seleksies is dit steeds onmoontlik om alles oor dié aspekte te bespreek. In my seleksie sal ek die volgende aspekte van 'n ekologiese sendingbenadering bespreek:

■ **Die wiel self**

- (1) 'n Ekologiese sendingbenadering as sending gerig op die koninkryk van God

■ **Die as**

- (2) 'n Ekologiese sendingbenadering as geregtigheid teenoor die kosmos

■ **Speke**

- (3) 'n Ekologiese sendingbenadering as omvattende evangelisasie
(4) 'n Ekologiese sendingbenadering as ekologiese bevryding
(5) 'n Ekologiese sendingbenadering as omvattende versoening
(6) 'n Ekologiese sendingbenadering as inkulturasie
(7) 'n Ekologiese sendingbenadering as gesamentlike getuienis
(8) 'n Ekologiese sendingbenadering as 'n bediening deur die hele kerk
(10)¹⁰⁴ 'n Ekologiese sendingbenadering as hoop in aksie

■ **Aktiverende energie**

- (9) 'n Ekologiese sendingbenadering as Eko-Teologie

9.3 'N EKOLOGIESE SENDINGBENADERING AS SENDING GERIG OP DIE KONINKRYK VAN GOD

"[What is now needed] is a kingdom mission theology that would dramatically change the way we do mission, and the way we carry out missiological education."

Charles van Engen (in Roberts 1994:146)

Die rede waarom ek die koninkryk van God eerste behandel is omdat die bespreking oor geregtigheid, evangelisasie, bevryding, versoening, inkulturasie, gesamentlike getuienis en hoop bepaal sal word deur my verstaan van sending-as gerig op die koninkryk van God.

¹⁰⁴ Hoewel 'n ekologiese sendingbenadering as hoop in aksie eintlik nommer nege behoort te wees en 'n ekologiese sendingbenadering as Eko-Teologie nommer tien, het ek dié twee omgeruil omdat ek my studie op 'n meer positiewe noot met die aspek van hoop wil afsluit.



Die Bybel bied geen sistematiese bespreking van die koninkryk van God nie. In wisselende beelde en gelykenisse word die een aspek na die ander oor en weer gebruik sonder om een aspek in al sy rykdom uit te put. Soms word die koninkryk van God bespreek sonder dat die woord ooit gebruik word. Tog skets die Bybel 'n helder beeld van die koninkryk. Heyns (1977:5-6) onderskei vyf basiese elemente van die koninkryk, naamlik: (1) God is koning, (2) as koning heers Hy daar, (3) God heers oor sy onderdane, (4) sy onderdane gehoorsaam Hom (vgl Redekop & Stahl 1993:283), en (5) God se gehoorsame onderdane word geseën. Na aanleiding van hierdie vyf elemente omskrywe Heyns dan die koninkryk as volg (1977:6):

"Die koninkryk is Gods heerskappy oor en die gehoorsame aanvaarding daarvan deur sy onderdane: stof, plant, dier, mens en engele. Nog korter: die koninkryk is die triomf van Gods wil."

DIE KERK SE ROEPING

Die omvangrykheid van die ekologiese krisis laat by 'n mens nie net 'n gevoel van pessimisme ontstaan nie maar ook 'n toestand van algehele bewegingloosheid. Dit is juis binne so 'n situasie dat die kerk die unieke geleentheid het om 'n wêreld wat in wanhoop verkeer sy kop te laat optel en te wys op die heerskappy van God se koninkryk. God se koninkrykshoerskappy val buite die origerealiseerde optimisme van die Verligting en buite die pessimisme van ons tyd. As eskatologiese realiteit bied die koninkryk van God aan die mens en wêreld reeds tekens en strale van die hoop van God se ryk wat eendag kom maar nou reeds aan die deurbreek is (Bosch 1991:361-362; vgl Du Preez 1992:8). Omdat die kerk altyd op die koninkryk van God gerig is kan 'n mens die kerk se missionêre roeping as volg verwoord (Botha et al 1994:21):

"Mission is the 'cutting edge' of the Christian movement - that activist streak in the church's life that refuses to accept the world as it is and keeps on trying to change it, prodding it on towards God's final reign of justice and peace and the integrity of creation."

Die kerk kan slegs teken van God se heil vir die wêreld wees indien dit aan die wêreld iets vertoon van God se immanente heerskappy - 'n koninkryk van versoening, vrede en geregtigheid met ekologiese implikasies (vgl Granberg-Michaelson 1992:57).

Die sentrale boodskap van Jesus Christus se prediking en onderrig het juis hierby aangesluit. Füllenbach (1993:121) wys daarop dat Jesus se boodskap 'n heilsboodskap is, gerig op die koninkryk van God wat wêreldtransformerend ten opsigte van alle fasette van die lewe, waar sonde versteuring veroorsaak het, is. Die kerk kan slegs hierdie roeping uitteef wanneer dit 'n vertoning van die andersheid van God se ryk word waar vrede, geregtigheid en die integriteit van die skepping gehandhaaf word.



In ons tyd, meer as ooit tevore behoort die kerk in sy missionêre roeping alle aspekte van die koninkryk van God in ag te neem. 'n Kerk wat slegs sekere aspekte van die koninkryk van God ten koste van ander verkondig is besig met 'n vorm van skyngodsdiens. Costas verwoord 'n sienswyse waarin daar geen appèl gerig word tot geregtigheid, vrede en gelykheid nie as die verkondiging van 'n (1982:80):

"... conscience-soothing Jesus, with an unscandalous cross, an otherworldly kingdom, a private, inwardly limited spirit, a pocket God, a spiritualized Bible, and an escapist church. Its goal is a happy, comfortable, and successful life, obtainable through the forgiveness of an abstract sinfulness by faith in an unhistorical Christ."

Nicholas Berdyaev (in Bosch 1991:437) sluit aan by hierdie gedagte wanneer hy in sy bekende uitspraak: "while the problem of my own bread is a material issue, the problem of my neighbor's bread is a spiritual issue", die wese van die kerk se koninkryksroeping onderstreep. As gevolg van al die dilemmas waarin die sending homself oor die afgelope eeue bevind het, pleit Crafford (1989:14) daarom vir 'n koninkryksentriese benadering binne die Sendingwetenskap om sodoende die kerk teologies te begelei na sy omvattende roeping in die wêreld. Met die koninkryk van God as primêre uitgangspunt in die sending moet die sending doelbewus alle dualismes oorkom. Binne die ruimte van die koninkryk is teks en konteks; woord en daad; bekering en sosiale vernuwing; teorie en praktyk; siel en liggaam; regverdiging en bevryding; sondaars en armes; evangelisasie en humanisering; bekering en die verbetering van swak leefstoelstande; die vertikale dimensie en die horisontale dimensie van geloof, nie onversoenbare teenstellinge nie maar almal deel van verskillende fasette van God se heil wat op die koms van Sy koninkryk gerig is (vgl Moltmann 1975:4). Tydens die Uppsala-byeenkoms van die Wêreldraad van Kerke hef Visser 't Hoëff juis die gevaar wanneer dualismes nie oorkom word nie uitgewys (WCC 1968:318):

"A Christianity which has lost its vertical dimension has lost its salt and is not only insipid in itself, but useless to the world. But a Christianity which would use the vertical preoccupation as a means to escape from its responsibility for and in the common life of man is a denial of the incarnation."

DIE KERK SE EKOLOGIESE ROEPING

Wat beteken dit alles in terme van die kerk se missionêre roeping in die lig van die ekologiese krisis? Waar die kerk in sy missionêre roeping in die verlede met reeds vermelde dualismes gewerk het, en hierdie verskynsel in ons tyd stelselmatig oorbrug word, bestaan die gevaar tans dat die kerk nog met die dualisme van mens teenoor natuur werk. Hiervolgens staan die mens as subjek teenoor die natuur as objek. Solank



as wat hierdie dualisme voortleef bly die volledige realisering van God se koninkrykshoed onervuld omdat so 'n beskouing lynreg teenoor die Bybelse beskouing van die koninkryk staan (Verkuyl in Robinson 1991:151):

"The kingdom to which the Bible testifies involves a proclamation and a realization of a total salvation, one which covers the whole range of human needs and destroys every pocket of evil and grief affecting mankind. Kingdom in the New Testament has a breadth and scope which is unsurpassed: it embraces heaven as well as earth, world history as well as the whole cosmos."

Die boodskap van die koninkryk impliseer om dié rede niks minder nie as die herstel van alle verhoudinge: die tussen God en mens, die tussen die mens en sy medemens maar ook die van die mens met die natuur (vgl Redekop & Stahl 1993:282). Die implikasies hiervan vir die sending stel Robinson (1991:151) soos volg:

"It is from the kingdom message that the church's mission agenda is to receive its focus and orientation. Mission seen from this perspective calls the church to take careful note of all powers and forces causing and spreading suffering in human society and nature. Mission is the new community in the service of God's salvific purpose for all of creation."

JPIC AS SENTRALE MOTIEF VAN DIE KONINKRYK VAN GOD

Sending binne die raamwerk van JPIC verwys na 'n integrerende proses waarin vrede, geregtigheid en die heelmaking van die skepping nie net alleen heenwys na die koninkryk van God nie maar 'n proses is waarin die koninkryk sigbaar vergestalt word. Vrede, geregtigheid en die heelmaking van die skepping dui op 'n regte verhouding met God, die lewe, onderlinge verhoudinge tussen mense en gemeenskappe en 'n harmoniese verhouding met die hele skepping, wat juis eie aan die koninkryk is. Ons sal altyd moet onthou dat dit nie die mens of die natuur is wat die sentrum van God se skepping is nie maar God self (Kritzinger 1991a:17). Die hele skepping is God se huis en daarom is dit so dat waar God as die sentrum van die skepping erken word dinge vanself in plek behoort te val. Daarom moet die sending in sy gerigtheid op God se skepping altyd tydig en ontydig verkondig. Die kerk sal egter verder as verkondiging moet gaan en dit ook in sy voorbeeld van kerk gerig op die koninkryk van God moet uitleef. Du Preez (1992:9-10) stel dit treffend:

"In other words, this very truth should become 'flesh and blood' by way of Christians' example in their own environment."

Al lyk hierdie uitdaging vir die kerk na 'n onmoontlikheid, moet daar altyd onthou word dat Christus die kleinste poging of aksie tot groot seën kan maak. Na aanleiding van die gelykenis in Markus 4:26-29 van die saad wat vanself groei, skrywe Müller treffend (in Burger et al 1987:111):



"Die koms en die aanbod van die koninkryk van God vind nie baie aanklank in die wêreld nie; teenmagte ontplooi hulle, leë kerkbanke is daarvan getuie; dit lyk asof die evangelie sy krag verloor het; die werk is frustrerend in die saailand... maar hierdie gelykenis sê: Góð is in beheer, Góð waarborg die oes!"

9.4 'N EKOLOGIESE SENDINGBENADERING AS GERECHTIGHEID TEENOR DIE KOSMOS

"We shall not be able to achieve social justice without justice for the natural environment; we shall not be able to achieve justice for nature without social justice."

Moltmann (in Abraham 1994:68)

9.4.1 GERECHTIGHEID AS DIE SLEUTEL TOT SENDING

In sy boek, **The Social Justice Agenda: justice, ecology, power and the Church** maak Donald Dorr in sy openingsin die volgende stelling:

"THERE ARE a number of major issues which, taken together, make up what may be called 'The Social Justice Agenda'."

Om hierdie rede is ek van mening dat die "as" waarom alles in 'n ekologiese sendingbenadering draai, die saak van gerechtigheid is. Vroeër het ek reeds daarop gewys dat een van die vele redes waarom baie anderskleuriges tot dusver omgewingsbewaring met suspisie bejeën het, te doen het met die feit dat gerechtigheid geheel en al ontbreek het binne die tradisionele Eerstewêreld-omgewingsbewaringsmodel. Daarom is dit noodsaaklik dat 'n ekologiese sendingbenadering in 'n postapartheid Suid-Afrika gerechtigheid sal meebring wat omvattend van aard is. Alleen wanneer gerechtigheid teenoor die kosmos ingesluit word sal daar aanspraak gemaak kan word op omvattende gerechtigheid. Evangelisasie, versoening, bevryding, getuieis, inkulturasie, eenheid en hoop is missionêr onhaalbaar in 'n nuwe Suid-Afrika solank as wat gerechtigheid teenoor die kosmos ontbreek.

DIE TRADISIONELE SPANNING MOET OORBRUG WORD

Sedert die vroeë kerk tot in ons eeu moes die kerk al dikwels worstel met die spanning wat daar tussen evangelisasie en sosiale betrokkenheid in die soeke na gerechtigheid bestaan. In ons tyd is daar al meer onder beide Katolieke en Protestante 'n beseef dat daar geen evangelisasie sonder sosiale betrokkenheid bestaan nie en geen sosiale betrokkenheid sonder evangelisasie nie (Bosch 1991:400-408). Parédes (1987:70) beweer dat 'n kerklik neutrale houding teenoor sosiale strukture 'n totale misrekening is van die vermoë wat sonde en onheil binne bepaalde strukture het. Vir die kerk om dus oor sosiale onreg te swyg, is om die geestelike en die materiële dimensies los van



mekaar te maak en sodoende sy koninkryksvisie te verskraal. Die tradisionele spanning wat daar tussen sosiale betrokkenheid en evangelisasie bestaan is in ons tyd egter in ander missionêre fasette van die kerk aanwesig. Simkins (1994:265) skrywe byvoorbeeld dat oplossings vir die ekologiese krisis onhaalbaar is, solank as wat sosiale geregtigheid vir die kerk 'n lae prioriteit bly. Daarom is sosiale geregtigheid vir hom 'n voorveronderstelling vir ekologiese bevryding. Om sending dus te verskraal tot slegs evangelisasie of bevryding of wat ook al sonder geregtigheid is onbybels. Geregtigheid is die sleutel tot alle ander aspekte van sending in 'n postapartheid Suid-Afrika.

9.4.2 VAN GEREGTIGHEID TEENOR DIE MENS NA GEREGTIGHEID TEENOR DIE KOSMOS

"ECO-JUSTICE"

Hoewel die tema van geregtigheid reeds vir dekades sentraal op sekere kerke se agenda staan, het hierdie geregtigheid hoofsaaklik met geregtigheid teenoor die mens te doen gehad (vgl Cock 1992:177). Die tipe geregtigheid wat in die lig van die ekologiese krisis nodig is, is 'n geregtigheid wat veel meer omvattend is as sake soos die herverdeling van rykdomme omdat dit slegs 'n vorm van geregtigheid is wat die belange van die mens dien. Falcke (1987:17) merk tereg op dat God nie net aan die kant van die armes en die onderdrukte is nie, maar ook aan die kant van daardie skepsels en die natuur wie se integriteit bedreig word. Omvattende geregtigheid behoort daarom ook die belange van die niemenselike komponent te bevorder (Wilkinson 1981:246) 'n Werksdokument van die Wêreldraad van Kerke stel dit soos volg (WCC 1990:23):

"Our concept of justice must shift away from one which protects possessions towards one that provides healing of relationships between human beings, between cultures, and between humanity and all of creation."

Berry en Clarke (1991:42) gaan daarom selfs sover as om te beweer dat die politiek verskuif moet word van demokrasie na wat hulle biokrasie noem. Volgens hulle is demokrasie net gegrond op die regte van mense terwyl die regte van die natuur uitgesluit word. Oorlewing in die lig van die ekologiese krisis beteken dat demokrasie deur biokrasie vervang moet word om sodoende die reg van die natuur in te sluit. Die verruiming van geregtigheid wat ook die niemenselike komponent insluit staan bekend as "eco-justice". Cobb verduidelik dié begrip soos volg (in Oelschlaeger 1994:19; vgl Gibson 1985:23):

"The term ecojustice expresses the determination to hold together the concern for justice as a norm for human relations and the awareness that the human species is part of a larger natural system whose needs must be respected."



Olivier (1991:29) maak 'n waardevolle onderskeid tussen wat hy noem 'regional and global eco-justice'. Eersgenoemde handel oor geregtigheid van die mens teenoor sy medemens en laasgenoemde met geregtigheid van die mens teenoor die omgewing. Beide kante moet in ewewig gehou word ten einde "eco-justice" te verseker. 'n Ontsporing van geregtigheid kom byvoorbeeld na vore wanneer die mens die omgewing nie verantwoordelik bestuur nie. Ongeregtigheid teenoor die omgewing ('global') hou op dié manier ongeregtigheid vir toekomstige geslagte ('regional') in (vgl Wilkinson 1981:74; Innes 1987:8). In afdelings A en B het ons ook iets van die omgekeerdheid hiervan gesien, naamlik dat ongeregtigheid teenoor die mens ('regional') ook ongeregtigheid teenoor die omgewing ('global') impliseer. Grim (1993:103) wys daarop dat die Noord-Amerikaanse inboorlinge dié beginsel baie goed verstaan het omdat hulle, voordat hulle ontwortel is uit 'n tradisionele leefwyse tot 'n Westerse leefwyse, altyd in enige besluite nagedink het oor wat die implikasies van daardie besluite tot in die sewende geslag sou wees. Omvattende geregtigheid neem dus nie op selfsugtige wyse slegs die belange van die mens binné hierdie geslag in ag nie, maar ook die belange van die omgewing om sodoende die toekomstige welsyn van die mens en die natuur te verseker (vgl Siegwalt 1991:121). In 'n postapartheid Suid-Afrika bestaan die gevaar dat daar in 'n behepthed met geregtigheid vir die sogenaamde "lost generation" nie genoegsaam rekening gehou sal word met geregtigheid teenoor die omgewing nie. In dié verband waarsku Moltmann (in Abraham 1994:68):

"We shall not be able to achieve social justice without justice for the natural environment; we shall not be able to achieve justice for nature without social justice."

Die tweede deel van die aanhaling van Moltmann is ewe belangrik. Daarom behoort 'n mens sterk afwysend teenoor Berry en Clarke se voorstel te staan aangesien 'n biosentriese benadering die belange van die natuur bo die belange van die mens stel.

9.4.3 RIGLYNE VIR GEREJTIGHEID TEENOR DIE KOSMOS IN 'N POSTAPARTHEID SUID-AFRIKA

Wat is die implikasies van "eco-justice" in terme van die kerk se missionêre roeping in 'n postapartheid Suid-Afrika dan?

Die stryd wat die kerk veral gedurende die tagtigerjare teen apartheid gevoer het moet ook uitgebrei word na 'n stryd teen alle vorme van onreg teenoor die omgewing (Cock 1992:182). Ware restitusie waaroor daar in ons tyd indringend besin word behoort omvattend van aard te wees. Albie Sachs verduidelik dit soos volg (in Cock 1991:17):



"Just as apartheid penetrates through to every aspect of South African life, so must the struggle against apartheid be all pervasive; it is first and foremost a battle for political rights, but it is also about the quality of life in a new South Africa: It is not just playing with metaphors to say that we are fighting to free the land, the sky, the waters as well as the people. Apartheid not only degrades the inhabitants of our country, it degrades the earth, the air, and the streams. When we say Mayibuye iAfrika, come back Africa, we are calling for the return of legal title, but also for the restoration of the land, the forest and the atmosphere: the greening of our country is basic to its healing... There is a lot of healing to be done in South Africa."

So gesien is die stryd teen apartheid 'n gemeenskaplike stryd om geregtigheid vir die mens en die omgewing - 'n ekologiese stryd. Ramphele (1991:201) wys daarop dat die stryd teen die ekologiese krisis daarom 'n verlore stryd sal wees indien dit nie ook terselfdertyd 'n stryd teen armoede en onreg is nie. Die afskaffing van apartheidswette alleen sal nie ekologiese ewewig verseker nie want baie van die gevolge van apartheid het sulke diep ekologiese littekens op die land en sy mense gelaat dat daadwerklike restituisie nodig is om ewewig te verseker (vgl Wilson & Ramphele 1989:310). Daarom is Roberfs korrek wanneer hy insake die kerk se missionêre roeping in die lig van die ekologiese krisis opmerk (1994:136):

"Unless we address the systematic causes of injustice, no amount of science and technology, public policy changes and environmental stewardship will restore God's creation to the sustainable state God intended."

'n Ekologiese sendingbenadering as geregtigheid teenoor die kosmos is daardie poging waarin die kerk missionêr toesien dat geregtigheid tegelykertyd teenoor die mens en die omgewing geskied (vgl Du Preez 1992:1; Robinson 1993). Slegs binne so 'n benadering word die dualiteit tussen die mens as subjek teenoor die natuur as objek oorkom wanneer daar gesoek word na omvattende oplossings insake geregtigheid. Geregtigheid teenoor die kosmos is in ons tyd meer noodsaaklik as ooit tevore omdat daar nooit vrede (sjaloom) sonder geregtigheid sal bestaan nie, en geen geregtigheid sonder vrede nie. Hierdie vrede sluit nie slegs die vrede tussen mense in nie maar ook die vrede tussen die mens en die natuur. Daar sal gevolglik geen vrede tussen mense wees sonder 'n vrede tussen die mens en die natuur nie en ook geen vrede met die natuur sonder vrede tussen mense nie (Oosthuizen 1991:25; vgl Olivier 1991:29).

Alhoewel geen strukture as gevolg van die sonde ooit op aarde perfek sal wees nie, beteken dit egter nie dat die kerk nie na 'n meer geregverdigde samelewing moet streef nie. Wilkinson (1993:74) wys daarop dat die kerk nie sy koers as gevolg van die omvangrykheid van die ekologiese krisis moet verloor nie. Die kerk moet bereid wees



om enige verandering wat geregtigheid teenoor die kosmos bevorder, aan te help omdat enige struktuur wat geïmplementeer word wat meer geregtigheid as voorheen inhou, 'n stap voorwaarts is.

Ek doen graag die volgende voorstelle aan die hand wat na my mening op die agenda van die kerk se missionêre roeping insake omvattende geregtigheid in 'n postapartheid Suid-Afrika behoort te kom.

ALGEMEEN

- Die kerk moet sy tradisie van protes wat so eie aan hom was in die apartheidsjare voortsit. Hierdie protes moet alle kerke en denominasies betrek en gerig wees teen enige vorm van onreg teenoor die omgewing soos byvoorbeeld die myn van duine, lugbesoedeling, die skending van kusgebiede, ekonomiese uitbuiting en nog meer.
- Die kerk moet toesien dat die regte van daardie groepe soos die Boesmans wat verkies om 'n afgesonderde simbiotiese lewenswyse te handhaaf, erken word. Die kerk moet verseker dat sulke groepe se reg op grond verseker word.
- Die kerk moet indringend aandag skenk aan onderrig waarin geregtigheid teenoor die kosmos aan die orde gestel word. Daarom moet die kerk ingelig bly ten opsigte van alle vorme van onreg op sosiale, ekonomiese, politieke, omgewings- en maatskaplike gebied.

DIE HERVERDELING VAN GROND

Uit die vorige afdeling het dit duidelik geblyk dat grondonteiening onreg teenoor die mens en die aarde tot gevolg sou hê. Gelyke toegang tot grond waardeur almal in die voorregte van die land kan deel is daarom 'n basiese voorveronderstelling vir geregtigheid. Geregtigheid teenoor die kosmos sal daarom slegs verseker kan word indien daar doelbewuste pogings aangewend word om ongelykheid op sosiale, ekonomiese en politieke gebied teen te werk (Yeld 1993:28).

Binne die nuwe politieke bedeling in Suid-Afrika word daar tans indringend aan die herverdeling van grond aandag geskenk. Die kerk kan nie maar net agteroor sit en aanvaar dat die nuwe regering volkome reg sal laat geskied ten opsigte van die onreg wat in die verlede gedoen is nie. Die kerk moet voortdurend die proses monitor (Winkler 1992:5). Om maar net te aanvaar dat die land aan 'n klein bevoorregte groepie behoort en dat hierdie groep al die voordele daaruit kan trek is onaanvaarbaar. Indien die kerk werklik glo dat die land en sy volheid aan die Here behoort, en dat dit Sy doel is dat almal daaruit moet voordeel trek, sal die kerk in ons tyd meer moet maak van 'n teologie van grond of land. Daar sal ook verder meer kennis oor politieke, sosiale en ekonomiese aangeleenthede opgedoen moet word.



Enige aandag aan die ekologiese krisis in Suid-Afrika, sonder inagneming van die herverdeling van grond, sal geen langtermyn- kosmologiese geregtigheid verseker nie (vgl Oosthuizen 1991:29). Die herroeping van die Grond Wette van 1913 en 1936 in die vroeë negentigerjare kan nie die enigste stap wees om geregtigheid te verseker nie. Privaat eienaarskap lei daartoe dat grond steeds 'n 'whites only'-aangeleentheid bly aangesien anderskleuriges as gevolg van diskriminasie geen ekonomiese mag soos blankes het, om grond te bekom nie (Mosoma 1991b:15;25). Die probleem wat die huidige stelsel van privaat eienaarskap op grond in 'n pastapartheid Suid-Afrika lewer, stel Mosoma (1991b:15) soos volg:

"To introduce the idea of private ownership of land based on market forces when these forces were not responsible, in the first place, for white land ownership is preposterous and untenable to say the least. The expropriation of the black land and forced removals of the African communities from their traditional areas were not necessitated by an economic principle, but by an ideology of separation."

Tensy regverdigde meganismes nie geskep en gemonitor word, om te verseker dat anderskleuriges gelyke toegang tot grond gaan hê nie, sal die siklus van armoede nooit gebreek word nie. Daarom sou 'n mens in aansluiting by Mosoma (1991b:26) kan beweer: "without land [ecological] freedom is incomplete". Anderson en Dawsey (1992:95) wys daarop dat Japan se ekonomiese sukses in die naoorlogse jare direk te make gehad het met die feit dat grondhervorming daarop gerig was om meer mense in die gemeenskap die geleentheid te bied om voordeel uit die ekonomie te kon geniet. Die doel was nie om weg te doen met 'n bevoorregte klas nie maar om ander die geleentheid te bied om ook in die voorregte van die bevoorregte klas te deel.

Ten opsigte van die herverdeling van grond het die kerk ook die roeping om profeties krities na sy eie gebruik van grond te kyk. Die kerk kan begin deur toe te sien dat daar teenoor diegene wat van kerkgrond verwyder was ten tye van die oprigting van sendingstasies, regsal geskied. Tensy dit gebeur is daar bitter min hoop dat bestaande sendingstasies in die plattelandse gebiede van die land betrokke sal kan raak by enige ontwikkelings- en bewaringsprogramme in die toekoms (Japha et al 1993:51). Reeds in 1984 het die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke en die South African Bishops' Conference 'n gesamentlike verslag gepubliseer onder die tema: **Relocations: The 'Churches' Report on Forced Removals**. Reeds hierin het kerke die volgende verklaring gemaak (in Hasselhorn 1987:3):

"In addressing this report to ourselves, we must acknowledge and confess our own failure to till the land and care adequately for the people in the past."

As gevolg van onreg waarby die kerk in die verlede betrokke was, het kerke die volgende verklaring gemaak:



"We consequently commit ourselves to restoring land owned by our churches to its original fruitfulness and to make it available for the settlement of people who have been dispossessed."

Juis hierdie aanbeveling is een van die hoofopmerke van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke se Justice and Social Ministries Department (Kistner in Hasselhorn 1987:3). Artikel 5.1 van die verklaring van die Rustenburg Kerkeberaad onderstreep die gedagte wanneer daar beweer word dat belydenis en vergifnis sonder restitusie onvoldoende is (Botha et al 1994:32). Daarom behoort die kerk dringend toe te sien dat reg sal geskied teenoor diegene wat slagoffers was in die proses waarin die kerk grond bekom het (Botha et al 1994:32). So 'n proses sal vir die kerk ongetwyfeld pynlik maar 'n onafwendbaar wees.

VERDERE GERECHTIGHEID OP EKONOMIESE GEBIED

Die taak van die kerk in Suid-Afrika insake gerechtigheid lê verseker buite die mentaliteit van verpleër wees. Die kerk het ook 'n roeping en verantwoordelikheid om toe te sien dat daar voorkomend gewerk word ten einde ekonomiese onreg teen te werk (vgl Sine 1987:14). Uit die vorige afdelings was dit duidelik dat beide ontwikkeling en onderontwikkeling tot die ekologiese krisis gelei het. Daarom is 'n nuwe vorm van ontwikkeling - volhoubare ontwikkeling in 'n postapartheid Suid-Afrika - dringend noodsaaklik. Ten einde volhoubare ontwikkeling moontlik te maak het die kerk na my mening die volgende rol te vervul:

(a) Die kerk moet toesien dat die beleid van 'n nuwe regering te alle tye gerugsteun word deur gerechtigheid waarin daar wegbeweeg word van 'n ekonomie wat deur die sentrum beheer word na 'n gemengde ekonomie. So 'n ekonomie moet kwalitatief in plaas van kwantitatief wees, deurdat daar wegbeweeg sal word van 'n luuksgerigte ekonomie na 'n behoeftegerigte ekonomie (Nürnberg 1994:136; vgl WCC 1990:43).

(b) Die kerk moet toesien dat die ekonomie gelyke onderwys- en opvoedingsgeleenthede aan almal bied. Daarom behoort die kerk sy steun toe te sê aan nuwe meganismes wat daarop gebaseer is om die ekonomiese speelveld gelyk te maak vir almal.

Anderson en Dawsey (1992:95) beweer dat die sukses van lande soos Japan, Suid-Korea, Taiwan, Hongkong en Singapoer wat tans die hoogste groeikoers ter wêreld toon, die gevolg is van nuwe ekonomiese beleidvoering in die naoorlogse jare. Daarvolgens is groot wysigings aangebring aan belasting-, handels- en beheermaatreëls wat gelei het tot beloönbare produksie en 'n meer regverdige verspreiding en verdeling van rykdomme. Binne hierdie lande was daar ook 'n doelbewuste skuif van industriële ontwikkeling na tegnologiese ontwikkeling wat meer omgewingsvriendelik van aard is.



(c) Die tradisionele blanke kerk sal sy lidmate baie meer moet opvoed oor die kerk se aandeel aan die ekologiese onreg van die verlede om daardeur groter begrip by blanke lidmate te skep vir die onafwendbaar veranderende rol van die ekonomie in 'n postapartheid Suid-Afrika. Vir my persoonlik is dit tragies dat "blanke kerke" tans hul lidmate swak begelei in die veranderingsproses na 'n nuwe Suid-Afrika. Die kerk het na my mening 'n geweldige pastorale begeleidingsroeping wat intens verwaarloos word.

(d) Die kerk moet 'n fundamenteel nuwe waardesisteem onder sy lidmate vestig waaruit dit logies sal blyk dat alle ekonomiese aktiwiteite gedryf moet word deur die beginsels van vrede, geregtigheid en die heelheid van die skepping (WCC 1990:44).

(e) Die kerk moet na behore rentmeesterskap uitoefen oor eie grond. Kerklike beleggings moet nie die belange van vrede, geregtigheid en die heelheid van die skepping teëwerk nie.

(f) Die kerk moet druk uitoefen op die regering vir 'n drastiese afname in die vervaardiging van wapentuig (vgl WCC 1990:47). Die kerk behoort te pleit vir die besnoeiing van die nasionale verdedigingsbegroting sodat militêre uitgawes tot die absolute minimum beperk kan word.

(g) Die kerk moet die staats aandag daarop vestig dat ekonomiese programme die belange van toekomstige geslagte ook in ag moet neem (Nürnberg 1987:47; 1994:133). Daarom moet enige ekonomiese programme voldoen aan die kriteria van volhoubare ontwikkeling. Cock (1992:175) sien juis die skep van welvaart vir die armes, sonder inagneming van die kriteria van volhoubare ontwikkeling, as die grootste versoeking waarvoor die nuwe demokratiese regering in 'n postapartheid Suid-Afrika kan swig.

(h) Die kerk moet 'n gees onder sy lidmate help kweek, waarin materialisme vervang moet word deur 'n gees van respek en openheid vir die behoeftes van die armes en die omgewing (vgl Harrison 1993:479).

(i) Die kerk moet profeties toesien dat die huidige hoë belasting doeltreffend in belang van die armes aangewend sal word.

DIE KERK SE GETUIENIS OP MAKROVLAK

In afdeling A het ons gesien dat sosioloë en ekonome dit eens is dat die huidige vlak van armoede in die Derde Wêreld die direkte gevolg is van die globale skuld krisis wat weer op sy beurt die gevolg is van onregverdige ekonomiese meganismes. Solank as wat die huidige wêreld se ekonomiese spelreëls geld, is daar min wat aan armoede, wat 'n groot tol van die omgewing eis, gedoen kan word. Die kerk in Suid-Afrika het



daarom ook 'n bydrae na buite te lewer deur homself by internasionale ekumeniese drukgroepe soos die konferensie van Europese kerke te skaar. Hulle maak voorspraak vir 'n nuwe internasionale orde waarin nuwe ekonomiese spelreëls wat berus op die beginsel van vrede, geregtigheid en die heelmaking van die skepping vervat sal word (vgl Oosthuizen 1991:21; Elsdon 1992:231).

SORG VIR DIE NATUUR

In die vorige afdeling het ons reeds enkele van die afmetinge van omgewingsbesoedeling gesien. Daar word bereken dat daar in Suid-Afrika jaarliks 419 miljoen ton nywerheids- en mynafval vrygestel word. Dit lei tot groot onreg teenoor die mens en die omgewing (Yeld 1993:17). Die kerk sal as gevolg hiervan baie meer krities-profeties moet optree deur 'n drukgroep teen omgewingsbesoedeling te word. 'n Sienswyse soos die van prof Sybrand Strauss (vgl 1.2) waarin hy pleit dat die kerk nie 'n drukgroep moet word nie, maar as eerste en laaste taak die verkondiging van die Woord het, is in terme 'n logiese kontradiksie. Die kerk moet juis in sy gerigtheid op die koninkryk van God verkondig dat ongekontroleerde druk op die natuur die mens se oorskryding van God se perke vir vrede, geregtigheid en die integriteit van die skepping is. Die kerk moet nie net alleen by woorde bly nie maar tot aksie oorgaan. Die kerk sal homself dus aan die kant van daardie groepe wat omgewingsbewaring bevorder, moet skaar (vgl Yeld 1993:41).

In ons tyd stel ek daarom die volgende as eerste aksie vanuit die kerk voor:

(a) Die kerk moet toesien dat volgehoue geregtigheid sal geskied teenoor die ekosisteme van Suider-Afrika. Die kerk moet daarom die gedagte van 'n deklarasie van natuur- of omgewingsregte probeer bevorder en help uitbou. Die kerk moet toesien dat daar in so 'n deklarasie erkenning gegee word aan die feit dat die mens deel is van die natuur en dat die mens 'n verantwoordelikheid het om as God se beeldraers God se plan met Sy skepping te bevorder.

(b) Die kerk behoort sy lidmate aan te moedig om organisasies en maatskappye wat doelbewus teen omgewingsbewaring werk te boikot.

9.5 'N EKOLOGIESE SENDINGBENADERING AS OMVATTENDE EVANGELISASIE

"A commitment to evangelism is integral to efforts to care for creation and vice versa. Young Christians need not only to be equipped with evangelistic materials, but to be given practical teaching on issues of lifestyle, as well as opportunities to express their care of creation in a meaningful way."

Au Sable Institute Forum Statement (1993:132)



9.5.1 'N VERSKRALING VAN EVANGELISASIE

DIE EKOLOGIESE KRISIS AS 'N GEVOLG VAN DIE SONDEVAL

Sedert die sondeval is die mens in 'n rebellie teen God gewikkel. Daarom is die ekologiese krisis van ons tyd, volgens 'n verslag van The Commission for World Mission and Evangelism (afdeling 10, paragraaf 10) 'n sigbare bewys van wat die mens se sonde in die wêreld tot gevolg het (Linn 1990:199). Die sondeval het ook kosmologiese implikasies. Van Heerden stel dit treffend (1991:42-43):

"Die skepping vertoon vatmerke van die sonde se aanraking, omdat dit in die natuur ingedring en die hele natuur bederf het. 'n Mens kan tereg van 'n vloekbelaaide natuur, of van 'n gevalle werklikheid praat."

Die bekende missioloog Max Warren het reeds so vroeg as 1955 geskrywe dat in die plek waar Jesus gekruisig is daar 'n tuin was (Johannes 19:41), en dat Jesus se oë vanaf die kruis neergekyk het op die tragedie van gronderosie en sielerosie, en dat sy dood iets met albei te make gehad het. Warren gaan verder deur te beweer dat ons as Christene daarom versigtig moet wees om nie te eng oor die sonde na te dink asof dit nie ook met ons gebroke verhouding met die natuur te make het nie (Du Preez 1992:9). Alle steurings en abnormaliteite in die natuur het sy oorsprong in die grootsteuring wat daar tussen God en die mens tydens die sondeval plaasgevind het (Van Heerden 1991:42-43). Sonde is daarom nie net iets individueel of sosiaal nie, sonde het ook 'n globale dimensie (vgl Roberts 1994:147). Dit is die mens se gevallenheid wat by hom die drang na groter mag en na groter rykdom laat ontwikkel; om soos God te wees wat veroorsaak dat sonde globale afmetings in ons tyd aanneem (vgl WCC 1992b:32; Biggs 1991:41).

Dit is egter belangrik om daarop te let dat die sondeval nie tot 'n natuurlike val gelei het nie en juis as gevolg daarvan kan 'n mens die sonde nie vernaturaliseer nie. 'n Mens moet eerder sê dat die gevalle mens se dade kosmologiese implikasies het aangesien die sonde van die mens alles wat hy aanraak kontamineer (vgl Van Heerden 1991:43). Volgens Wilkinson (1981:5) staan die harmonie van die ekosisteem wat in Psalm 104 uitgebeeld word daarom in skille kontras met die werklikheid wat aan die einde van die twintigste eeu afspeel.

'N VERSKRALING VAN DIE EVANGELIE

Die moderne mens van die laat twintigste eeu is voortdurend soekend na nuwe sin en betekenis. Die feit dat daar in die Westerse en nie-Westerse wêreld 'n ongekeerde toevlug tot astrologie en horoskope geneem word, verklap die mens se soeke na sekerheid en standvastigheid in 'n wankelende wêreld. Volgens Elsdon (1992:178) is een van die grootste probleme met evangelisasie in ons tyd dat die kerk nie aansluiting



vind by die sin- en betekenisvrae van die moderne mens nie. Volgens hom bied die kerk dikwels heil aan mense, daar waar dit nie gesoek word nie. Evangelisasie in ons tyd behoort daarom by die sentrale vraagstukke van ons tyd aansluiting te vind. Francis Schaeffer het byna twintig jaar gelede in sy boek, **Pollution and the death of man**, die kerk gewaarsku (in Elsdon 1992:186):

"In our generation we are losing an evangelistic opportunity, because the modern young people have a real sensitivity to nature... they have seen that most Christians simply do not care about the beauty of nature or nature as such... we have largely missed an opportunity of reaching the twentieth century."

Maar wat presies is volgens Evangelicals die rede waarom die kerk nie die ekologiese krisis as 'n evangeliese uitdaging aangryp nie? De Witt (1993:143-145) wys daarop dat daar verskeie redes hiervoor bestaan:

- Christene se ewige woning is nie hierdie wêreld nie.
- Ekologiese aangeleenthede lyk na 'n New Age-agenda.
Daarteenoor wys Seaton (1993:284) daarop dat een van die vele redes waarom die kerke in Brittanje jong lidmate verloor toegeskryf kan word aan die feit dat die kerk jongmense net waarsku teen die New Age-beweging maar geen antwoorde bied op die kritiese vrae wat die New Age-beweging aan die kerk stel nie. Vir baie jonger lidmate raak die kerk nog meer wêreldvreemd.
- Sorg vir die omgewing grens aan 'n panteïstiese beskouing.
- Ekologiese aangeleenthede sny politieke sake aan. Christene moet hulle weerhou van die politiek.
- Daar is te veel nie-Christene wat by omgewingsbewing betrokke is.
- Ekologiese aangeleenthede onderstreep die noodsaak van 'n wêreldregering - iets waarteen Evangelicals is.
- Steun vir omgewingsbewing sal tot steun vir abortsie lei.
- Mense is belangriker as die omgewing.

JESUS CHRISTUS SE VERLOSSING AS DIE EVANGELIE!

Die boodskap van die Bybel, die evangelie van Jesus Christus is dat God in Christus alles nuut en anders wil maak (vgl Kol 1:15-20; Elsdon 1992:241). Die kerk se boodskap aan die wêreld is daarom dat die aarde en die valheid daarvan aan die Here behoort (Psalm 24:1). Psalms 8; 19; 24; 33; 89; 104 en 147 is juis evangeliese belydenisse van hoe anders die verhouding tussen God en mens daar kan uitsien (Robinson 1991:148). Die vernuwung van die mens in Christus impliseer daarom dat die mens se verantwoordelikheid teenoor sy omgewing, deel is van die evangelieboodskap van



God se herskepping. Waar Joh 10:10 in die verlede en tans verkeerdelik gebruik word ter regverdiging van 'n voorspoedsteologie waarin daar nie rekening met die mens se verglype aan God se skepping gehou word nie, behoort die kerk daarop te wys dat die volheid waarna Joh 10:10 verwys ten diepste neerkom op 'n harmoniese balans tussen God, die mens en Sy skepping (McDonagh 1990:5). In **Transforming Mission**, wys Bosch (1991:409ev) daarop dat die volheid waarvan die Bybel praat so omvangryk is dat 'n mens onmoontlik 'n presiese definisie van evangelisasie kan gee:

"We cannot capture the evangel and package it in four or five 'principles'."

Daarom beoog ek nie om met 'n ekologiese sendingbenadering as omvattende evangelisasie 'n definisie te bied nie. Ek wil slegs daarvoor pleit dat evangelisasie voortaan ekologies benader sal word. So 'n benadering onderstreep die feit dat hoewel evangelisasie nooit gelykgestel kan word aan sosiale geregtigheid nie dit ook nooit daarvan losgemaak kan word nie (vgl Bosch 1991:400ev). Ekologiesgerigte evangelisasie het juis die voordeel dat dit evangelisasie nie skei van die prediking en praktisering van geregtigheid nie (Bosch 1991:418).

In sy boek, **Christian Mission in South Africa: Political and Ecumenical**, kom Saayman (1991:108) tot die konklusie dat die kerk in Suid-Afrika in sy sendingroeping gefaal het. As gevolg hiervan pleit hy dan vir die belangrike taak van: "re-evangelisation". Dit is my mening dat 'n ekologiese sendingbenadering as ware evangelisasie die unieke geleentheid bied vir "re-evangelisation" in 'n postapartheid Suid-Afrika. So 'n benadering is omvattend omdat dit die kerk se missionêre roeping as evangelisasie verwoord in 'n ekologiesekrisis-wêreld. 'n Ekologiese sendingbenadering as omvattende evangelisasie bied 'n alternatiewe waarbinne verskeie uiteenlopende standpunte konvergeer sodat evangelisasie nie eng verstaan word nie. Dit hou die geestelike en materiële aspek in fyn ewewig. Buiten die feit dat dit die potensiaal van "re-evangelisation" na binne bied, bied dit ook die moontlikheid van evangelisasie na buite¹⁰⁵. 'n Ekologiese sendingbenadering as omvattende evangelisasie stroop die kerk daarom van alle vooroordele wat die wêreld mag hê as gevolg van die kerk se swak rekord van evangelisasie in die verlede.

Hoewel my benadering sterk klem lê op die skeppingsaspek in spiritualiteit, is dit verwyderd van 'n panteïstiese New Age-invloed. Die gevaar binne die New Age-benadering is dat interafhanklikheid hiervolgens neerkom op 'n beskouing waarin die oersonde nie gesien word as die mens se ongehoorsaamheid aan God

¹⁰⁵ Saayman se verduideliking van "re-evangelisation" kom slegs op 'n na binne gerigte benadering van die kerk voor en is geensins na buite gerig nie.



nie maar as dualisme en transendensie¹⁰⁶. Hiervolgens raak die skeiding tussen goed en kwaad so vaag dat God se verlossing eerder geïnterpreteer word as die vereniging tussen goed en sleg, as wat dit 'n oorwinning oor die kwaad is. Daarom is die volgende stap binne so 'n bescouing noodwendig dat daar geen grense tussen verskillende godsdienste bestaan nie omdat dit op sigself 'n dualisme veronderstel (vgl Osborn in Elsdon 1992:237).

9.5.2 "RE-EVANGELISATION" IN 'N POSTAPARTHEID SUID-AFRIKA

Sorg vir die omgewing, soos reeds gesien, staan geensins teenoor die boodskap van die Bybel nie. Die kerk behoort in ons tyd aan mense in 'n wêreld wat in chaos gedompel is 'n integrale wêreldbescouing te kommunikeer, wat sin, betekenis en ervaring skep. Evangelisasie binne so 'n konteks moet aan mense 'n aantreklike lewenstyl voorhou (vgl Bosch 1991:414). In die woorde van [17] Linn (1990:521 eie vertaling) behels dit:

"... 'n fokus om die Goeie Nuus te verkondig, die Goeie Nuus van God se reddende teenwoordigheid in ons wêreld, en van God se uitnodiging aan almal van ons om nuut te word en om die risiko van totale vernuwing van God se belofte van 'n nuwe aarde waar geregtigheid en vrede mekaar omhels, aan te neem."

Daarom moet die kerk die boodskap van Genesis 1:28 in woorde en dae nûut aan die wêreld bring. Die kerk moet leer dat om te heers oor die skepping geensins beteken dat dié mens arbitrêr en outoritêr teenoor die skepping mag staan nie. Om te heers vra eerder van die mens vrede en geregtigheid teenoor en liefdevolle versorging van die skepping. Dit vra vir samewerking wat daartoe lei dat heerskappy altyd in die teken van geregtigheid, vrede, liefde en waarheid kan staan (Loader 1987:8; vgl Wilkinson 1981:224; Redekop & Stahl 1993:281). So gesien word die kerk se taak van evangelisering nie slegs 'n geestelike saak nie, maar 'n saak van verantwoordelike rentmeesterskap (Innes 1987:21; vgl Lubbe 1994:62):

"We are not to aim at living a purely 'spiritual' life by abstracting ourselves from the earthiness of our existence. It is this material, physical world that is the arena of God's activity in creation and in grace. We do not become more spiritual by being less physical."

Evangelisasie as 'n aantreklike lewenstyl moet egter nie verwar word met 'n goedkoop evangelie sonder enige inspanning en stryd nie. Navolgingskap van Christus was en is nooit maklik nie. Indien evangelisasie 'n mens daarom nie optoep tot gelowige

¹⁰⁶ So byvoorbeeld word Berry (1991) se bescouing in Berry en Clarke (1991) op p3 in die voorwoord as volg verduidelik: "Berry views the sense of God as separate from creation, or transcendent, as one of the chief difficulties of the Christian tradition."



navolging as dissipel van Christus nie, is dit 'n goedkoop evangelie. Dissipelskap en navolgingskap van Christus in ons tyd verwoord Innes treffend (1987:21; vgl Robinson 1993:492; McDonagh 1990:201):

"God calls us in the context of our earthly lives. The sins from which we must be saved include the pollution of earth, air and waters, and the waste and misuse of the world's resources."

"Re-evangelisation" in 'n postapartheid Suid-Afrika hou na my mening verband met onder meer die volgende drie sake.

Eerstens word die kerk geroep tot **skuldbelydenis** daar waar die kerk as blank en nie-blank in die verlede geswyg het waar vrede, geregtigheid en die integriteit van God se skepping bedreig is. Wall (1987:109) wys daarop dat daar deesdae heelwat profetiese stemme binne evangeliese kringe in die VSA opgaan waarin daar gepleit word vir 'n gebalanseerde vorm van skuldbelydenis as deel van dissipelskap. Hiervolgens word gepleit vir 'n korporatiewe vorm van skuldbelydenis waarin die kerk as instituut doelbewus sy deelname aan publieke euwels en onheil sal bely ten einde homself daarvan weg te keer. Skuldbelydenis as 'n aspek van "re-evangelisation" is inderdaad omvangryk.

Tweedens is die Bybel se visie van vrede, geregtigheid en die integriteit van die skepping nie 'n opsie in die weg van kruisdra en navolgingskap van Christus nie, maar 'n noodsaaklike imperatief. 'n Oproep tot bekering in ons tyd behoort daarom nie 'n goedkoop "gee jou hart vir Jesus"-oproep te wees nie, maar 'n oproep waarin mense die implikasies moet besef van wat dit beteken om jou lewe op God se altaar van vrede, geregtigheid en die integriteit van die skepping te plaas. Die Bybel waarsku teen navolgingskap sonder kosteberekening.

"Re-evangelisation" beteken **derdens** dat Jesus se opdrag in Matteus 28:20 aan sy dissipels, waarin **lering en gehoorsaamheid** sentraal staan, deur die kerk ernstig opgeneem moet word. Lering en gehoorsaamheid beteken in ons tyd dat God se heilsplan in die lig van die ekologiese krisis gekommunikeer sal word. Dissipelskap sal daarom sake insluit soos: boomplanting, die opheffing van armoede en 'n ontmoediging van 'n Westerse verbruikerskultuur na 'n lewe van eenvoud.

'N VOORBEELD VAN 'N EKOLOGIESE SENDINGBENADERING AS OMVATTENDE EVANGELISASIE

Volgens Tienou (1987:176) is daar drie maniere waarvolgens die verhouding tussen evangelisasie en sosiale betrokkenheid deur die kerk uitgedruk word. Eerstens word sosiale aksie as 'n direkte gevolg van die kerk se geloof in Christus gesien. Sosiale aksie word dan geloof-in-aksie. Tweedens word sosiale aksie slegs gesien as 'n wyse waarop



evangelisasie bevorder word. Sosiale aksie word dan 'n brug na evangelisasie. 'n Derde en-meer korrekte manier is wanneer sosiale aksie 'n vennoot van evangelisasie word. Sosiale aksie word dan die ware transformasie van God se sending. 'n Voorbeeld van laasgenoemde is die Rocha-projek wat Ron Elsdon in sy boek, **Greenhouse Theology: Biblical perspectives on caring for the Earth**, bespreek (Elsdon 1992:193-195).

DIE ROCHA-PROJEK

Die Rocha-projek is 'n Christelik geïnisieerde projek wat naby 'n klein dorpie, Mexilhoeira Grande aan die Algarve-kus van Portugal onderneem word. In hierdie projek word evangelisasie en omgewingsbewaring gekombineer in 'n gesamentlike projek.

Die projek het in 1983 ontstaan toe 'n klomp Britse Christene onder die indruk van die vernietigende effek wat toerisme op die ekosisteem van die Algarve-kuslyn in Portugal tot gevolg het gekom het. Die volgende sake was vir hierdie groep Christene kommerwekkend:

- weens 'n toerisme-aanvraag is binnelandse varswaterdamme gebou
- groot woonstelblokke vir toeriste het oornag verrys
- nuwe paaie en brûe is gebou om toerisme te kon akkommodeer
- kleilande is uitgedroog vir die skep van golfbane
- skaars voëlsoorte is uitgeroei as gevolg van skietaktiwiteite wat deel vorm van toeriste-ontspanning; hierdeur is die ekosisteme van die plant- en dierelewe in die gebied heeltemaal versteur.

Dit was op grond hiervan dat 'n nutgevoemde trust wat bekend staan as die Rocha-Trust besluit het om twee egpare na die Algarve-kus in Portugal te stuur met die uitsluitlike doel om 'n sentrum op te rig waarvandaan evangelisasie en omgewingsbewaring gesamentlik onderneem kon word. Reeds met die aanvang van die projek is daar besluit dat 'n evangelisasie-uitreikaksie direk op dié nood van die gemeenskap gerig moes wees. Die beginstadium van die projek het oor 'n tydperk van drie jaar gestrek waarin die eerste vrywilligers die Portugese taal goed bestudeer en bemeester het, en kontak met gemeenskapslede van die Algarve-kus gemaak het. Kennis is terselfdertyd ingewin oor die godsdienstige klimaat in die suidelike deel van Portugal asook kennis van die ekosisteem van die omgewing. Dit het onder meer intensiewe navorsing oor die plant- en dierelewe ingesluit wat in die daaropvolgende jare verder uitgebrei is. Die navorsing was van so 'n hoë standaard dat daar tussen navorsers van die Rocha-projek en nasionale en internasionale voëlkundiges samewerking in navorsingsprojekte ontwikkel het. Die felt dat vrywilligers van die

Rocha-projek so nou by die probleme van die plaaslike gemeenskap betrokke was het 'n unieke geleentheid tot die uitdra van die evangelie begin bied. Waar probleme opduik in die gesamentlike uitreikaksie van die Rocha-span en die gemeenskap, bied sulke probleme unieke geleenthede vir gebedsaksies.

Hoewel baie Evangelicals skepties teenoor hierdie projek gestaan het is dit interessant om op die volgende te let. Die Rocha-span se twee hoofopsigters, Peter en Miranda Harris was deur die BCMS Crosslinks, 'n evangeliese sendinggenootskap van die Anglikaanse kerk gesekeundeer omdat dié genootskap in die vroeë tagtigerjare toenemend onder die indruk gekom het dat sorg vir die omgewing deel van die kerk se missionêre roeping uitmaak. Die feit dat hierdie projek niekonfronterend te werk gegaan het, het tot groot sukses gelei. Die feit dat die Rocha-span intens by gemeenskapsprobleme betrokke geraak het en die feit dat ekologiese navorsingsresultate van so 'n hoë standaard was, het gelei tot hoë aansien van die projek in die hele Portugal. By die wat buite die kerk gestaan het, het die projek groot agting afgedwing aangesien die projek 'n direkte getuie was van die feit dat Christenskap veel meer as persoonlike verlossing behels. Die projek het aan baie wat buite die kerk en ver van God af was 'n kykie gebied in God se liefde en sorg vir die wêreld. Daarom was 'n besoek aan hierdie sendingprojek volgens Elsdon vir baie die begin van 'n dieper geestelike soektog na die God van die skepping wat die mens en die omgewing deur Jesus Christus kom verlos het. Die Rocha-projek is daarom voorwaar 'n uiters geslaagde sendingprojek in 'n gesekulariseerde Europa.

DIE CSV SE STRANDDIENSBEDIENING

Omdat evangelisasie ondefinieerbaar is, is dit onmoontlik om voorskrifte neer te lê van presies hoe 'n ekologiese sendingbenadering as omvattende evangelisasie in die praktyk behoort te lyk. So 'n benadering sal ongetwyfeld van konteks tot konteks in Suid-Afrika verskil. Vervolgens wil ek 'n voorstel maak van hoe omvattende evangelisasie in 'n postapartheid Suid-Afrika sal lyk binne die konteks van die Christen-Studentevereniging (CSV) se jaarlikse stranddiensprojek. Ek besef egter dat hierdie bediening gerig is op die ryk deel van die bevolking, maar ek neem dit as voorbeeld om daardeur iets van my eie worsteling weer te gee van wat so 'n benadering, volgens my persoonlike ervaringswêreld, vir die kerk kan beteken. Ek kies hierdie veld omdat dit iets soortgelyk aan die Rocha-projek kan wees. Die rede waarom ek nie die toepassing binne die konteks van my ervaring van nywerheidsending maak nie is omdat hierdie bediening in Suid-Afrika nie so stewig as die CSV se stranddiensbediening gevestig is nie. 'n Ekologiese sendingbenadering as omvattende evangelisasie op die gebied van nywerheidsbediening het allertei ander etiese vrae en spelreëls waarmee 'n mens sou moet rekening hou.¹⁰⁷

¹⁰⁷ Vergelyk ECCR (1992) vir meer inligting hieroor.



PROBLEEMSTELLING

Kusbesoedeling neem wêreldwyd sulke afmetinge aan dat sommige navorsers van mening is dat die Noordsee binne vyf jaar "dood" sal wees as gevolg van al die afvalstowwe wat reeds daarin gepomp is (Van der Walt 1989:22). In Suid-Afrika is kusbesoedeling so 'n probleem dat Yeld (1993:40) van mening is dat die bewaring van die Suid-Afrikaanse kuslyn een van die 14 dringendste sake is waaraan daar tans aandag geskenk behoort te word. Hierdie aanname word bevestig deur Hendrik van der Walt, 'n gewese joernalis wat in 1988 3 100 kilometers te voet om die Suid-Afrikaanse kus, vanaf die grens by Mosambiek tot by die Namibiese grens, afgelê het. In die geheel vat hy sy ervaring as volg saam (Van der Walt 1989:24):

"Dat die Suid-Afrikaanse kus nog asemrowend mooi en ongerepte dele het, het ek op my lang staptog self ondervind. Maar die naderende gevaartekens van die "beskawing" is reeds duidelik sigbaar. Juis daarom is dit so jammer dat daar nog nie genoeg gedoen word om dié ongereptheid vir die nageslag te bewaar nie."

Sake wat volgens Yeld (1993:40) 'n bron van kommer is, is sake soortgelyk aan dié waarmee die Rocha-projek in Algarve, Portugal te kampe het.

'N DRUPPEL-IN-DIE-EMMER-VOORSTEL AS DIE BEGIN VAN IETS GROOTS

Dit is na my mening op hierdie punt waar die CSV se stranddiensbediening 'n verskil kan maak al is dit slegs die spreekwoordelike druppel in die emmer. Die CSV doen jaarliks tydens die somervakansie strand- en vakansiedienswerk by meer as 52 strandvakansieoorde aan die kus van Suid-Afrika en Namibië. Die doel met hierdie aksie sluit aan by die CSV se missie, naamlik om die studerende jeug te begelei tot dienswerk. Die CSV se doelwitte sluit onder meer die volgende in (ACSV 1993:1;15):

- om jongmense te wys hoe die unieke aard van Christenwees lyk
- om geloofsgroei deur Bybelstudiekringe te bevorder
- om lede aan te spoor en aan te moedig om op elke lewensterrein in woord en daad getuies vir Christus te wees
- om lede aan te spoor en aan te moedig om te dien en betrokke te wees by die uitbreiding van die koninkryk van God
- om die geleentheid tot geloofstoewyding, geloofsgemeenskap en geloofsdienste te skep.

Volgens die CSV is die doelstelling van stranddienswerk om deur 'n span van 15 tot 20 studente 'n lewenstyl van evangelisasie aan vakansiegangers voor te hou.



Tot op datum het die CSV nog geensins aandag geskenk aan sorg vir die omgewing as deel van 'n lewenstyl van evangelisasiebediening nie. Aangesien die CSV tans besig is om 'n nuwe, breër ekumeniese karakter aan te neem, en as gevolg van die integrering van blankes en anderskleuriges op al die kampusse in Suid-Afrika bied hierdie bediening 'n wonderlike geleentheid vir 'n ekologiese sendingbenadering as omvattende evangelisasie.

Die Hoërskool Waterkloof in Pretoria het tans 'n opwindende natuurbewaringsprojek waarby die hele skool betrek word. Hierdie projek staan bekend as die Wolwespruit-projek. Die projek beoog om oor 'n vyfjaartydperk die Wolwespruitgebied te omskep in 'n lus vir die oog en 'n moet vir avontuurlustige piekniegangers. Die natuurlewe in die Wolwespruit is oor etlike dekades as gevolg van verstedeliking erg benadeel en ekologies aan die agteruitgaan. Met hierdie projek word inheemse plante hervestig en die omgewing tot sy natuurlike staat herstel. Die projek betrek elke standerd in die skool en feitlik elke vakrigting soos Biologie, Natuur- en Skielkunde, Geografie, Geskiedenis, Rekeningkunde, Kuns en nog meer. Die projek ontwikkel tans as 'n gemeenskapsprojek waar die gemeenskap en sakesektor deur middel van borge die projek finansier. Hierdie model kan na my mening deur die CSV gebruik word as 'n voorbeeld van hoe stranddiensbediening met 'n nuwe aksent in 'n postapartheid Suid-Afrika die kerk se missionêre roeping in lyn kan bring met die geweldige uitdaginge van ons tyd. Dit bied uitstekende riglyne waarvolgens Christenstudente uit verskillende studierigtings 'n kreatiewe inset kan lewer tot lewenstylevangelisasie. Hoewel so 'n stap 'n druppel in die emmer kan wees, kan dit 'n wonderlike evangelisasiégeleentheid vir die kerk bied. Aangesien die jeug van vandag die eintlike groep is wat die huidige en toekomstige ekologiesekrisis-vraagstukke moet hanteer, behoort daar dringend meganismes en strukture geskep te word waardeur die jeug 'n spesiale belangstelling in ekologiese sake kan ontwikkel. 'n Verslag van die Evangelical Forum wat handel oor omgewingsbewaring en evangelisasie beveel sterk aan dat verskeie fasette van jeugbediening onmiddellik so ontwikkel moet word dat die jeug die direkte verband tussen evangelisasie en ekologie sal begryp. Die verslag meld die volgende (Au Sable Institute Forum 1993:132):

"A commitment to evangelism is integral to efforts to care for creation and vice versa. Young Christians need not only to be equipped with evangelistic materials, but to be given practical teaching on issues of lifestyle, as well as opportunities to express their care of creation in a meaningful way."

In 'n artikel getiteld, **Die Christene en die Omgewing**, kom Loader tot die konklusie dat Christenskap in die lig van die ekologiese krisis met klein dingetjies te doen het: "Om nie osoon-onvriendelike spuitkannetjies te koop of te gebruik nie. Om nie rommel te



strooi nie. Om nie water te mors nie." Maar dan sluit hy af deur die noodsaaklikheid van 'n bediening deur die jeug van Suid-Afrika soos hierbo genoem, te onderstreep (Loader 1992:47)

"[Praktiese Christenskap behels] Om wel teenoor ons vriende en portiergroepe te laat blyk dat dit [verwysende na omgewingsbewaring] vir ons erns is sodat dit veral vir ons jongmense 'n in-ding kan word, want dit wat vir jongmense in is, kan die wêreld verander (soos die geskiedenis van popmusiek ons geleer het). So kan 'klein' dingetjies in werklikheid groot dinge word."

9.6 'N EKOLOGIESE SENDINGBENADERING AS EKOLOGIESE BEVRYDING

"Colonialism and its legacy of violence and alienation - from the land and each other - is central to our history. For three hundred years - beginning with our Dutch colonisers - we have been ruled by a conquest mentality. The conquest of the earth and its functioning was linked and extended to a conquest of the indigenous inhabitants. It is this conquest mentality which we must now dismantle totally. In the process we must all move beyond an anthropocentric perspective that is person-centred and concerned exclusively with our own species (who enjoy dominance gained through the conquest of nature), to a biocentric vision of people as part of the natural world."

Jacklyn Cock (1992:183)

9.6.1 VAN DIE BEVRYDING VAN DIE ARMES (EN RYKES) TOT EKOLOGIESE BEVRYDING

DIE KLEM OP DIE BEVRYDING VAN DIE MENS BINNE DIE BEVRYDINGSTEOLOGIE

Sedert die totstandkoming van bevrydingsteologie is daar weinig aandag aan die bevryding van die omgewing geskenk (Hadsell 1992:80; vgl McDonagh 1986:203; Berry & Clarke 1991:44-45). Selfs nog in die tagtigerjare, reeds lank nadat die studie **The Limits to Growth** (Meadows 1972) wat deur die Massachusetts Institute of Technology met die ondersteuning van die Klub van Rome onderneem is die gebreke van die bevrydingsmodel uitgewys het, het bevrydingsteoloë soos Gutiérrez (1988:xix) en Brakemeier (1988:216) bevryding steeds in antropologiese terme verstaan. Onder baie bevrydingsteoloë was daar die persepsie dat bevryding sou aanbreek sodra vrye verkiesings tot stand sou kom en mense in staat sou wees om self vir hul regte binne 'n demokratiese bestel op te kom (Anderson & Dawsey 1992:1).

Dit was veral sedert die middel tagtigerjare dat verskeie teoloë in die lig van 'n bewuswording van die ekologiese krisis daarop begin wys het dat solank as wat bevrydingsteoloë nie die bevryding van die armes en die verdruktes sien as slegs 'n

deel van 'n groter bevryding nie, dit nie tot ware bevryding sal lei nie (vgl Berry 1991:46-47; Manenschijn 1988:93-94). In die verband maak Daneel die volgende opmerking (1991b:3):

"There is no point at which a responsible theology of liberation can or should ignore the liberation of nature from destruction."

Daarom is Berry en Clarke (1991:61-62) reg wanneer hulle beweer dat die gedagte van die keuse vir die armes binne bevrydingsteologiese raamwerk tot onlangs onder die invloed van Marxistiese teorieë slegs op die materiële aspekte van die mens gekonsentreer het. Dit is daarom noodsaaklik dat bevryding in die wydste moontlike sin verstaan moet word om sodoende ook die bevryding van die niemenselike komponent in te sluit.

EKOLOGIESE BEVRYDING

Ekologiese bevryding is nie bevrydingsteologie in 'n heel ander gedaante nie. Ekologiese bevryding moet eerder beskou word as 'n nuwe manier van teologiesering binne die bevrydingsraamwerk. Reeds in 1988 het Gutiérrez beweer dat die proses van teologiesering binne die bevrydingsteologie 'n voortgaande proses behels (1988:xviii):

"We must refine, improve, and possibly correct earlier formulations if we want to use language that is understandable and faithful both to the integral Christian message and to the reality we experience."

Uit afdelings A en B spreek dit vanself dat die ekologiese krisis 'n nuwe ervaringsrealiteit vir die kerk inhou en daarom is dit dringend noodsaaklik dat bevrydingsteologie nie net met die bevryding van die mens moet besig wees nie maar ook met die bevryding van die omgewing wat in 'n ekologiese krisis vasgevang is (vgl McDonagh 1986:203).

Die krag van bevrydingsteologie was nog altyd daarin geleë dat dit nie 'n Teologie vir die rykes en die magtiges was nie maar dat dit juis 'n Teologie vir die armes en die randfigure van die samelewing is. Dit is egter ook waar dat geen teologie daarop kan aanspraak maak dat dit 'n teologie is wat net deur 'n bepaalde homogene groep opgeëis kan word nie. God is nie nêr die God van die armes of nêr die God van die rykes nie. Bosch (1991:99-100) wys daarop dat Lukas se aksent op die armes nie impliseer dat God nêr die God van die armes is nie. God is ook inderdaad God vir die rykes. Wanneer Lukas egter praat van die rykes moet sy siening van die armes as agtergrond dien. God is ook die God vir die rykes in die mate waarin Sy bevrydingsboodskap tot hulle kom wat vasgevang is in die mag van sonde en van Mammon. God se bevryding vir die rykes beteken dat God die rykes wil bevry van



hulle selfgerigte lewenswyse waarin hulle ~~ander~~ onderdruk. Wat God vir die rykes wil is 'n lewenswyse waarin God in die regverdige optrede tot die naaste nuut ontdek word. Toegepas op ons tyd beteken dit dat bevrydingsteologie nie nêr vir die Derde Wêreld of nêr vir die armes is nie. Bevrydingsteologie moet ook in die Eerste Wêreld met nuwe inhoud gevul word. In die Eerste Wêreld sal bevryding beteken dat die mens in sy ganse lewenswyse van sy verbruikersmentaliteit, van eksploitasie van menselewe en die plundering van die natuur bevry moet word.

Een van die groot gevare van die bevrydingsteologie in 'n postapartheid Suid-Afrika bestaan daarin dat daar 'n nuwe geloof in vooruitgang in 'n nuwe Suid-Afrika kan ontstaan. Binne so 'n geloof word die wetenskap, tegniek en investering as die antwoord op al die land se probleme gesien sonder inagneming van die land se natuurlike bronne. Vooruitgang lewer wel 'n sekere bydrae maar dit op sigself is geen waarborg vir die welsyn van die samelewing en die omgewing nie. Indien die outoriteit van wetenskap, tegniek en ekonomie nie ernstig bevestig word nie, sal ons 'n nuwe probleem vir die mens en sy omgewing skep, naamlik die van teknokratiese en ekonomiese diktatuur (Du Plessis 1995:338). Die oplossing van Suid-Afrika se armoedevraagstuk, besoedelings- en omgewingsprobleme is daarom nie slegs 'n kwessie van geld, tegniese-wetenskaplike kundigheid, mannekrag en tyd nie. Die oplossing en die bevryding lê eerder veel dieper in 'n nuwe lewenstyl wat deur individu, gemeenskap, owerheid en alle belange-instansies - en by uitsteking die kerk - aangedurf moet word. In afdeling A het ons gesien dat geloof in vooruitgang tot agteruitgang sou lei. Daarom is dit van die uiterste belang om daarop te let dat ware bevryding nie geleë is in wetenskap, tegniek of politiek alleen nie. Wetenskap, tegniek en politiek moet 'n dienende rol speel. Schuurman vat dit mooi saam (in Du Plessis 1995:343):

"In plaas van die oorheersende motief van mag, gee die sentrale **motief van liefde** 'n ryke verskeidenheid aan die verskillende kultuuraktiwiteite. Dit beteken dat dit in die wetenskap om **groei in wysheid** sal gaan; in die tegniek om **bou en bewaar**; in die landbou om **oes, beskerm en versorg**; in die ekonomie om **rentmeesterskap** en in die politiek om die **dien en bevorder van reg en openbare geregtigheid**. Hiermee is die verskillende gekwalifiseerde verantwoordelikhede van die mens en hulle onderlinge onherleibaarheid gewaarborg. Hierdie verskeidenheid is die regte weg om tot 'n sinvolle ontluiting (in die sin van ont-wikkeling) van ons kultuuraktiwiteite te kom."

In afdeling A het ons gesien dat teoloë dikwels in die verlede Johannes 10:10 gebruik het as legitimering van 'n vooruitgangsgeloof. 'n Ekologiese sendingbenadering as omvattende bevryding impliseer wel 'n "lewe in oorvloed" maar dan as 'n soeke na 'n dinamiese balans en na 'n kreatiewe interaksie tussen die mens en sy omgewing.



9.6.2 EKOLOGIESE BEVRYDING AS VOLHOUBARE ONTWIKKELING¹⁰⁸ IN 'N POSTAPARTHEID SUID-AFRIKA

Granberg-Michaelson (1992:1) wys daarop dat die 1992-Aardespitsberaad histories gesien kan word as die tyd toe al die nasies van die wêreld eenparig besef het dat ontwikkeling soos wat dit tradisioneel verstaan is tot groot ekologiese katastrofe gelei het. Daarom kies omgewingskundiges in die lig van die ekologiese krisis vir 'n vorm van ontwikkeling wat anders is as die tradisionele ontwikkelingsmodel (vgl 4.3.1; 4.3.3). Hierdie tipe ontwikkeling word volhoubare ontwikkeling genoem, 'n term wat sy oorsprong in die Duitse Bosboubestuur gedurende die vorige eeu gehad het maar veral in die tagtigerjare van hierdie eeu op ekologiese aangeleenthede toegepas is (Yeld 1993:10). So 'n ontwikkeling behels die bevryding van die mens van armoede en destruktiewe verbruikerspatrone na ontwikkeling wat gerig is op die bestuur van ekosisteme (Yeld 1993:6; vgl Au Sable Institute Forum; McDonagh 1990:189). Volhoubare ontwikkeling beteken dus ontwikkeling wat gerig is op die behoeftes van die tyd, sonder om toekomstige geslagte te benadeel (Yeld 1993:10). Ons sou volhoubare ontwikkeling kan definieer as 'n holistiese benadering waarin vrede en geregtigheid en die integriteit van die skepping die uitgangspunte van ontwikkeling uitmaak.

Kritziŋger (1991:16-17) wys daarop dat daar in 'n sendingbenadering met 'n korrekte ontwikkelingsgedagte (volhoubare ontwikkeling) wat 'n Bybelse grondslag het, sekere faktore is wat in aanmerking geneem sal moet word. Die spanning van ontwikkeling aan die een kant as 'n strewe na die gesonde welvaart van die mens teenoor ontwikkeling as 'n strewe na 'n gesonde planeet aan die ander kant moet in 'n kreatiewe balans gehou word sodat daar ruimte vir die welvaart van die mens en die omgewing kan wees.

Ons het hierbo kortliks gewys op die negatiewe rol wat die sending in die proses van ontwikkeling, wat 'n bedreiging vir die planeet inhou, gespeel het. En tog sal daar rekening gehou moet word met die feit dat bepaalde gemeenskappe juis hierdie tipe ontwikkeling nodig het anders staar hulle 'n donker toekoms in die gesig (vgl Japha et al 1993:6). Die realiteite van die wêreld is dat ongeveer 800 miljoen of ongeveer 'n vyfde van die wêreld se bevolking 'n tekort het aan die mees basiese noodsaaklikhede vir oorlewing. Dit sluit in die behoefte aan skoon water en gesondheidsorg, opvoeding en werksgeleenthede (Sine 1987:1). In Suid-Afrika is hierdie situasie so kritiek dat meer as 12 miljoen mense nié toegang tot skoon

¹⁰⁸ Möller (1995:255) wys daarop dat daar "ontwikkeling na bevryding" en soms ook buite om bevryding is. Daardeur toon hy dat ontwikkeling as 'n prominente en afsonderlike element van die ontlukende postmodernistiese ekumeniese sendingparadigma beskryf behoort te word. In aansluiting by Bosch (1991:432-446) behandel ek egter ontwikkeling as deel van sending as bevryding hoewel ek toegee dat ontwikkeling ook raakpunte het met inkulturasië, geregtigheid, hoop en ander aspekte van sending.



drinkwater het nie, terwyl 21 miljoen mense nie voldoende sanitasie- en vullisverwyderingsgeriewe het nie (Brynard 1995:13). Om vir verdruktes te vertel dat hulle meer omgewingsbewus moet wees het ons reeds gesien gaan net eenvoudig nie af nie (vgl 8.1). Ons het in afdeling A juis gesien dat Indira Gandhi in die vroeë sewentigerjare tydens 'n omgewingskonferensie in Stockholm verklaar het: "poverty is the biggest polluter" (vgl Granberg-Michaelson 1992:9-10). Vir die slagoffers van apartheid is die onmiddellike probleme wat hulle in die gesig staar werkloosheid, 'n gebrek aan voldoende behuising, opvoeding en mediese dienste. Sending as bevryding sal dus beteken dat die kerk sal toesien dat daar aan sulke persone die ruimte vir "gesonde" ontwikkeling gebied word. Ten einde die spanning tussen ontwikkeling en bewaring in ewewig te hou onderskei Kritzinger (1991:16) tussen **menslike aanraking** en 'n **religieuse aanraking** as twee maniere waarop die kerk by ontwikkeling betrokke kan raak.

Menslike aanraking behels die proses waarby die kerk meewerk aan die proses waarin volhoubare ontwikkelingsprogramme geïmplementeer word sodat geregtigheid en bevryding vir die verdruktes bewerkstellig word. Sendelinge moet toesien dat sulke programme getrou is aan die handhawing van bepaalde menseregte en dat die belange van die gemeenskappe daardeur gedien en nie ontwig word nie (Beinart 1987:15).

Religieuse aanraking behels die proses waardeur die kerk verkondig dat die aarde en die volheid daarvan aan die Here behoort (Ps 24:1). Hoewel daar reeds vroeër gelet is op die feit dat die tradisionele kulture in 'n simbiotiese verhouding met die natuur leef, bestaan die gevaar in so 'n benadering dat God as die transendente van die skepping uit die oog verloor word. Dit is nie die mens of die natuur wat die kern van die heelal vorm nie maar God alleen en daarom sal alle ontwikkelingsprogramme waarby die kerk betrokke is hierdie beginsel moet uitdra en verkondig.

9.6.3 VOLHOUBARE ONTWIKKELING AS MENSLIKE AANRAKING

Ten einde geregtigheid en bevryding vir die onderdruktes te bevorder moet die kerk in sy betrokkenheid by volhoubare ontwikkeling toesien dat ontwikkeling volgens die volgende vier riglyne in 'n postapartheid Suid-Afrika sal ontwikkel (vgl Bragg 1987:40-47):

- (a) Volhoubare ontwikkeling moet lewensonderhoudend wees
- (b) Volhoubare ontwikkeling moet geregtigheid bevorder
- (c) Volhoubare ontwikkeling moet kulturele waardes uitbou en nie smoor nie
- (d) Volhoubare ontwikkeling moet hoop in aksie wees

Ek staan kortliks by elkeen van hierdie riglyne stil.

(a) Volhoubare ontwikkeling moet lewensonderhoudend wees

Ontwikkeling wat slegs een groep bo 'n ander bevoordeel en wat ten koste van die welsyn van die aarde gekied moet ten sterkste veroordeel word. Ontwikkeling moet so gerig wees dat dit mense kan bevry uit hul basiese behoefte aan 'n woning, kleding en opvoeding maar terselfdertyd in pas met die aarde se "drakrag" wees (Granberg-Michaelson 1992:6). Daarom moet ontwikkeling gemeenskaps- en aardsrelevant wees. Ten einde te kan verseker dat ontwikkeling lewensonderhoudend is, behoort die kerk nie net op 'n klein skaal by ontwikkelingsprojekte betrokke te wees nie maar as drukgroep op te tree om sodoende toe te sien dat ontwikkeling mense se lewenskwaliteit en lewenswaardigheid uitbou en versterk.

(b) Volhoubare ontwikkeling moet geregtigheid bevorder

Die bevrydingstryd in Suid-Afrika het vir baie slegs om demokrasie gehandel. Daar is geglo dat bevryding die dag sal aanbreek wanneer anderskleuriges stemreg het en daar geen wetgewing is wat 'n beperking vir hulle inhoud nie. Tog blyk dit dat gelyke geleenthede en stemreg nog geen ware bevryding gebring het nie. Hierdie tendens het ook in ander dele van die wêreld voorgekom nadat politieke bevryding deurgebreek het. Volgens John Davies kan dit toegeskryf word aan 'n dieperliggende probleem wat veronderstel dat ware bevryding nie sal aanbreek voordat die probleem van die besit van grond nie aangespreek word nie (Anderson & Dawsey 1992:ix). So gesien het die gebrek aan volhoubare ontwikkeling in Suid-Afrika dus nie slegs met 'n gebrek aan investering te make nie maar ook met 'n gebrek aan toegang tot grond. 'n Regverdige samelewing waarin volhoubare ontwikkeling kan plaasvind is daarom 'n samelewing waarin die gebruik van grond nie deur 'n klein groepie individue gemanipuleer word nie maar waarin almal aanspraak het op die volhoubare gebruik daarvan.

Alvorens die wanbalanse in, toegang tot en gebruik van lewensbronne en welvaartsmiddele nie uitgeskakel word nie kan daar geen ontwikkeling bestaan wat ekonomiese geregtigheid sal inhoud nie. Daarom behoort enige toekomstige ekonomiese beleid doelbewus vir die bevryding van die armes deur ontwikkeling voorsiening te maak. Slegs op dié wyse sal geregtigheid teenoor die armes en die aarde kan geskied. Om armoede wat een van ons grootste besoedelaars is te bekamp beteken dat daar doelbewus gestrewe sal word na die bevryding van armoede. Die kerk kan 'n groot bydrae maak deur onder lidmate 'n bewuste kultuur te skep waarvolgens ekonomiese groei en vooruitgang nie alleen aan die bruto nasionale produk gemeet sal word nie maar ook aan die mate waarin die ekonomie voorkomend ten opsigte van die armoedevraagstuk handel. Daarom is ek van



mening dat die kerk in 'n postapartheid Suid-Afrika uiters sensitief moet wees om nie gevaarlike uitsprake ten gunste van óf 'n vryemarkeconomie óf 'n sosialistiese ekonomie te maak nie. Die spanning binne hierdie twee ekstreme oplossings van laissez faire-kapitalisme en Marxisties-Leninistiese sosialisme is volgens Nürnberger (1988:208) eties onaanvaarbaar omdat albei tot die konsentrasie van mag in die hande van 'n ongekontroleerde elite lei. In Suid-Afrika behoort daar gestreef te word na die sterk punte van albei posisies om te kom by 'n oplossing waar 'n balans gevind word tussen die voordele van ekonomiese vryheid en die eise van ekonomiese sekuriteit en gelykheid. Slegs so 'n balans kan tot bevryding lei. Die kerk sal ook ewe waaksaam moet wees teen die uitsprake dat daar 'n totale skeiding van kerk en staat moet wees, iets waarvoor veral blanke teoloë lief is. 'n Totale skeiding tussen kerk en staat kom daarop neer dat die kerk geen inspraak het om sake soos geregtigheid op die agenda van die staat te plaas nie (Anderson & Dawsey 1992:26; vgl Saayman 1991).

Volhoubare ontwikkeling moet primêr gerig wees op 'n gelyke verdeling van en toegang tot die rykdomme van die aarde. Dit moet van so 'n aard wees dat dit die mees dringende en onmiddellike nood van die mens sal aanspreek. Die ontwikkeling van 'n "wolkekrabber-ekonomie" soos in die ou Suid-Afrika wat 'n elite wit minderheid van die rykste ter wêreld gemaak het terwyl hulle deur blikkiesdorpe omring was, is iets wat vermy moet word. Ontwikkelingsgroeikoers in Suid-Afrika moet daarom nie net op hoë tegnologie en buitelandse investering allêen berus nie. Suid-Afrika sal toenemend verbruikersware wat in die behoeftes van die armes voorsien moet produseer, anders sal ekonomiese groei die huidige dualistiese ekonomie (vgl hfst 6) verder uitbou. Alle mense, ongeag hul ekonomiese status, ras, geslag of etniese herkoms, is ewe geregtig op 'n omgewing waarin lewe onderhou word. 'n Ekologiese sendingbenadering as omvattende bevryding impliseer daardie missionêre gerigtheid van die kerk waarin die armes bevry word van armoede deur geregtigheid, en die omgewing as gevolg daarvan ook bevry word uit die wurggreep wat armoede op die ekologie tot gevolg het. Omvattende bevryding impliseer dus 'n kragtige aktivering van die armes. Dit is 'n proses waarin die kerk moet toesien dat daar vir hulle geleentheid tot volhoubare ontwikkeling geskep word (vgl Morgan 1989:156).

Volgens Anderson en Dawsey (1991:3) bestaan daar twee moontlikhede waarop die mens in 'n verhouding tot die aarde kan staan. Die eerste moontlikheid is dié waarin die mens tans tot die aarde staan, naamlik: "wasteland". "Wasteland" word gekenmerk deur geweld, plundering en haat as gevolg van groot sosiale ongelykheid en 'n misbruik van die aarde se mineraalbronne. "Wasteland" is 'n aarde wat gevul is met betonoerwoude van fabriekke en plakkersgehuggies wat bydra tot die besoedeling van die omgewing. Die tweede moontlikheid van hoe die mens in sy verhouding tot die aarde kan staan, mits bevryding plaasvind, is naamlik: "promised land". Dit is juis



hierdie kontras wat Anderson en Dawsey dwarsdeur hulle boek gebruik en vandaar die titel, **From Wasteland to Promised Land: Liberation Theology for a post-Marxist world**. Die beweging na "promised land" kom nie op die oprigting van nuwe politieke ideologieë neer nie maar op die bevryding van die mens en die aarde (Anderson & Dawsey 1992:x). "Promised land" is hoe die land kan lyk wanneer dit gerig is op die koninkryk van God.

(c) Volhoubare ontwikkeling moet kulturele waardes uitbou en nie smoor nie

Ontwikkeling moet aansluiting vind by bestaande patrone en sosiale strukture wat kulture uitbou en help bevorder. Aan die einde van die studie van Japha et al oor sending en omgewingsbewaring word hierdie saak onderstreep wanneer die studie die volgende aanbeveling ten opsigte van ontwikkeling, sending en omgewingsbewaring maak (1993:71):

"Conservation policy must begin to assume relevant and explicit social meaning if it wishes to become accepted and effective; in places such as mission settlements, it must be associated in the public mind with the progress and development of the entire society."

(d) Volhoubare ontwikkeling moet hoop in aksie wees

Volgens die De Loor-taakgroep¹⁰⁹ moet daar in Suid-Afrika jaarliks vir 'n tydperk van tien jaar 198 000 huise gebou word ten einde die behuisingsnood te verlig (Yeld 1993:41). Volhoubare ontwikkeling vereis daarom dat die kerk sal toesien dat politici nie net by praat sal bly nie maar werklik iets aan die nood sal doen. Die kerk as die samelewing se gewete moet juis toesien dat daar aktief meegewerk word aan die bevryding van mense uit hierdie nood. So gesien word volhoubare ontwikkeling hoop in aksie¹¹⁰.

9.6.4 VOLHOUBARE ONTWIKKELING AS RELIGIEUSE AANRAKING

ONTWIKKELING MOET GEESTELIKE TRANSFORMASIE TOT GEVOLG HÊ

In afdelings A en B het ons gesien dat die Christendom 'n negatiewe invloed op die omgewing gehad het. Daarteenoor wys McDonagh daarop dat baie van die tradisionele godsdienste juis in 'n simbiotiese verhouding tot die natuur gestaan het voor hul kontak met Westerlinge. Die verskil in gesindheid tussen Westerlinge en

¹⁰⁹ 'n Taakgroep wat 'n indringende studie gedoen het oor die behuisingsnood in Suid-Afrika of soos wat Kritzinger (1994:10) dit tereg die "woningnood" noem.

¹¹⁰ Vir meer inligting oor die aspek van hoop kyk 9.12.

inboorlinge word duidelik uit die bekende uitspraak van Chief Seattle, 'n bekende 19de-eeuse Amerikaanse Indiaan wat die wit setlaars se versoek om grondgebied teëgestaan het, deur die volgende antwoord te gee (in McDonagh 1986:149):

"If we do not own the freshness of the air and the sparkle of the water, how can you buy them? Every part of this earth is sacred to my people. Every shining pine needle, every sandy shore, every mist, in the dark woods, every clearing and humming insect is holy in the memory and experience of my people... We are part of the earth and it is part of us. The perfumed flowers are our sisters; the deer, the horse, the great eagle, these are our brothers... The rivers are our brothers, they quench thirst... We know that the white man does not understand our ways... The earth is not his brother, but his enemy, when he has conquered it, he moves on... There is no quiet place in the white man's cities; no place to hear the unfurling of the leaves in spring, or the rustle of the insect's wings... what is there to life if a man cannot hear the whippoorwill, or the argument of the frogs around a pool at night?... The white man does not seem to notice the air he breathes..."

Schumacher wys daarop dat dit nie net by tradisionele godsdienste is waar hierdie simbiotiese verhouding tot die natuur bestaan nie. Die Boeddhiste het ook 'n beskouing teenoor die natuur wat in sterk kontras met die algemene Westers-materialistiese benadering van die Christendom staan (in Kritzinger 1991:6-7):

"... the Buddhist sees the essence of civilization not in a multiplication of wants but in the purification of human character... (140)... While the materialist is mainly interested in goods, the Buddhist is mainly interested in liberation... It is not wealth that stands in the way of liberation but the attachment to wealth; not the enjoyment of pleasurable things but the craving for them... the aim should be the maximum of well-being with the minimum of consumption... (141)... the consumption of goods is a means to an end... Modern economics... considers consumption to be the sole end and purpose of production...(142). (It) does not distinguish between renewable and nonrenewable materials, as its very method is to equalize and quantify everything by means of money price... The Buddhist economist would insist that a population basing its economic life on non-renewable fuels is living parasitically, on capital instead of income... (143)... their exploitation at an ever increasing rate is an act of violence against nature which must almost inevitably lead to violence between men... (144)".

Sine (1987:4) wys daarop dat Gandhi se visie vir die mense van Indië daarom heeltemal anders was as die uitgangspunte van die tipiese Westerse ontwikkelingsmodelle. Gandhi het van die veronderstelling uitgegaan dat die wetenskap nie die menslike waardes moes bepaal nie en dat tegnologie nie die samelewing moes beheers nie. Daarom het vooruitgang vir hom gelê in ontwikkeling wat die tradisionele kultuur, godsdiens en familielewe moes uitbou.



'n Ekologiese sendingbenadering as omvattende bevryding beteken daarom dat die ryk, hoofsaaklik blanke deel van die bevolking in Suid-Afrika, bevry moet word van 'n Westersgeoriënteerde lewenswyse waarin die media deur die reklamewese propageer dat hoë verbruik tot vervulling en bevryding lei (vgl Morgan 1989:160). Omvattende bevryding beteken daarom dat die kerk blankes moet lei tot 'n bevryding van die invloed van 'n verbruikersgesentreerde kultuur.

Ten einde blanke Suid-Afrikaners hiertoe te kan bevry, sal die kerk in 'n postapartheid Suid-Afrika 'n drukgroep moet wees wat moet omsien dat die regering deur die Departement Omgewingsake dringend aandag skenk aan wetgewende riglyne waarvolgens volhoubare industriële ontwikkeling in Suid-Afrika moet plaasvind¹¹¹. Die kerk hoef natuurlik nie net as drukgroep teenoor die regering op te tree nie. Dit kan ook druk uit oefen teenoor groot industriële korporasies om 'n volhoubare ontwikkelingstrategie te volg. In dié verband kan die kerk in Suid-Afrika kennis neem van 'n ondersoek¹¹² wat die Ecumenical Committee for Corporate Responsibility (ECCR)¹¹³ in Brittanje direk na afloop van die Aardespitsberaad in 1992 onderneem het.

In hierdie ondersoek het ECCR die 'Business Charter for Sustainable Development' as basis vir die ondersoek geneem om deur middel van 'n vraelys vas te stel watter top 100 industriële korporasies in Brittanje hulle by hierdie aanbevelings en bepalings hou. In hierdie ondersoek is daar ook 'n vraelys aan die leierskap van die hoofstroomkerke in Brittanje gestuur om vas te stel wat die kerk se gevoel oor die 'Business Charter for Sustainable Development' is asook wat die kerke se beleid en kriteria ten opsigte van die kerk se finansiële investering by korporasies is. Uit hierdie ondersoek het dit geblyk dat baie korporasies hulle geensins by hierdie aanbevelings en bepalings hou nie (ECCR 1992:9). Wat betref die ondersoek ten opsigte van die kerke maak die verslag die volgende opmerking (:11):

"We really do wish the time had already come when churches in Britain felt they could be more open in the way they conduct their affairs... sadly the evidence is that the time has not yet arrived..."

¹¹¹ In 'n AGENDA-TV-debat op 9 Julie 1995 oor die beoogde ontwikkeling van 'n staalplantasie by Langebaan langs die Kaapse Weskus het dit volgens mnr Peter Mokaba van die ANC geblyk dat daar nog geen duidelike wetgewende riglyne bestaan vir volhoubare ontwikkeling in Suid-Afrika nie.

¹¹² Die bevindinge van hierdie ondersoek is volledig vervat in 'n studiestuk getiteld: *The greening of industry? An environmental survey by the Ecumenical Committee for Corporate Responsibility (ECCR 1992)*.

¹¹³ ECCR is die oorkoepelende ekumeniese Tiggaam vir Nywerheidsbediening in Brittanje. Die doelwit van hierdie komitee is soortgelyk aan dié van die Interkerklike Komitee vir Nywerheidsbediening in Suid-Afrika (IKN). Dit wil verskillende nywerheidsbedieningsaksies se bedrywighede koördineer en 'n leidende, rigtinggewende rol aan sulke aksies verleen.



In die lig hiervan sien ECCR (:11) sy toekomstige rol as volg:

"... ECCR will have to continue to struggle with the implications of that question" (verwysende na die kerk en korporasies se onbetrokkenheid tot sake rondom vrede, geregtigheid en die heelheid van die skepping).

Dit is dringend noodsaaklik dat die kerk in Suid-Afrika by monde van IKN en/of die Learn and Environmental Program van die SARK ook 'n soortgelyke ondersoek moet loods om daardeur die kerk se besorgdheid uit te druk oor die wyse waarop die aarde tans en na verwagting in die toekoms in Suid-Afrika geplunder word en sal word.

Ten einde ontwikkeling wat gerig is op vrede, geregtigheid en die heelmaking van die skepping in die vooruitsig te stel is dit noodsaaklik dat 'n verandering van waardes en norme by mense vasgelê word. Om dit te kan bereik is 'n geestelike transformasie noodsaaklik. Daarom behoort die kerk se bevrydingsaksie nie net so gerig te word dat dit 'n drukgroep teenoor die omgewing en industriële ondernemings word nie maar dat dit ook ryk Christene sal oproep tot oorgawe en toewyding aan die saak van God se koninkryk. Daarom moet die kerk Gary Waldecker se visie van die nuwe Jerusalem as 'n beeld van perfekte harmonie tussen stedelike en plattelandse ontwikkeling aan lidmate, as 'n uitdaging van die kerk se dubbele roeping tot ontwikkeling en bewaring in 'n nuwe Suid-Afrika, voorhou (Du Preez 1992:16). In 'n artikel in Urban Mission onder die titel: **The city - the eschatological garden** beweer Waldecker dat die stad die eskatologiese vorm van die tuin van Eden is. Daarom moet stede al meer onder die Lig van die evangelie kom, sodat die nuwe Jerusalem deur middel van nuwe strukture van geregtigheid kan begin wortel skiet (ibid). Die kerk staan dus voor 'n geweldige opvoedingstaak om toe te sien dat volhoubare ontwikkeling sodoende tot geestelike transformasie sal lei. Daardeur sal die kerk help om onder inspirasie van die visie van 'n hemelse stad, elke stadsraad en stadsbewoner aan te moedig om stede te ontwikkel tot vestings vir God waar vrede, liefde, geregtigheid en skoonheid sal heers.

9.7 'N EKOLOGIESE SENDINGBENADERING AS OMVATTENDE VERSOENING

"Further, the integrity of creation means for human beings a harmonious relationship with nature. This in fact is the dominant biblical understanding of humanity with nature. The key is relationship: God, humanity and nature being-with each other in harmonious relationship. It is particularly important for human beings to learn this truth, for we have thought of ourselves as primarily apart, above, separate from the rest of creation. But we are part of the totality, sharing with the other parts of the creation a common dependence on the Creator."

(WCC 1990:25)

9.7.1 VAN VERTIKALE EN HORIZONTALA VERSOENING NA KOSMIESE VERSOENING

Veranderinge in Oos-Europa, Suid-Afrika, die Midde-Ooste en elders in die wêreld het die onderwerp van versoening 'n uiters aktuele tema in die jongste aantal jare geraak (vgl. Schreiter 1992:1). In die lig van wêreldwye veranderinge op ekonomiese en politieke gebied kan daar verwag word dat hierdie tema vir 'n hele aantal jare baie sentraal binne die Verenigde Nasies (VN) sal staan. In Suid-Afrika gaan hierdie tema as gevolg van die belangstelling wat die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK) lok, asook die proses van kerkvereniging, daartoe lei dat dié tema nog lank op die agenda van die kerk gaan bly. Hoewel die verskyning van die Ope Brief in die vroeë tagtigerjare en die ontstaan van die National Initiative for Reconciliation (NIR), groot teologiese gesprekke oor versoening tot gevolg gehad het, is daar nog tot op hede bitter min indien enige aandag aan die kosmiese aspek van versoening gegee. Cummings wys daarop dat die verskraling van die kosmologiese aspek van versoening wêreldwyd voorkom (1991:107):

"Healing and reconciliation are perceived primarily on the interpersonal level, while the consequences of Christ's saving work on a wounded cosmos are underplayed."

McDonagh sluit hierby aan wanneer hy daarop wys dat daar tydens die bekende Rooms-Katolieke 'Sinode van Versoening' in 1984, slegs een enkele stem was wat daarop gewys het dat versoening verder strêk as die horisontale en vertikale dimensie. Dit was biskop Stephen Fumio Hamao van Japan wat tydens dié sinode die dringendheid van die kosmiese aspek van versoening onderstreep het (in McDonagh 1990:180):

"Work for peace will be effective if all men become aware of their deep connection with nature, especially with living beings. Man must not only dominate nature, but also seek harmony with it and admire it in the beauty, wisdom and love of the Creator. Thus men will be freed of their frenzy for possessions and domination and will become artisans for peace."

Friedrich (1982:87) sluit hierby aan wanneer hy daarop wys dat die verskuiwing in die Teologie van Christenskap as persoonlike piëteit tot 'n meer omvattende verstaan waarin sosiale betrokkenheid ingesluit word, in ons tyd nog verder moet gaan. 'n Meer omvattende beskouing behoort volgens hom ook die kosmiese aspek in te sluit. Die noodsaaklikheid van so 'n stap het Pous Johannes Paulus II in sy nuwejaarsboodskap van 1990 onderstreep, toe hy daarop gewys het dat die ekologiese krisis die gevolg is van die feit dat die mens alle respek en waardigheid vir die natuur met die opkoms van wetenskaplike ontwikkeling verloor het (Dailey 1992:1). Hierdie beskouing het ook die kerk en die teologie geraak. Hierby het ons reeds in afdeling A breedvoerig stilgestaan toe ons gesien het dat die Verligting en die industriële rewolusie duidelike



spore op die Teologie gelaat het. Dit het veral gebeur deurdat die kerk die kultuuroopdrag in Genesis 1:28 gebruik het ter regverdiging van 'n wêreldbeskouing waarin die mens as subjek teenoor die natuur as objek te staan sou kom.

As gevolg van hierdie foute van die verlede reken Berry en Clarke (1991:48) dat die moderne Christendom kers moet gaan opsteek by die primitiewe godsdienste wat die mens in 'n unieke verhouding tot die aarde sien. Tydens die Aardespitsberaad in 1992 het die sekretaris-generaal van die VN, Boutros Boutros-Ghali, by hierdie gedagte aangesluit deurdat hy die VN-afgevaardigdes se aandag gevestig het op die noodsaaklikheid dat die wêreld weer die waarhede van die ou Antieke kulture moet laat herleef, aangesien dié kulture geglo het dat die aarde 'n siel het en dat die mens in 'n geestelike verhouding tot die aarde staan (Granberg-Michaelson 1992:25).

Hoewel daar in ons tyd 'n dringende behoefte bestaan aan 'n nuwe wêreldbeskouing waarin die mens nie as subjek teenoor die aarde as objek staan nie, bestaan die gevaar dat daar in die soeke na 'n nuwe wêreldbeskouing nou weer heeltemal na 'n ander uiterste toe oorbeweeg kan word. Hiervolgens word die goeie gesoek in alles wat natuurlik is. Volgens Du Plessis (1995:331) is so 'n benadering 'n reaksie op die antropologiese beskouing en het hierdie benadering sy oorsprong onder andere in die Neo-Romantiek wat beweer dat die mens 'n onderdeel van die natuur is en daarom nie geskeie daarvan mag leef nie. Waar die mens voorheen heer oor die natuur was word die natuur nou heer oor die mens. Omgewingsbewaring word daarom gesoek in die behoud van 'n ongerepte en ongeskonde natuur. So gesien word die kosmos self 'n ewige en heilige entiteit. Waar daar voorheen 'n té sterk antroposentriese klem gelê is op die mens se verhouding tot die natuur bestaan die gevaar dan dat die omgekeerde nou kan plaasvind. 'n Antiantroposentriese benadering lewer ewe veel probleme omdat dit lei tot 'n antimenslike, antikulturele en 'n antigeestelike benadering (Loader 1987:12).

Die buitengewone plek wat aan die mens binne die skepping toegeken is moet nie ontken word nie en so ook nie die geestelike komponent nie; daarom is dit belangrik dat ons die Bybel as uitgangspunt sal gebruik waarin die mens-natuur-verhouding duidelik uitgespel word (vgl Loader 1987:24). As daar aan alle skepsels vryheid toegeken word om te kan lewe, is dit hoogs waarskynlik dat daar respek vir die vryheid van alle mense sal wees. Die Bybel meld dat daar 'n definitiewe onderskeid tussen die posisie van die mens en dié van die natuur binne die skepping bestaan. Genesis 1:26 meld dat die mens die beeldraer van God is. Daarom kry die mens 'n spesiale opdrag in Genesis 1:28 om te heers oor die natuur, wat die mens onderskei van die natuur. Dit bied wel aan die mens 'n bepaalde voorkeurposisie en seën maar dit bied geensins rede tot eksploitasie nie. Barth is dus reg wanneer hy beweer dat die mens nie die meester óor die heelal nie maar meester in die heelal is (Friedrich 1982:15).



Die feit dat die sonde soos wat ons reeds gesien het kosmologiese merke nagelaat het, beteken dat die kerk in die lig van die ekologiese krisis nuut sal moet besin oor die implikasies van versoening. In so 'n besinning sal daar rekening gehou moet word met die besondere posisie wat die Bybel aan die mens toeken. Daarom kan omvattende of kosmiese versoening slegs plaasvind wanneer daar toegegee word dat die mens wel uniek is in die skepping maar met 'n baie besondere gekwalifiseerdheid. Daar sal altyd in gedagte gehou moet word dat ten spyte van die feit dat die mens die kroon van God se skepping is, hy steeds aan die aarde verbind is. Du Plessis (1995:343) stel dit treffend:

"Wat die ganse skepping byeenhou, is 'n netwerk verskille en samehange. Die samehang en verbondenheid tussen mens en natuur beteken onder andere dat ons op analoë wyse dieselfde morele gedrag teenoor natuurdinge verskuldig is. Waar die mens byvoorbeeld 'n lewend wese soos alle ander lewend wesens is, het hy ook die roeping om die belange van daardie natuurdinge so te behandel dat hulle tot groter ontplooiing van hulleself kan kom."

Ekologie beteken dus dat een soort slegs kan bestaan in verhouding tot ander soorte. 'n Soort of spesie se bestaansyn is slegs moontlik op grond van sy interafhanklike verhouding tot ander spesies. Hoewel die mens die kroon van God se skepping is, beteken dit nie dat die mens op sy eie kan bestaan nie. Die mens se voorwaarde vir bestaan is geleë in sy verbondenheid tot die hele skepping (Manenschijn 1988:107).

9.7.2 OMVATTENDE VERSOENING IN 'N POSTAPARTHEID SUID-AFRIKA

Volgens Breytenbach (1986:18) bestaan daar nie iets soos 'n uitgewerkte én afgeronde Christelike leer van versoening nie. Sedert die vroeë kerk het die leer van die versoening ontwikkel en is dit gewysig en aangepas om 'n teologiese antwoord binne die bepaalde wêreldbeskouing van 'n spesifieke tyd vir die Christendom te bied. In die lig van die ekologiese krisis het teoloë, daarom in ons tyd van versoening met die natuur begin praat (Breytenbach 1986:14). Nürnberger weer het die begrip versoening so uitgebrei dat hy in die lig van die diskrepansie tussen ryk en arm praat van 'n teologie van versoening van die ekonomiese magte van ons tyd (ibid). Volgens Bhagat (1990:111) is die ekonomiese aspek van versoening 'n noodsaaklike aspek van ekologiese versoening:

"A better harmony between economy and ecology is a tremendous task, conceptually as well as practically, but it offers the only chance to reconcile the interests of human beings and nature."

In sy dissertasie getiteld: **Versoening en die versoeningsproses - 'n Teologiese besinning oor die Suid-Afrikaanse debat**, wys Taute daarop dat versoening in die



wêreld van vandag beskou kan word as die proses waardeur alle gebroke verhoudinge (persoonlik, sosiaal en kosmies) herstel word tot 'n toestand van vrede op grond van Christus se kruisdood deur die oorsaak/oorsake van die gebrokenheid (sonde) te verwyder. Daarom is die Nederlandse filosoof, Wouter Achterberg, in die kol wanneer hy een van sy boeke, **Partners in de natuur**, noem. Met hierdie titel ontwerp hy 'n omgewingsetiek waarin hy die mens se verhouding tot die natuur as die van 'n vennootskap beskrywe. Volgens hom het 'n vennoot in 'n besigheid te alle tye die verantwoordelikheid om die belange van sy medevenoot te beskerm sodat dit vir albei gelyke voordeel sal inhou. Om 'n goeie vennoot van die natuur te wees, beteken dus dat die mens so met God, sy medemens en die natuur moet omgaan dat die natuur en hyself maksimum voordeel uit die vennootskap kan trek (Manenschijn 1988:115). Veral sedert die industriële rewolusie is die mens met die natuur in 'n verhouding gewikkel wat op niks minder nie as 'n oorlog neerkom (vgl Oosthuizen 1991:14)! Hierdie verbreekte verhouding tussen die mens en die natuur het 'n verbreking van die fyn balans van ekosisteme meegebring. Daarom behoort die mens volgens Moltmann te besef dat hy nie net 'n sosiale wese is nie maar deel van 'n groot geheel waarin harmonie die voorvereiste vir oorlewing is (Robinson 1983:483-484):

"They (verwysende na die mens) belong to nature and are dependent on nature. Human civilizations can only develop in equilibrium with the cosmic conditions of the earth as an organism. If they destroy it, then human civilizations will die out."

Ons sou dus kon sê dat 'n ekologiese sendingbenadering as omvattende versoening beteken dat die mens vrede met God moet hê (vgl Mehren 1991:189) en geregtigheid teenoor sy naaste en die natuur moet laat geskied ten einde die integriteit of versoening met die skepping te verseker. Christene sal dus in ons tyd opnuut moet besef dat hulle bestaan en voortbestaan ten nouste met die natuur verweef is. Alle menslike handeling het 'n invloed op die natuur (vgl Robinson 1993:483). Die tweede skeppingsverhaal in Genesis, in kontras met die eerste, fokus juis die aandag op die feit dat die mens (Adam) in sy ekosisteem in 'n verhouding tot God, die aarde en sy medemens (Eva) staan. Daarom is die mens deel van 'n ekosisteem waar daar 'n band tussen Adam (die mens) en adama (die aarde) bestaan (Labuschagne 1990:8-14). Die tweede skeppingsverhaal skets 'n prentjie van hierdie unieke verhouding tussen die mens en die aarde. Die tuin met sy ryke watervoorraad, sy ryk diere- en plantelewe en ongekende potensiaal is die fokusarea waar die mens se skeppingskreatiwiteit kan ontvou. Peters stel dit treffend (1972:166):

"The first mandate was spoken to Adam as representative of the race and involves the whole realm of human culture... It includes the natural and social aspects of man such as habitat, agriculture, industrialization, commerce, politics, social and moral order, academic and scientific advancements, health, education and physical



care... Such culture was to benefit man and glorify God. The Bible expresses it in the following terms: to populate, to subjugate, to dominate, to cultivate, and to preserve (Gen 1:28; 2:15)."

OMVATTENDE VERSOENING IN 'N POSTAPARTHEID SUID-AFRIKA

In hul boek, **Befriending the earth: A Theology of reconciliation between humans and the earth**, stel Berry en Clarke (1991:96-103) vyf voorwaardes vir 'n gesonde verhouding tussen die mens en die natuur. Ek wil by drie van hierdie voorwaardes telkens 'n toepassing op Suid-Afrika maak.

(1) As heerser oor die skepping moet die mens homself nie as outonome wese los van die skepping sien nie, maar as integraal deel daarvan

'n Ekologiese sendingbenadering as omvattende versoening vra dat Christene se lewens in ons dag 'n getuienis van die eenheid van die Lewe self sal wees. Al is die mens volgens Genesis 1 die kroon van God se skepping moet die sterk tegnokraties-industriële sienswyse van menslike dominasie oor die natuur, manlike oor vroulike, en rykes oor armes, daarom ten sterkste verwerp word. Christene moet in ons tyd weer diep onder die indruk gebring word dat 'n helende, versoenende en kreatiewe omgang met die skepping alles met Christenskap te make het. Franciscus van Assisi (1182-1226) se lewe was getuie hiervan deurdat hy afwysend gestaan het teenoor 'n lewe waarin die natuur en ander mense as blote objekte gesien is (vgl Carrick 1991:40; Mehren 1991:190-191). In sy optrede leer ons wat dit beteken om in noue verbondenheid met God en broeder, son en vuur, en suster, maan en water te lewe.

Suid-Afrikaners se leefwyse getuig in ons dag bitter min hiervan. Die feit dat baie die natuur as daarbuite, los van die probleme van 'n postapartheid Suid-Afrika sien getuig hiervan. Uit die onderhandelingsproses en uit die getuienisse voor die Waarheids- en Versoeningkommissie blyk dit dat alles ten diepste steeds slegs oor die belange van die mens gaan. Cock is daarom reg wanneer hy beweer dat die eerste voorwaarde waarop die ekologiese krisis in Suid-Afrika aangespreek kan word, geleë is in 'n integrale beskouing van die mens tot sy omgewing (1994:89):

"The starting point for this project involves redefining our understanding of 'nature'. Nature is not something 'out there', existing only in wilderness areas and wild animals, or even only in parks and open spaces. Nature is part of our daily lives, we experience it in the water we drink, the air we breathe and the food we eat. To overcome our separateness and alienation we need to experience ourselves as part of nature, and nature as a sacred source."



Dit kan slegs gebeur wanneer Suid-Afrikaners daarom in die soeke na vrede, versoening en demokrasie nie net die belange van die rykes of armes, mans of vrouens, blankes of anderskleuriges voorop stel nie maar ook die van die natuur. Omvattende versoening kan daarom slegs realiseer wanneer die mens homself as rentmeester van die aarde beskou (vgl Carrick 1991:40; Wilkinson 1981:261; Robinson 1991:145). Ten einde dit te kan doen het die kerk 'n groot opvoedingstaak te vervul. Ek doen slegs twee voorstelle vir omvattende versoening in dié verband aan die hand.

'n Eerste stap waardeur die kerk kan verseker dat die mens homself nie as outonome wese los van die skepping sal sien nie, maar as integraal deel daarvan, kan gedoen word wanneer die kerk as deel van sy opvoeding die mens bring tot die herontdekking van wat Berry en Clarke "The universe story" noem. Binne hierdie verhaal ontdek die mens dat hy deel van 'n groter geheel is waarin die mens maar betreklik onlangs op die tydskaal van die wêreldgeskiedenis verskyn het (Berry & Clarke 1991:7:101). Die oplewing van die narratiewe teologie in die afgelope dekade bied vir die kerk groot moontlikhede omdat dit uitgebou kan word na die verhaal van die mens as deel van die heelal. In ons tyd behoort Suid-Afrikaners nie net opvoeding oor die geskiedenis van apartheid en onreg wat die mens aangedoen is te ontvang nie, maar ook van die onreg wat die natuur aangedoen is. Sodoende sal mense beseft dat hulle nie net in 'n verhouding tot God en hulle medemens staan nie maar ook tot die aarde.

'n Tweede voorstel behels dat die kerk in ons tyd baie meer van simbole en rituele moet maak. So byvoorbeeld kan die simbool van vertroeteling - om te vertroetel en om vertroetel te word - in kerklike liturgieë veel meer aandag geniet. Berry en Clarke (1991:104) sien die vier patriargale instellings van die Westerse beskawing, naamlik die antieke keiserryke, die kerklike instelling, die nasionale staat en die moderne onderneming, as medeverantwoordelik daaraan dat die vroulike en die natuurlike beskouing verdring is deur 'n patriargale beskouing (:104-105). Deur meer te maak van vertroeteling as deel van die liturgie kan die noodsaaklikheid van sorg vir die natuur deel van die kerk se opvoeding word. 'n Ekologiese sendingbenadering as omvattende versoening vra verder dat die fase van skuldbelydenis ook kosmiese skuldbelydenis moet insluit. Sodoende word die mens se rentmeesterskap teenoor die aarde doelbewus onder die aandag van lidmate gebring.

(2) Die aarde kan slegs voortbestaan indien dit integraal funksioneer

Die aarde werk soos 'n sinnekopweb. Wanneer een draad vernietig of beskadig word trek die hele web saam. Om dus in ons tyd te dink dat ons politieke oplossings kan beding sonder inagneming van die konsekwensies wat sulke besluite op die aarde gaan hê is naïef. Ekologiese probleme kan nie aangespreek word solank as wat politieke en ekonomiese probleme fragmentaries opgelos word nie. Daarom behoort enige plan van versoening soos trouens die geval is met geregtigheid en bevryding



die konsekwensies van enige besluite op die natuur in dieselfde mate in ag te neem as die mate waarin die belange van die mens gedien word. 'n Soeke na vrede tussen mense in 'n postapartheid Suid-Afrika, sal nie tot harmonie lei solank as wat net die mens se belange vooropgestel word nie. Waar die kerk in ons tyd sosiaal betrokke is by opheffingswerk omdat restitusie gesien word as deel van versoening behoort restitusie teenoor die aarde ook plaas te vind. Daarom behoort die kerk dit as deel van sy missionêre roeping te verstaan om betrokke te raak by boomplantaksies en omgewingsbewaringsaksies.

(3) Opvoeding oor die mens se verantwoordelikheid teenoor die natuur is in ons tyd dringend noodsaaklik

Alle kerklike opvoeding en teologieë moet gerig wees op die mens se kosmiese verhoudings. Daarom is Taute (1992:156) reg wanneer hy beweer dat die kerk nooit met die samelewing mag konformeer nie maar elke ideologie, samelewingstruktuur, tydsgees en denkpatoon in die lig van Christus se eskatologiese versoening van die ganse kosmos moet toets. Daarom het die kerk die taak en opdrag om hom te verset teen die mag en die invloed van alle magte deur hulle te bestry, hulle heerskappy te betwis en die wêreld vir Christus te verower. Gelowiges moet daarom al hierdie magte bewustelik opponeer. Dit beteken dat die magte deur eerlike en openhartige konfrontasie geïdentifiseer en ontbloot sal word (vgl Kol 2:15), anders bly hulle "onsigbare" hindernisse in die versoeningsproses (Taute 1992:156). Ten einde dit te kan doen het die kerk 'n geweldige opvoedingstaak aan jonk en oud. In hierdie opvoeding moet dit beklemtoon word dat die kerk in 'n postapartheid Suid-Afrika in sy versoeningsbediening die persoonlike, sosiale en kosmiese dimensies van die versoening in 'n onderlinge verhouding moet verreken. Slegs wanneer die kerk dit doen bied dit 'n legitieme antwoord vir die multidimensionele aard van die gebroke verhouding wat deur die sonde as skuld en as mag veroorsaak word. Die bron, motivering en vertrekpunt van hierdie multidimensionele bediening van die versoening is die sentrale versoeningsdaad van Christus aan die kruis (vgl 2 Kor 5).

9.8 'N EKOLOGIESE SENDINGBENADERING AS INKULTURASIE

"We commit ourselves to work... for building a culture that can live in harmony with creation's integrity, for preserving the gift of the earth's atmosphere to nurture and sustain the world's life; for combating the causes of destructive changes to the atmosphere which threaten to disrupt the earth's climate and create widespread suffering..."

JPIC Covenant Declaration of Seoul (in Van Elderen 1990:6)



9.8.1 VAN DIE OORPLANTING VAN 'N WESTERSE KULTUUR NA INKULTURASIE

Pierre Charles het die term inkulturasie, wat ontleen is aan antropologiese kringe, aan die Sendingwetenskap bekend gestel maar dit was J Mason wat die term in die sending die eerste keer in 1962 gebruik het toe hy begin praat het van inkulturerende katolesisme. Dit was egter eers vanaf 1977 dat dié term as algemene en aanvaarbare term binne sendingkringe ingang sou vind. Die term inkulturasie dien as beskrywing daarvan dat die Christelike geloof nie op sy eie as universele verskynsel bestaan nie maar dat die Christelike geloof op 'n bepaalde wyse binne 'n kultuur gestalte moet vind (Bosch 1991:447). Ons sou in moderne taal kon sê dat inkulturasie daardie voortdurende proses is waardeur die veelvoudige karakter van die Christendom homself in 'n kultuur vestig. Christus se koms na die aarde en Christus se lewe op aarde was juis die Woord se inkulturasieproses, omdat God Homself binne 'n bepaalde wêreld en kultuur kom inkarneer het. (vgl Karecki 1993:153).

Inkulturasie is nie 'n luuksheid wat die kerk eers in die twintigste eeu ontdek het nie. Inkulturasie het reeds in die vroeë kerk plaasgevind sodat mense vanuit verskillende agtergronde van die destydse samelewing, binne die kerk tot 'n nuwe eenheid geakkommodeer kon word (Bosch 1991:448). Die eerste werklike inkulturasie-ontsporing het plaasgevind in die tydperk na Konstantyn toe die staat die offisiële draer van die Christendom geword het. In die jare hierna sou die kerk al moeiliker 'n onderskeid kon maak tussen die Christelike geloof en die kultuurwêreld sodat 'n eenheid tussen die kerk en die staat ontwikkel het. Die kerk het met ander woorde begin glo dat die Christelike geloof 'n universele kultuur was. As gevolg van die feit dat die kerk grotendeels in die Weste ontstaan het, het die uitdra van die Christelike geloof en die uitdra van die Westerse kultuur vir die Christendom sinoniem geword. In afdelings A en B het ons gesien dat dit tot 'n gevaarlike ontsporing van die evangelie self sou lei. In die naam van Christus is kulture ontfwig, is mense ontwortel en is die aarde geplunder en beroof omdat dit die norm binne die Westerse kultuur was.

Hoewel die kerk van mening was dat "inkulturasie"¹¹⁴ noodsaaklik was het die kerk volgens Bosch (1991:448-449) die volgende foute begaan:

(1) Die Christelike geloof is nooit losgemaak van 'n Westerse kultuur nie. Daarom het baie sendelinge geglo dat die Westerse kultuur 'n voorwaarde vir die aanvaarding van die evangelie was.

¹¹⁴ Binne die sending is die term inkulturasie soos reeds gesien eers heelwat later in gebruik geneem. Die terme *akkommodasie en verinheemsing* is veral gedurende die proses van kolonisasie gebruik om deur beide die Rooms-Katolieke en Protestantse sendelinge uitdrukking te gee aan inkulturasie (Bosch vgl 1991:448).



(2) Die gebruik van nie-Westerse kultuurgoedere deur die inboorlinge as uitdrukking van die Christelike geloof, is slegs as 'n tydelike toegewing beskou.

(3) In bogenoemde toegewing is slegs kulturele elemente wat vry verklaar kon word van 'n heidens-godsdiensige invloed toegelaat.

(4) Die onderskeid tussen subjek en objek binne die Westerse denke sou veroorsaak dat Westerlinge nie 'n kultuur as 'n eenheid beskou het nie. Volgens Westerlinge kon jy 'n kultuur aanmeekaarsit en uitmekaarhaal soos die onderdele van 'n masjien. Daarom was daar geen waardering vir ander kulture se beskouing van hul eie kultuur as 'n eenheid nie.

(5) Westerlinge het aanvaar dat die Christelike geloof reeds in sy volheid binne die Weste aangebreek het. Daar is nooit besef dat akkommodasie en verinheemsing van die evangelie nie net van toepassing was op die kerk in die nie-Weste nie, maar ook binne die "gearriveerde Weste". Daarom het sendelinge hulleself slegs as leermeesters van die evangelie beskou, wat niks by ander kulture kon leer nie.

Indien die sendelinge veral in dié verband meer buigsaam was kon die verloop van die ekologiese krisis dalk heelwat anders daar uitgesien het.

(6) "Inkulturasie" is nie 'n wesenlik deel van die sending beskou nie. Dit was eerder beskou as 'n aanhangsel of opsie en daarom was dit vir baie 'n saak op die periferie van die sending.

In sy pouslike brief, **Redemptoris Missio** van 1991, het Pous Johannes Paulus II. sterk standpunt hierteenoor ingeneem deur dit baie duidelik te stel dat die kerk inkulturasie nie as 'n luuksheid nie maar as 'n dringende noodsaaklikheid moet sien (Karecki 1993:158):

"Through inculturation the Church, for her part, becomes a more intelligible sign of what she is, and a more effective instrument of mission."

(7) Verinheemsing en adaptasie het slegs in een rigting plaasgevind, naamlik vanaf die Weste na die nie-Weste. Die Weste het geen nut daarin gesien om by die nie-Westerse kulture te leer nie.

(8) Verinheemsing en adaptasie was nooit 'n proses waaraan die nuwe bekeerlinge uit die nie-Westerse kulture kon deelneem nie. Dit het altyd plaasgevind onder toesig en voogskap van die Westerse sendelinge wat hulself as verhewe bo die nuutbekeerdes beskou het.



Die opkoms van nasionalisme en kommunisme, die herontdekking van antropologiese waarhede en van Derdewêreldteologieë sou die noodsaaklikheid onderstreep dat daar wegbeweeg moes word van die tradisionele drie-self-beweging na inkulturasie soos wat Charles dit aan die kerk bekend gestel het. Met die "herontdekking" van inkulturasie is daar konsensus bereik dat 'n verskeidenheid kulture noodwendig 'n verskeidenheid teologieë tot gevolg kan hê. Inkulturasie sou daarom in die praktyk beteken dat daar wegbeweeg moes word van 'n sterk Westerse sendingbenadering na 'n sendingbenadering waarin die Christelike geloof in die lig van eie omstandighede nuut oordink, hergeformuleer en prakties uitgeleef moes word (Bosch 1991:450-452). Inkulturasie sou dus beteken dat die Christelike geloof binne elke konteks 'n eie unieke karakter kan dra en dat daar nie iets soos 'n universele model van inkulturasie bestaan nie. Daar is eerder sprake van verskeie inkulturasiemetodes (Bosch 1991:453).

9.8.2 INKULTURASIE IN 'N POSTAPARTHEID SUID-AFRIKA

Voordat ek enkele riglyne gaan neerlê vir 'n ekologiese sendingbenadering as inkulturasie in 'n postapartheid Suid-Afrika, wil ek eers die aandag op twee sake vestig. Eerstens is dit belangrik om daarop te let dat "inkulturasie" nie orals in die sendinggeskiedenis ontspoor het, deurdat alle sendelinge te alle tye nie-Westerse kulture met die evangelie verdring het nie. Die sending van De Nobili en Mateo Ricci gedurende die sewentiende eeu in Sjina, staan uit as mooi voorbeelde hiervan. De Nobili en Ricci het geglo het dat die Sjinese kultuur behoue moes bly tensy dit die wese van die Christelike godsdiens self teëstaan. Dit was volgens hulle absurd om te dink dat die Christelike godsdiens Frankryk, Spanje of Italië in Sjina moes indra (Bosch 1991:449).

Twêdens wil ek daarop wys dat alvorens inkulturasie die proses van sending in 'n postapartheid Suid-Afrika kan vergesel, dit belangrik is dat die kerk tot 'n skuldbelydenis teenoor God, mede-Christene en nie-Christene sal kom, omdat die kerk in die verlede nie genoegsaam rekening gehou het met die rykdom van ander kulture nie maar dit uit die staanspoor probeer verdring het (vgl Karecki 1993:155).

Vervolgens wil ek ses riglyne wat Bosch (1991:453-455) vir sending as inkulturasie neerlê van toepassing maak binne die konteks van die ekologiese krisi in 'n postapartheid Suid-Afrika.

(1) In(fer)kulturasie is 'n gesamentlike proses

Waar verinheemsiing en adaptasie in die verlede in een rigting plaasgevind het veronderstel inkulturasie 'n wedersydse proses (Karecki 1993:154). Daarom behoort 'n mens volgens Bosch (1991:456) eerder te praat van in(ter)kulturasie as inkulturasie.



Hoewel in(ter)kulturasie 'n gesamentlike proses is moet dit egter nooit as afgehandel en finaal beskou word nie. In(ter)kulturasie vereis 'n voortdurende wisselwerking. Daarom kan 'n mens nooit praat van een bepaalde teologie nie maar eerder dat teologie wat geïnkultureer word uit 'n steeds groeiende verskeidenheid van teologieë bestaan (Bosch 1991:456).

Vandag word die Bybel in postapartheid Suid-Afrika soos elders ter wêreld deur Christene van uiteenlopende aard geïnterpreteer: deur rykes en armes, blankes en anderskleuriges, mans en vrouens, volwassenes en kinders, die wat baie het en die wat min en niks het nie. Dit is hierdie uiteenlopende groepe se ervaring en verstaan van die Bybel en van die Christelike geloof wat deel uitmaak van 'n nuwe teologie wat geleer moet word - 'n teologie waarin daar saamgewerk word en waarin daar minder arrogansie moet bestaan (Breuilly & Rajotte 1992:5). Daarom moet sending as in(ter)kulturasie "building a culture that can live in harmony with creation's integrity" behels (WCC 1990:49; vgl 51). Asante (1985:291) is daarom korrek wanneer hy daarop wys dat 'n teologie van vrede, geregtigheid en die integriteit van die skepping nie uit slegs 'n Eerste- of slegs 'n Derdewêreldkonteks gebore kan word nie. Daar kan byvoorbeeld nie uit die staanspoor aanvaar word dat dié kulture en godsdienste wat na aan die aarde lewe ál die oplossings het nie. 'n Ekologiese sendingbenadering as inkulturasie veronderstel daarom 'n gesamentlike proses wat voortdurend plaasvind en nooit wil pretendeer dat dit gearriveer het nie.

(2) Inkulturasie moet die klem op die plaaslike omstandighede laat val

'n Ekologiese sendingbenadering as inkulturasie veronderstel dat die gesamentlike doel van vrede, geregtigheid en die heelmaking van die skepping waardeur God se ryk kom, verskil van gebied tot gebied. Daarom kan daar nooit 'n ekologiese bloudrukplan wees waarvolgens die kerk behoort te werk nie. Dié studie van Japha et al (1993:85) onderstreep juis hierdie saak in een van die aanbevelings rondom bewaring:

"Conservation cannot proceed with the usual top-down methods of identification, proclamation and management. Programmes must establish opportunities for participation which will give local communities the chance to contribute to assessments of what is significant, to decisions about appropriate management strategies, and to the management procedures themselves."

Van Niekerk (1994:26) is oortuig dat die nuwe demokratiese regering van Suid-Afrika met sy Heropbou- en Ontwikkelingsprogram juis hierin 'n groot fout maak, deurdat daar nie na behore geluister word na mense se behoeftes op grondvlak nie. Dit is juis hier waar die kerk 'n groot rol kan vervul deur fyn te luister na die inwoners en na die "aarde se gesug" om vandaar 'n ekologiese strategie te bedink wat tot eer van God se ryk op aarde sal strek. So 'n strategie moet nooit 'n duplisering van 'n ander strategie



wees nie (Paredes 1987:78). Inkulturasie beteken dat alle kulturelelemente wat 'n gesonde wisselwerking tussen die mens en sy omgewing bevorder aangeneem en uitgebou sal word (vgl Japha et al 1993:55). Eredienste wat juis die plaaslike omstandighede in ag neem kan daarom doeltreffend aangewend word om 'n evangelie waarin die vrede, geregtigheid en die heelmaking van die skepping verkondig word aan mense op voetsoolvlak te bring (vgl WCC 1992b:29; Karecki 1993:152-153; Du Preez 1992:20).

(3) Inkulturasie is plaaslik maar het ook 'n streeks- en makrokulturele dimensie

Hoewel inkulturasie gemik is op die belange van die plaaslike gemeenskap is dit ook so dat die plaaslike gemeenskap die lewe van die kerk en wêreld wêreldwyd moet verryk (vgl Karecki 1993:154). 'n Mens kan tereg beweer dat die ekologiesewêreld-krisis ten diepste 'n ideologiesekultuur-krisis is wat daarom op sowel 'n mikro- as makrovlak aangespreek behoort te word. Die JPIC Covenant Declaration of Seoul verwoord dit treffend (in Van Elderen 1990:6):

"We commit ourselves to work... for building a culture that can live in harmony with creation's integrity, for preserving the gift of the earth's atmosphere to nurture and sustain the world's life, for combating the causes of destructive changes to the atmosphere which threaten to disrupt the earth's climate and create widespread suffering..."

'n Ekologiese sendingbenadering as inkulturasie in 'n postapartheid Suid-Afrika sal daarom beteken dat enige bewaringsprogram wat kerklik gerugsteun word, moet bydra tot die ontwikkeling van 'n nuwe Suid-Afrikaanse gemeenskap waarin daar 'n gemeenskaplike doel van vrede, geregtigheid en die heelmaking van die skepping nagestreef word.

(4) Inkulturasie streef 'n inkarnerende model van sending na

Omdat die evangelie posvat en nuut word binne 'n bepaalde gemeenskap beteken dit dat die kerk nie van een plek na 'n ander uitgebrei of oorgeplant word nie. Die kerk sien ten diepste slegs toe dat die evangelie binne 'n bepaalde gemeenskap nuut gebore word. Meer as 300 jaar se Westerse invloed in Afrika en Afrika-invloed op Westerlinge, het tot gevolg dat daar by beide blankes en anderskleuriges in Suid-Afrika 'n nuwe kultuur en leefwyse posgevat het. Daarom beteken 'n ekologiese sendingbenadering as inkulturasie nie dat die klok teruggedraai moet word na 'n vroeë Afrikakultuur nie. Daar moet ruimte gelaat word daarvoor dat die evangelie 'n kultuurgees van "nation building"¹¹⁵ sal hê wat gerig sal wees op God se koninkryk van vrede, geregtigheid en die heelmaking van die skepping.

¹¹⁵ Onder "nation building" verstaan ek nie dat "nation building" 'n nuwe kultuur veronderstel wat alle kulture deur 'n gemeenskaplike kultuur moet verdring en vervang nie. "Nation building" gaan vir my eerder om die strewe na 'n eenheidsideaal.

(5) Inkulturasie kan lei tot 'n nuwe geestelike beleving en -ervaring

Hoewel inkulturasie beteken dat die evangelie 'n Christologiese stempel op 'n ander kultuur plaas moet daar ruimte gelaat word vir die feit dat ander kulture Christus heeltfemal nuut binné daardie kultuur kan aanbied. Sending beteken sodoende dat ons nie net Christus aan ander bring nie, maar dat ons Christus ook in ander kulture kan ontmoet. Bewaring van die omgewing het geen hoop op sukses indien dit suiwer uit 'n Christelik-Westerse oogpunt benader gaan word nie. Enige vorm van bewaring moet juis rekening hou met die historiese en oorgeërfde rykdomme van ander kulture (Japha et al 1993:61). Daarom behoort tradisionele kulture gehelp te word om soos wat Dorr (1991:17) dit noem "to come home to their traditional heritage", maar ook om in dié proses ander Christene te help om iets van die uniekheid van Christus binne daardie bepaalde kultuur te beleef en te ervaar.

(6) Inkulturasie behels 'n omvattende proses

Aangesien 'n kultuur 'n omvattende verskynsel is, is dit net logies dat inkulturasie 'n omvattende proses behels. Hoewel daar reeds gewys is op die gevaar wat adaptasie en verinheemsing geloop het deurdat 'n Westerse beskouing van kultuur op die nie-Weste afgeforseer is, bestaan daar weer 'n gevaar na die ander uiterste. Dit gebeur wanneer 'n gees van "anything goes" posvat. Daarom sal sending as inkulturasie in 'n postapartheid Suid-Afrika nie beteken dat die kerk in die uitlewing van sy missionêre roeping onkrities sal staan teenoor ander kulture en blind vir die foute binne daardie kulture sal bly nie (vgl Karecki 1993:153). Die kerk sal byvoorbeeld in ons tyd in dieselfde asem waarin daar waardering vir tradisionele kulture uitgespreek word, ook kritiese vrae moet vra oor die ondergeskikte posisie van die vrou binne hierdie kulture, wat dikwels 'n teelaarde vir onreg skep. 'n Ekologiese sendingbenadering as inkulturasie sal dus beteken dat wanneer die evangelie binne 'n betrokke konteks gestalte vind, dit daardie kultuur sal naboots, rigting sal toon, eenheid sal bewerk maar dok terselfdertyd die kultuur sal transformeer om sodoende "n nuwe skepping" in die vooruitsig te stel (vgl Shorter 1988:11)! Daarom kan daar verwag word dat die oprigting van God se koninkryk in 'n gebroke en sondige wêreld wat sy merke op elke kultuur laat, noodwendig teenstand sal ervaar.

9.9 'N EKOLOGIESE SENDINGBENADERING AS GESAMENTLIKE GETUIENIS

9.9.1 DIE SPANNING TUSSEN SENDING EN EENHEID

Voor die draai van die eeu en die opkoms van die studentesendingbeweging, was konsensus oor kerklike leerstellinge die voorwaarde vir kerklike eenheid. Die gemeenskaplike ideaal om die wêreld so effektief as moontlik te bereik het feitlik nie



bestaan nie. Dit was egter veral die Edinburgh Sendingkonferensie van 1910 wat 'n nuwe dimensie aan kerkeenheid sou gee aangesien eenheid voortaan gemotiveer sou word as die kerk se gemeenskaplike besorgdheid oor 'n verlore gaande wêreld. Hoewel die Edinburgh Sendingkonferensie dit nie in sulke duidelike terme uitgespel het nie, het dié konferensie tog ten diepste bewys dat daar geen geloofwaardige eenheid sonder 'n geloofwaardige sending en 'n oop venster na die wêreld kan bestaan nie. Reeds by hierdie konferensie is die basis dus gelê vir *sending in eenheid* en *eenheid in sending* en het dié gedagtegang toenemend ontwikkel dat dit nie moontlik is om te kies vir óf sending óf eenheid nie (Bosch 1991:459). Scayman (1984:127) wys daarop dat daar nie 'n keuse ten opsigte van óf sending óf eenheid gemaak kan word nie - 'n keuse vir sending én eenheid is 'n keuse vir albei of vir niks.

Dit was egter eers tydens die WRK se Algemene Vergadering van 1961 in Nieu-Delhi waar die Internasionale Sendingraad geïntegreer is in die Wêreldraad van Kerke dat daar vir die eerste keer struktureel uitdrukking gegee is aan sending en eenheid en dat die spanning hiervan begin oorkom is. Nieu-Delhi sou dit onderstreep dat sending en eenheid bymekaar hoort en dat sending slegs sending in die ware sin van die woord is indien dit gebore is uit die één kerk van Christus (Bosch 1991:459-460).

Ongelukkig sou dié ideaal van Nieu-Delhi nie orals binne die kerk ewe welkom wees nie. Die integrering van die Internasionale Sendingraad in die strukture van die WRK het byvoorbeeld daartoe aanleiding gegee dat baie Evangelicals alle bande met die destydse Internasionale Sendingraad gebreek het. Die feit dat die Evangelicals hierdie bande gebreek het, beteken nie dat hulle nie die noodsaaklikheid tussen sending en eenheid gesien het nie. Vir die Evangelicals bestaan die verhouding sending en eenheid daarin dat die begrip **waarheid as voorwaarde** geld vir hierdie verhouding sending en eenheid. Die waarheid as die Woord van God in Christus moet sentraal binne die sending staan (Bosch 1991:461). Donald McGavron, een van die sterk verteenwoordigers van die Evangelical-beweging het dit in 'n ope brief reeds voor WRK se Algemene Vergadering in Nairobi as volg verduidelik (in Bosch 1980b:159):

"... we have come to the conclusion that the two radically different systems of doctrine are battling for acceptance. The one believes that the Bible is the inspired, authoritative, infallible Word of God. The other believes that the Bible is the word of men through which God speaks on occasion."

Die Ecumenicals daarteenoor sien die verhouding sending en eenheid anders. Vir hulle **bestaan die waarheid daarin dat geen sending sonder eenheid moontlik is nie.**

9.9.2 'N EKOLOGIESE SENDINGBENADERING AS VIERDE WEG VIR DIE BEMIDDELING VAN WARE EENHEID IN 'N POSTAPARTHEID SUID-AFRIKA

DIE SOEKE NA OPLOSSINGS

Tussen die Evangelicals en die Ecumenicals leef die spanning in die verstaan van sending en eenheid steeds voort. Daar is reeds verskeie pogings aangewend om hierdie spanning te oorkom. So byvoorbeeld het Bosch reeds so vroeg as 1982 'n sogenaamde "Derde Weg" begin voorstaan om daardeur die spanning te oorbrug, maar teen die einde van die tagtigerjare sou dit blyk dat ook sy voorstel ontoereikend was (Saayman 1990a:106). Saayman (:107) is van mening dat hierdie polarisasie in die toekoms slegs vir Westerse-middelklas-Christene 'n saak van belang gaan wees omdat ontwikkelinge in die Derde Wêreld reeds getoon het dat so 'n spanning betekenisloos is in die lig van ander gemeenskaplike strydvrae waarmee Christene in die Derde Wêreld worstel. Hy wys byvoorbeeld daarop dat die stryd teen apartheid in Suid-Afrika getoon het dat Evangelicals en Ecumenicals in 'n stryd vir 'n lewe van vryheid en menswaardigheid veel nader aan mekaar kon kom as wat die verwagting was. So byvoorbeeld het heel party Evangelicals en Ecumenicals geen probleem daarmee gehad om beide die Evangelical Witness en die Kairosdokument te onderteken nie. Binne die Institute of Contextual Theology (ICT) was daar ook heelwat individue van uiteenlopende sendingorganisasies wat mekaar gevind het. Ek het dit eerstehands ervaar binne die Interkerklike Komitee vir Nywerheidsbediening (IKN) omdat hierdie komitee sedert sy stigting in die vroeë sestigerjare sendingverteenwoordigers vanuit 'n wye spektrum van Evangelicals en Ecumenicals ingesluit het. Binne hierdie komitee was kerkleiers verenig in hul stryd teen die eksploitasie van anderskleurige werkers onder 'n onregverdige apartheidsbedeling. Daar is sommige teoloë wat beweer dat die IKN gedurende die jare van apartheid die mees verteenwoordigende ekumeniese liggaam in Suid-Afrika was aangesien die NG Kerk, die AGS en die Rooms-Katolieke kerk, wat nie lidkerke van die SARK was nie in hierdie komitee saam met SARK-lidkerke verteenwoordig was.

Saayman (:108) is van mening dat hoewel die polarisasie binne Evangelical- en Ecumenicalgeledere altyd sal bestaan, die moontlikheid ook bestaan dat hierdie polarisasie in Suid-Afrika in die toekoms al meer sal verdwyn. Hoewel Ecumenicals in Suid-Afrika steeds besig sal bly met sosio-politieke en sosio-ekonomiese vraagstukke reken hy dat daar verwag kan word dat sulke vraagstukke in die toekoms met 'n sterker evangeliese klem benader kan word. Hoewel Evangelicals in Suid-Afrika weer steeds besig sal bly met bekering en heil sal daar in die toekoms meer geworstel word met sosio-politieke en sosio-ekonomiese vraagstukke vanuit die Bybel.

Volgens my bied die ekologiesekrisis-vraagstukke van 'n postapartheid Suid-Afrika juis die unieke geleentheid waarbinne die polarisasie van Evangelicals en Ecumenicals



oorbrug kan word. Daarom stel ek 'n vierde weg voor wat ek 'n Ekologiese Weg¹¹⁶ wil noem. 'n Ekologiese Weg sal na my mening 'n baie groter uitdrukking aan die verhouding sending en eenheid binne die Suid-Afrikaanse konteks verleen omdat die ekologiese vraagstukke in 'n postapartheid Suid-Afrika minder ideologies geklee is as wat die geval in die stryd teen apartheid was.

VAN ONENIGHEID RONDOM APARTHEID TOT EENHEID INSAKE EKOLOGIESE-KRISIS-VRAAGSTUKKE IN 'N POSTAPARTHEID SUID-AFRIKA

Een van die grootste struikelblokke tot effektiewe sending in Suid-Afrika tot voor 1994 was daarin geleë dat apartheid nooit as 'n gemeenskaplike vyand beskou is nie. Hoewel baie Evangelicals¹¹⁷ diep onder die indruk van die lyding is wat apartheid meegebring het en daar na 1994 'n wil tot nasiebou bestaan, is ek van mening dat 'n ander simbool as die simbool van "n stryd teen apartheid"¹¹⁸ gevind moet word. So 'n simbool lê vir my hie binne nasiebou nie, omdat dit te sterk ideologies geklee is. Ek pleit daarom as vierde weg vir die "simbool" van 'n ekologiese sendingbenadering omdat dit na my mening die mees effektiewe "simbool" tot gesamentlike getuienis inhou (vgl Ramphele 1991:11):

"Some people express the view that the environmental crisis facing South Africans may provide a unifying force which will cut across these cultural and ideological divides.

This hope is based on the assumption that people will come to realise that if they do not work together to tackle the ecological crisis, they will perish together."

Ook Koch en Hartford het in **The Weekly Mail** van 6 Oktober 1989, reeds voor die skraping van apartheid die potensiaal vir eenheid wat die ekologiese krisis bied, onderstreep (in Cock 1991:2):

"Environmental issues do have the potential to build alliances across the divides of class and race."

Ook Cock het met die geboorte van die nuwe Suid-Afrika die voordeel van 'n gemeenskaplike stryd teen die ekologiese krisis onderstreep (1994:91):

¹¹⁶ Hoewel dit lyk asof dit op dieselfde as Kwok Pui-lan (1994:110) se voorstel neerkom verskil my siening van syne omdat hy pleit dat "Ecological solidarity", "Ecumenical solidarity" moet vervang. Daardeur word die weg van eenheid met ander godsdienste ook geïmpliseer. Vir my staan die uniekheid van Christus as enigste verlosser sentraal. Wat ek dus voorstel is 'n "Ecological solidarity" binne 'n "Ecumenical solidarity".

¹¹⁷ Hiermee sê ek nie dat blanke Christene Evangelicals is, terwyl anderskleurige Christene Ecumenicals is nie.

¹¹⁸ Ek is van mening dat apartheid nog steeds leef en vir ten minste die volgende 25 jaar 'n harde werklikheid sal bly.

"A concern with protecting our environment is an effective way in which all South Africans can invest their energies and unite around a common task."

Waar 'n verdeelde kerk in die ou Suid-Afrika dus 'n duidelike weerspieëling was van die breë gemeenskap (vgl Mkhathshwa 1986:62) kan 'n nuwe gemeenskaplike sendingideaal¹¹⁹ 'n wonderlike getuienis en weerspieëling word van die kerk se eenheid binne God se koninkryk. Daarom behoort daar in 'n postapartheid Suid-Afrika 'n nuwe gemeenskaplike ekologiese kairós gevoer te word, waarby alle Christene en kerke ingeskakel word, en wat juis gemik is op die ekologiese oorlewing van Suid-Afrika en die wêreld. Sodoende sal die polarisasie tussen Evangelicals en Ecumenicals konvergeer.

Brian Banwell het in 1994 geskrywe (1994:129):

"South Africa is in a state of transition, and if a process of democratization can be achieved, bringing an end to violence and oppression, it could serve as an example to the world since South Africa presents a microcosm of the world's population and its problems."

Na my mening bied 'n ekologiese sendingbenadering as gesamentlike getuienis so 'n proses in 'n postapartheid Suid-Afrika (vgl Breuille & Rajotte 1992:23):

"The Churches must recognize their need to come together and the sinfulness of the fact that they have rejected each other in the past. All denominations have spiritual gifts to share, whether monastic traditions, social action, art treasures, evangelism, music or ritual. It requires the gifts and insights, the work and commitment of all, to strengthen each other in facing and working out the problems of our times" (Breuille & Rajotte 1992:14).

Groter eenheid in die sending in Suid-Afrika as mikrokosmos bied daarom hoop en 'n getuienis vir die wêreld buite die kerk in Suid-Afrika, maar ook vir die kerk en wêreld binne die makrokosmos. Dit bied 'n woord-en-daad-getuienis dat eenheid in kerk-wees die uitlewing van 'n Bybelse opdrag is (vgl Joh 17:20-33). Sodoende kan 'n kerk van eenheid in Suid-Afrika uitreik na die kerk in die res van die wêreld. En juis dit was een van die oproepe wat by die JPIC-byeenkoms in Seoel gedoen is (WCC 1990b:33):

¹¹⁹ Ek is daarvan bewus dat Maluleke (1994:256) skepties staan teenoor 'n gemeenskaplike teologiese ideaal of soos wat hy dit noem 'n "theology of reconstruction" in 'n postapartheid Suid-Afrika. Maluleke (1994:256) se vrees is dat so 'n ideaal 'n poging is waarbinne Afrikateologieë deur rekonstruksie vervang gaan word. My poging sien ek nie as 'n verdringing van Afrikateologieë nie, hoewel ek nie daarmee my standpunt dat inkulturasie 'n omvattende proses behels wil afwater nie (vgl 9.8.2).



"With humility and courage, we must seek to build bridges with our sisters and brothers around the world that we may together work to halt the destructive practices that are threatening the earth."

'n Ekologiese sendingbenadering as gesamentlike getuienis het die potensiaal om daartoe te lei dat die "ons sending" en "hulle sending" vervang kan word met "ONS en God se sending" (vgl Granberg-Michaelson 1992:43). Dan breek die waarheid deur dat (Saayman 1984:127):

"... it is impossible to choose in favour of either unity or mission. The only possible choice for the Church, or any part of the Church, is for or against both."

9.10 'N EKOLOGIESE SENDINGBENADERING AS 'N BEDIENING DEUR DIE HELE KERK

"If many individuals start to make small and simple changes in their personal lifestyles and consciously adopt the ethic for sustainable living, collectively this will have a huge beneficial effect on the health of the planet."

John Yeld (1993:48)

DIE HERONTDEKKING VAN DIE AMP VAN DIE GELOWIGE

Hoewel daar tans heelwat veranderinge in die kerk is, is een van die mees vernáme en positiewe veranderinge die feit dat daar toenemend wegbeweeg word van die sogenaamde geordende predikante- en priesterlike bediening - hierdie soort bediening het vir bykans negentien eeue een van die mees prominente kenmerke van die kerk se bediening uitgemaak - na 'n bediening waarby alle gelowiges betrokke is (Bosch 1991:469). Dit was reeds in 1975 dat Moltmann (1975:11) beweer het dat een van die grootste kerklike veranderinge voor die einde van die eeu daarin geleë sal wees dat Teologie nie meer langer slegs die eiendom van priesters, pastore en predikante sal wees nie maar ook die van gewone lidmate. Hoewel daar tog enkele spore van die amp van die gelowige binne die geskiedenis van die kerk was, het die herontdekking hiervan eers tydens die Tweede Vatikaanse Konsilie en die Wêreldraad van Kerke se Algemene Vergadering in Nairobi in 1975 werklik momentum gekry. Tydens beide hierdie vergaderinge is die eeue oue waarheid herontdek dat sending nie uitgaan vanuit pouslike, sinodale of ander hoë kerklik hiërargiese ampte nie, maar vanuit 'n geloofsgemeenskap wat rondom die Woord en die sakramente van God saamvergader is (Bosch 1991:470-472).

Bosch (ibid) skryf een van die hooftredes waarom dit die kerk soveel eeue sou neem om die amp van die gelowiges te herontdek daaraan toe dat 'n sterk Verligtingskultuur waarin spesialisasie baie belangrik was, daartoe gelei het dat spesialisasie 'n voorvereiste vir elke lewensterrein sou word. Die wêreldbeskouing van



dié Verligting sou lei tot 'n baie definitiewe onderskeid tussen die mens se private en publieke leefwêreld. Godsdien sou tot die private leefwêreld gereken word en is daarom van die publieke lewe losgemaak. Dit het veroorsaak dat die Teologie slegs aan diegene oorgelaat is wat godsdien deel van hulle publieke lewensfeer gemaak het, met ander woorde die "professionele" priesters, predikante en pastore. Vir die kerk het dit tot groot nadeel gelei. Gelukkig is daar in ons tyd 'n toenemende besef dat godsdien nie slegs deel vorm van die mens se private lewensterrein nie maar dat dit die mens se hele lewe omsluit. Gevolglik lei dit daartoe dat die Teologie homself opnuut moet rig tot die omvattendheid van die menslike bestaansfeer, en volgens Moltmann (1975:11) bied dit nuwe uitdagings aan die Teologie van die toekoms:

"It will be directed not only towards divine service in the everyday life of the world. Its practical implementation will include preaching and worship, pastoral duties, and Christian community, but also socialization, democratisation, education toward self-reliance and political life."

Die beoefening van godsdien en Teologie sal dus in die toekoms onmoontlik wees sonder die inset van die gewone lidmaat op voetsoolvlak. 'n Teologie van bo sal dus al meer versoen moet raak met 'n Teologie van onder. Hierdie ontwikkeling in die kerk beteken egter nie dat alle lidmate voortaan minipredikante sal word nie. Dit beteken slegs dat gewone lidmate groter insette as die predikante en priesters van vroeër oor die uitlewing van die kerk se missionêre roeping in 'n veranderende wêreld moet lewer (vgl Bosch 1991:473). Dit beteken daarom dus nie dat die predikante en priesters se rol uitgedien is nie. Die rol van predikante, priesters en pastore sal na my mening in 'n ekologiesekrisis-wêreld meer op die rol van begeleier en koördineerder na die Woord van God neerkom (vgl Moffitt 1987:241; Bosch 1991:474). Sodoende word die priesterskap van die geordende bediening nie opgehef nie maar uitgebou vir die hele kerk (vgl Newbigin 1987:30).

'N BEDIENING DEUR DIE HELE KERK AS 'N NUWE GEMEENSAP

Die kerk se missionêre roeping in die lig van 'n wêreld wat in 'n ekologiese krisis verkeer moet daarom langs die weg van die hele kerk as 'n nuwe gemeenskap ontwikkel. Bühlmann (1977:157) wys daarop dat die "base" of "small christian communities" wat in die Eerste en Derde Wêreld binne die kerk ontwikkel het, reeds in die sewentigerjare so gewild begin raak het dat daar vanuit hierdie gemeenskappe soveel krag uitgegaan het, dat sommige teoloë reken dat hierdie gemeenskappies binne die Derde Wêreld meer krag as die bevrydingsteologie-verskynsel self vertoon (vgl McDonagh 1986:201). Morgan (1989:182) wys byvoorbeeld daarop dat daar in Brasilië alleen teen die einde van die tagtigerjare reeds 70 000 selgroepe was wat hulleself verbind het tot Bybelstudies, welsynswerk en die hervorming van sosiale strukture. Die totstandkoming van selgroepe in Latyns-Amerika was juis die direkte gevolg van



pastorale behoeftes waardeur groepe die geleentheid gesien het om die koninkryk van God voor die aangesig van die wêreld sigbaar te maak (:174). Dit is om hierdie rede dat Scott Peck in sy boek, **The Different drum: Community-Making and Peace** (1987), beweer (in Morgan 1989:175):

"... in and through community lies the salvation of the world".

Harvey Cox beskryf selgroepe daarom as 'n nuwe tipe gemeenskap waarin 'n persoon bevry word van 'n outoritêre sowel as 'n individuele kerkbeskouing tot 'n gemeenskap van onderlinge verhoudinge. Binne selgroepe word mense wat andersins van mekaar vervreem en verwyderd sou wees verenig omdat lidmaatskap van selgroepe oór rasse en etniese grense heen beweeg en daar binne hierdie groepe 'n gewilligheid bestaan om te soek na nuwe oplossings vir nuwe probleme (Morgan 1989:183;185).

DIE KLEINGROEP AS DIE PLEK VIR DIE INOEFENING VAN 'N ALTERNATIEWE LEWENSWYSE

Tydens die Aardespitsberaad in 1992 is dit weereens onderstreep dat die aarde nie meer langer die Westerse verbruikerskultuur kan bekostig nie. Daarom het die WRK na afloop van dié beraad 'n oproep tot sy lidkerke gedoen dat 'n lewenswyse van eenvoud ingeskerp moet word (Granberg-Michaelson 1992:26;49). Aangesien politici alleen nie so 'n boodskap kan uitdra nie het die kerk as gemeenskap van gelowiges wat gerig is op die andersheid van God se koninkryk, die verantwoordelikheid om toe te sien dat gelowiges as Christene so 'n leefwyse van getuienis aan die wêreld voorhou (Granberg-Michaelson 1992:76). Daarom behoort die kerk in ons tyd verby die punt van dokumente en verklaringe insake die ekologiese krisis te kom tot 'n punt van aksie. Dit is juis hier waar selgroepe in die kerk die unieke geleentheid bied waarbinne Christene nuwe lewenswaardes geleer kan word. Yeld (1993:21) wys juis in 'n omvattende navorsing oor omgewingsbewaring in Suid-Afrika daarop dat een van die grootste probleme met bewaring by veral die hoër inkomstegroepe daarin geleë is, dat dié groep vinnig is om die beginsels van bewaring te aanvaar maar baie traag is wanneer dit by die persoonlike implementering daarvan kom. Onderrig binne die selgroepe bied juis na my mening die unieke geleentheid waarbinne Christene toerusting insake hul roeping oor eenvoud in die lig van die Skrif kan ontvang, om daardeur lewe vir ander en vir die natuur te kan verseker. Daneel (1991:107) is juis van mening dat een van die groot leemtes binne die JPIC-program daarin geleë is dat die program nie veel impak op voetsoolvlak maak waar dit juis die belangrikste is nie. Daarom is ek oortuig dat kerklike werkswinkels en kreatiewe pogings vanuit selgroepe gelowiges kan aktiveer sodat elke gelowige binne sy eie lewensterrein bewus kan word van sy roeping binne die samelewing. Die oproep van die WRK vir positiewe opvoedingsprogramme deur die kerk, waardeur alle individue in die kerk



verantwoordelikheid vir 'n vreedsame en volhoubare omgewing geleer moet word is daarom dringend noodsaaklik (vgl WCC 1992b:42). Die kerk moet daarom nie net onderstreep dat Christenwees en 'n lewe van dissipelskap die normale Westerse kultuur moet konfronteer nie, maar dat dit so 'n lewenswyse ook moet vervang (vgl Dorr 1991:136-137). Die hele kerk sal moet wys dat die oorloed waarvan Jesus in Johannes 10:10 praat nie neerkom op meer status, mag, hebsug en gertaksug nie, maar op 'n nuwe lewensstyl wat aan beskeidenheid, matigheid, selfdisipline, naastediens en sorg vir die omgewing gekoppel is. Hierdie lewensbeskouing moet gekoppel word aan 'n spiritualiteit van navolgingskap aan Christus. Wanneer die hele kerk eers tot so 'n lewenswyse begin oorgaan dan sal ander buite die kerk verstaan dat Christenskap ook met klein dingetjies te make het - klein dingetjies soos in die woorde van Loader... (1992:47):

"Om nie osoon-onvriendelike spuitkannetjies te koop of te gebruik nie. Om nie rommel te strooi nie. Om nie water te mors nie. Om nie die energie van die aarde te verspil deur ligte en ander apparaat verniet aangeskakel te hou nie (want energie kom uit die verbruikbare kragte van die aarde en 's nie onbeperk nie). Om nie gifstowwe te gebruik nie, maar om eerder kruie haby ons vensters te plant wat die muskiete weghou... Om wel bio-afbreekbare verbruikersgoedere en die handelaars wat dit verkoop, te ondersteun. Om wel morele en etiese aktiewe steun te gee aan organisasies wat dit met die omgewing ernstig bedoel. Om wel protes aan te teken as plaaslike (of ander) owerhede nie hul omgewingsvriendelikheid nakom nie."

As Christene eers tot hierdie ontdekking kan kom dan beweer Loader sal nog iets gebeur... (1992:47)

"... ons sal nóg 'n wonder agterkom, naamlik dat dinge soos spuitkannetjies, plastiekbottels en elektrisiteitsverbruik alles met ons geloof te make het"

Die bioloog, Edward Wilson, is van mening dat die enigste manier waarop totale uitwissing van die natuur teëgewerk kan word, 'n konfrontasie met die Westerse verbruikersleefwyse is. Volgens hom moet hierdie leefwyse nie net krities bevraagteken word nie maar ook krities teëgestaan word. Kritiese teëstand kan slegs van die hele kerk kom en nie van 'n paar individue nie (McDonagh 1990:181; vgl Wilkinson 1981:273; Yeld 1993:48).

'N HELE KERK BETROKKE BY 'N HELE GEMEENSAP

Die feit dat die ekologiese krisis so omvangryk en veelgeskakeerd is beteken dat die kerk in sy missionêre roeping nie kan bekostig om hier en daar 'n aksie te loods nie. Dit vra na 'n omvattende interafhanklike gerigtheid op die nood van die wêreld. 'n Ekologiese sendingbenadering as 'n bediening deur die hele kerk veronderstel dat



Christenekonome, -huishulpe, -sosioloë, -antropoloë, -regsgeleerdes, -tuinwerkers, -argitekte, -onderwysers, en ander saam sal besin oor wat die praktiese uitlewing van Christenskap in ons tyd behels (vgl WCC 1990:510). 'n Ekologiese sendingbenadering as 'n bediëning deur die hele kerk in 'n postapartheid Suid-Afrika sal daarom beteken dat alle Christene in die kerk saam sal soek en sal strew na oplossings in belang van vrede, geregtigheid en die heëlmaking van die skepping. Die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram bied na my mening 'n unieke geleentheid waarby gelowiges juis vanuit verskillende beroepe en agtergronde ontwikkelingsprojekte kan inisieer wat volhoubaarheid as uitgangspunt het. In 1983 het 'n gemeente in Engeland byvoorbeeld 'n program onder die titel **Community Recycling Opportunities Programme** geloods. Hierdie was 'n bediëning waarby 'n hele gemeente in Engeland betrokke was. Die program het drie oogmerke gehad:

- (1) werkskepping waardeur die omgewing teen die rondstrooi van rommel en afval bewaar kon word
- (2) die bevordering van 'n herwinningskultuur (recycling culture)
- (3) fondsontwikkeling waardeur groter opvoedingsprogramme vir bewaring van stapel gestuur kon word.

Hierdie program het daartoe gelei dat 'n hele gemeente geaktiveer is om by bewaring betrokke te raak en dit het tot werkskepping vir baie werkloos buite die kerk gelei (McDonagh 1990:200). Sodoende het die kerk iets vertoon van 'n hele kerk wat die hele evangelie aan die hele wêreld binne 'n bepaalde konteks gebring het. Die tyd is nou ryp dat die hele kerk in 'n postapartheid Suid-Afrika by die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram betrokke kan raak. Sodoende kan die hele kerk 'n getuienis uitdra dat bewaring en ontwikkeling nie teenoor mekaar staan nie maar dat bewaring ontwikkeling veronderstel en dat ontwikkeling bewaring veronderstel.

9.11 'N EKOLOGIESE SENDINGBENADERING AS EKO-TEOLOGIE

"Few seminaries and divinity schools incorporate environmentally relevant instruction into their curriculum. And if religious leaders are not ecologically informed, there seems little reason to think that religion can guide the faithful toward a socially just and sustainable society."

Max Oelschlaeger (1994:19-20)

In hierdie studie waar ek pleit dat sending ekologies benader moet word meld die vraag na die implikasies van so 'n benadering binne Sendingwetenskap as vakdisipline binne die Teologie homself noodwendig aan. Voordat ek enkele voorstelle insake 'n ekologiese sendingbenadering as Eko-Teologie wil maak, is dit eers belangrik om te kyk na enkele ontwikkelinge wat Sendingwetenskap as vakdisipline binne die Teologie deurloop het.



9.11.1 DIE VERSKUIWING VAN 'N TEOLOGIE VAN SENDING NA 'N SENDINGGERIGTE TEOLOGIE

SENDING AANVANKLIK BINNE MAAR LATER BUITE DIE GESIGSVELD VAN DIE TEOLOGIE

In *Transforming Mission* toon Bosch in die eerste afdeling deur die sogenaamde Nuwe Testamentiese modelle van sending, dat dit onmoontlik is om die Nuwe Testament anders te lees as vanuit die perspektief dat die Nuwe Testament self 'n sendinggeskrif is. Daarom beweer hy dat "teologie" in die vroeë kerk nie 'n luuksheid was nie maar (Bosch 1991:489):

"[It was] generated by the emergency situation in which the missionizing church found itself" (Bosch 1991:489).

Hoewel Sendingwetenskap as vakdissipline eers heelwat later as selfstandige vakdissipline binne die Teologiese vakwetenskappe bygekom het is dit reg om te beweer dat Sendingwetenskap, as gevolg van die feit dat sending tot die wese van die kerk hoort, as die moeder van alle teologieë gereken kan word. Teologie bestaan juis as gevolg van die kerk se sending (Bosch 1991:489). 'n Mens sou dus kon sê dat daar in die vroeë kerk slegs een vakdissipline binne die "teologie" bestaan het, naamlik Sendingwetenskap. Sendingwetenskap het daarom soos die res van die Teologie sy wortels in 'n sendinggerigte kerk.

Hierdie posisie en beskouing sou egter ingrypend verander namate die Christendom die verteenwoordigende godsdiens binne die Romeinse Ryk, en gevolglik die hele Europa, geword het. In stede daarvan dat die kerk sy sendende karakter moes behou het, het die kerk na binne gekeer geraak namate die Christelike godsdiens al stewiger binne die Romeinse Ryk gevestig begin raak het (ibid). Dit sou daartoe lei dat ook die Teologie voortaan meer na binne gekeer sou raak. Teologie sou voortaan slegs besig wees met óf die kerk as verskynsel óf die Christendom as verskynsel. Derhalwe sou die Teologie as geheel in die daaropvolgende eeue al meer sy sendende karakter van vroeër begin verloor. Sending het ten spyte hiervan nie tot stilstand gekom nie maar steeds beskeie voortgegaan. Volgens Farley (1983:31) kan 'n mens van die tydperk sedert die Christendom staatsgodsdiens geword het tot en met die Verligting van die Teologie 'as 'n wetenskap wat homself besig gehou met die kennis van God en die handeling van God' praat. Met die opkoms van die Verligting sou 'n mens kon praat van twee aspekte van Teologie: die praktiese en die teoretiese (Farley 1983:39). Met verloop van tyd sou hierdie posisie verder verander sodat daar in die Teologie sprake sou wees van 'n sogenaamde vierdeling: Die Bybelse vakdissiplines, Kerkgeskiedenis, Sistematiëse Teologie en Praktiese Teologie (Farley 1983:75-80; 99-149). Binne hierdie vierdeling was Teologie steeds gerig op die Christendom as verskynsel en nie op die sendende karakter van die kerk nie.



DIE OPKOMS VAN SENDINGWETENSKAP AS PERIFERE WETENSKAP

Met die opkoms van Sendingwetenskap as vakdisipline sou Sendingwetenskap aanvanklik tot die periferie van die Teologie behoort. As vakwetenskap is dit slegs beskou as daardie wetenskap wat homself met die praktiese aangeleenthede van die "sendingveld" besig hou terwyl die teoretiese vakke van die Teologie die besigwees met die sake van die "werklike openbaring" ingehou het (Bosch 1991:490). By die ander vier vakwetenskappe het die besigwees met die "werklike openbaring" steeds beteken dat die Teologie 'n na binne gerigte kerk gedien het en nie besig was met die Teologie van 'n na buite gerigte kerk nie. Sendingwetenskap sou dus slegs beskou word as 'n teologiese aanhangsel om die kerk se sendingaktiwiteite beter te omskryf. Dit was dan ook geen wonder nie dat Sendingwetenskap as gevolg hiervan 'n stryd moes voer om 'n eie bestaansreg wat eers aan die einde van die vorige eeu sy volle bestaansreg en erkenning naas die ander dissiplines sou verkry. Waar die sending slegs as een van die kerk se aktiwiteite naas ander verstaan word sou dit moontlik wees om Sendingwetenskap byvoorbeeld slegs 'n onderafdeling van Praktiese Teologie te maak (vgl Myklebust 1955:84-89).

Sendingwetenskap as vakwetenskap binne die Teologiese ensiklopedie moet egter nie die blaam daarvoor dat dit as 'n perifere wetenskap beskou is, ten volle aan ander vakke se fokus wat die na binne gerigtheid van die kerk ondersteun het toeskryf nie. In plaas daarvan dat Sendingwetenskap na sy volle erkenning as vakwetenskap sy eie karakter moes onderstreep het deur te wys op sy belang as brugwetenskap tussen die kerk en die wêreld as gevolg van die kerk se sendinggerigtheid op die wêreld, sou Sendingwetenskap slegs die ander Teologiese vakwetenskappe missiologies laat buikspreek. Sendingteologie sou slegs die sending Bybels fundeer, en dit terwyl die Ou Testament en Nuwe Testament dit kon doen. Sendinggeskiedenis sou slegs die geskiedenis missionêr beoordeel en sendingmetodes of -benaderinge sou slegs dui op die praktiese sy van sending. Dat hierdie buikpraak tot groot verleentheid van die vak sou lei is geensins te betwyfel nie. Ongelukkig behoort hierdie ontwikkeling nie tot die verre verlede nie. Sendingwetenskap word vandag nog steeds op hierdie manier binne talle teologiese fakulteite reg deur die wêreld beskou. Ek noem slegs 'n voorbeeld uit my eie ervaringswêreld ter illustrasie hiervan. Tydens my eie teologiese opleiding in 1988 aan die Universiteit van Stellenbosch het die grootste gedeelte van my eerstejaaropleiding in Missiologie oor die Bybelse fundering van die sending gehandel. Daarom is verhale soos dié van Jona as fundering vir die sending gebruik. Dit ten spyte van die feit dat heilshistoriese perspektiewe in die Ou Testament as wetenskap in daardie stadium reeds vir dekades lank uitgelig is, wat op sigself voldoende fundering vir die sending was. Die Bybelse fundering van sending binne die Missiologie sou daartoe lei dat sending deur myself en talle voornemende teoloe slegs as 'n aanhangsel van die kerk se aktiwiteite verstaan is en nooit as iets wat tot die wese van die kerk hoort nie.



DIE VERSKUIWING VAN 'N TEOLOGIE VAN SENDING NA 'N SENDING-GERIGTE TEOLOGIE

Die posisie wat sending sedert dit as vakwetenskap binne die Teologie ontwikkel het sou verkry, sou beteken dat sending geen uitsonderlike posisie vertoon het nie. Op dieselfde wyse as waarop 'n teologie van sending binne die sendingwetenskap gefundeer is, sou dit later uitgefaseer kon word deur 'n ander kerklike behoefte. As die kerk byvoorbeeld ontdek het dat hy meer met verstedeliking moet rekening hou sou die taak van die kerk in die lig van verstedeliking die van sending kon vervang. Dan sou die vak Sendingwetenskap 'n naamsverandering kon ondergaan na byvoorbeeld "Verstedelikingswetenskap".

Dit blyk dus dat die bestaansreg van Sendingwetenskap nie soseer te make het met die vraag na wat sendingwetenskap is nie, as wat dit te make het met die vraag na wat sending is (Bosch 1991:492). Waar sending soos vroeër beskou, slegs as 'n aanhangsel of slegs as een van vele kerklike aktiwiteite beskou is, is dit te begrype dat sending slegs 'n vak is vir die sendeling of vir diegene wat uit 'n praktiese oogpunt daarin geïnteresseerd is. Binne so 'n beskouing sou Sendingwetenskap goedskiks onder Praktiese Teologie of Kerkgeskiedenis kon sorteer ahangende van die behoefte van die liefhebbers van die vak. Met die rasionalisasie van teologiese doseringsposte reg deur die Westerse wêreld in die afgelope paar dekades, het dit dan ook inderdaad gebeur dat Sendingwetenskap as selfstandige wetenskap sou verval en sou inskuif onder een van die ander vakwetenskappe binne die Teologie. In 'n onderhoud met professor JAB Jongeneel van die Rijksuniversiteit van Utrecht in Nederland, is ek meegedeel dat Sendingwetenskap in Nederland onder óf Kerkgeskiedenis (Leiden en Utrecht) of Godsdienwetenskap (Vrije Universiteit Amsterdam en Kampen) óf Praktiese en Sisteitiese Teologie (Universiteite Groningen en Amsterdam) sorteer.

Bosch (1991:492-493) wys daarop dat dit eers teen die sesde dekade van hierdie eeu was dat die herontdekking van dié vroeë kerklike waarheid, naamlik: **sending hoort tot die essensie van die kerk**, plaasgevind het. Binne Protestantse geleedere het hierdie herontdekking sy klimaks bereik met die integrering van die Internasionale Sendingraad in die strukture van die Wêreldråd van Kerke en binne Rooms-Katolieke geleedere tydens die Tweede Vatikaanse Konsilie. By albei hierdie geleenthede het die kerk tot die herontdekking gekom dat sy bestaansreg nie geleë is in sy posisie as kerk teenoor die wêreld nie, maar in sy roeping van kerk wat in die wêreld ingestuur word. So gesien, word sending nie beskou as een van vele kerklike aktiwiteite nie maar eerder as 'n uitdrukking van die wese van die kerk. Hierdie beskouing sou verder daartoe lei dat die tradisionele beskouing van sending as die 'oorsteek van grense' waarin 'n duidelike onderskeid tussen 'n sendingveld en niesendingveld gemaak



word, vervang sou word met die beskouing dat die hele wêreld 'n sendingveld is (vgl. Bosch 1991:1). Daar kan dus verwag word dat hierdie beskouing van sending die Teologie doelbewus sal affekteer. Net soos wat die kerk ophou om kerk te wees as dit nie missionêr georiënteer en gerig is nie, net so verloor ook die Teologie sy essensie indien Teologie nie missionêr georiënteerd en gerig is nie. Daarom moet die verhouding sending en Teologie nie beskou word as die van Teologie as sending, waar die Teologie 'n sendingagenda veronderstel nie, maar die van sending as Teologie, waar die sending die teologiese agenda bepaal (Conn 1983:13). Theron stel hierdie verhouding treffend wanneer hy die taak van die Teologie soos volg beskryf (1995:45):

"Theological education must equip and empower the people of God to fulfil their mission."

Gensichen (1971:250) onderstreep dit wanneer hy beweer dat sending die tema van die hele Teologie is. Dit is dus nie die Teologie wat hom besig hou met die sending nie maar die sending wat hom besig hou met die Teologie (vgl. Theron 1995:46). Daarom behoort alle Teologiese vrae vanuit die sending gebore te word (Cracknell & Lamb 1986:2). Cracknell en Lamb is van mening dat dit die enigste manier is waarop die relevante voortgang van Teologie in 'n snelveranderende wêreld verseker kan word (:25).

SENDINGWETENSAP AS DIMENSIONELE EN INTENSIONELE WETENSAP BINNE DIE TEOLOGIE

Uit die voorafgaande kan die vraag nou gevra word: Wat is die taak of funksie van Sendingwetenskap as vakdissipline binne die Teologie in die lig van die ekologiese krisis?

Binne die breë raamwerk van Teologie kan daar gepraat word van 'n tweeledige funksie van Sendingwetenskap: die dimensionele en intensionele aspek (Bosch 1991:494). Die **dimensionele aspek** van Sendingwetenskap behels die vak se rigtingaanwysende funksie teenoor ander vakke in terme van die Teologie se wêreldroeping. Hier is dit die taak van Sendingwetenskap om ander wetenskappe te begelei in hul werk, om aan hulle vrae te vra en om hulle te laat vrae vra (:495). So gesien is Sendingwetenskap dié vakwetenskap wat dien as "waghond". Dit is dié vakwetenskap wat die Teologie rig op sy taak om die sosiale, ekonomiese, politieke en kulturele strukture en waardes wat tot onderdrukking lei en wat sodoende die koms van God se koninkryk teëwerk te bevraagteken (vgl. Theron 1995:46). Die **intensionele aspek** van Sendingwetenskap behels die vak se besigwees met die implikasies van 'n globale wêreldsending (:496). Dit vra na die implikasies van sending in verskeie plekke in die wêreld onder veranderende omstandighede. Dit is juis die vak se intensionele aspek wat uitgedra en versterk word deur die vak se dimensionele aspek.

9.11.2 SENDINGWETENSKAP AS EKO-TEOLOGIE

SENDINGWETENSKAP AS EKO-TEOLOGIE DAAG (EN RESPONDEER) ANDER VAKWETENSKAPPE UIT TOT 'N EKOLOGIESE GERIGTHEID

Ons het reeds gesien dat die **dimensionele aspek** van Sendingwetenskap veronderstel dat Sendingwetenskap bepaalde vrae aan ander vakwetenskappe moet stel maar dat daar ook terselfdertyd deur die ander vakwetenskappe vrae aan die Sendingwetenskap gestel moet word. Die dimensionele aspek vra dus na 'n gesonde en kritiese wisselwerking tussen Sendingwetenskap en die ander vakdissiplines. Die wisselwerking met ander vakdissiplines in die lig van die ekologiese krisis sal daarom na my mening die volgende veronderstel:¹²⁰

Sendingwetenskap daag die Bibliologiese vakke uit tot 'n ekologiese gerigtheid: Ons het reeds gesien dat Sendingwetenskap nie die Ou Testament of Nuwe Testament moet laat "sending-buikspreek" nie. As ons van die veronderstelling uitgaan dat die Bybel primêr 'n missiologiese geskrif is, dan is dit die taak van die Sendingwetenskap om aan die Ou en Nuwe Testament eerder vrae soos die volgende te stel: Het die Bybel enigiets te sê oor die ekologiese krisis? Kan die Bybel, geskrywe in 'n wêreld voor die ekologiese krisis, enige betekenis vir die kerk van vandag hê wat in 'n ekologiesekrisis-wêreld bestaan? Hoe kan 'n mens Ou Testamentiese beginsels soos die Jubeljaar toepas in 'n wêreld wat in ekologiese nood verkeer? Wat is die implikasies van die Mosiese wette vir die kerk in 'n land van onreg? Bestaan daar enige gronde vir die herverdeling van grond vanuit 'n Bybelse perspektief? Hoe lyk 'n teologie van die aarde? Hierdie vrae sou ek wou saamvat. Kan die Teologie slegs besig wees met 'n Westerse interpretasie van die Bybel? Simkins (1994:1) wys byvoorbeeld daarop dat die Ou Testamentiese wetenskap in die verlede nie veel aandag geskenk het aan die natuurlike wêreld nie omdat dié wetenskap hoofsaaklik vanuit 'n histories antroposentriese gesigspunt benader is. Daarom was die natuur slegs die verhoog waarop God se historiese heilshandeling plaasgevind het en van gener waarde geag nie. Simkins se eie boek, **Creator and Creation: Nature in the worldview of ancient Israel** (1994), is daarom na my mening 'n positiewe stap waardeur die wêreld van die Ou Testament geopen word om nuwe teologiese insigte vanuit die Ou Testament te ontsluit vir die wêreld van vandag wat in 'n ekologiese krisis verkeer.

¹²⁰ Ek gee toe dat sekere van hierdie kritiese vrae aan ander vakdissiplines as veralgemenend mag voorkom. Ek rig egter hierdie kritiese vrae hoofsaaklik aan die Afrikaanssprekende universiteite se teologiese fakulteite (Stellenbosch, Bloemfontein en Pretoria) omdat dit my eie worsteling met my kerk se traagheid om op die ekologiese krisis prakties-teologies te reageer, verwoord. My ervaring as assistentnavorsers by die Instituut vir Teologiese Navorsing aan UNISA het my oortuig dat die situasie by UNISA heelwat anders is as by die fakulteite van die Afrikaanssprekende universiteite.



Sendingwetenskap daag Kerkgeskiedenis uit tot 'n ekologiese perspektief op die verlede: Sendingwetenskap sal toenemend kerkhistorici se aandag moet vestig op die feit dat die kerk slegs 'n geskiedenis het as gevolg van die feit dat God die kerk die voorreg gegee het om mee te werk aan die Missio Dei (Bosch 1991:495). Die Sendingwetenskap sal daarom ernstige vrae aan kerkhistorici moet rig wat hulle net besig hou met eensydige denominasionele geskiedskrywing wat vanuit die oëpunt van die blanke Westerse pionier gerig word en wat nie die geskiedenis binne die breë trekke van sosio-ekonomiese en sosio-politieke ontwikkelinge beoefen nie. In die lig van die feit dat die wêreld in 'n ekologiese krisis verkeer, vind ek dit vreemd dat kerkhistorici so min aandag aan ekologiese perspektiewe op die kerk se verlede skenk. Hierdie studie moes juis op sulke navorsing kon bou in afdelings A en B¹²¹. Solank as wat kerkgeskiedenis nie daadwerklike veranderinge maak soos wat Hofmeyr (1995) trouens bepleit nie, sal die kerk nooit uit sy verlede kan leer om binne 'n nuwe werklikheid krities en kreatief op die nuwe uitdagings te reageer nie. Kerklike geskiedskrywing sal ook al minder apologeties van aard moet wees om sodoende altyd die kerk te wil beskerm teen die foute van die verlede.

Sendingwetenskap daag die Praktiese Teologie uit tot 'n ekologiese gerigtheid: Sendingwetenskap sal toenemend kritiese vrae aan die Praktiese Teologie moet stel oor die mate waarin die huidige bedieningsmodelle waaraan Praktiese teoloë werk enigsins gerig is op 'n wêreld wat in ekologiese nood verkeer. Die Sendingwetenskap sal al meer kritiese vrae aan die Praktiese Teologie in Suid-Afrika moet stel solank as wat Praktiese teoloë slegs besig is met bedieningsmodelle wat gerig is op die gemeentes van die blanke voorstede en nie saam worstel aan die kontekstuele ekologiese vraagstukke en die implikasies daarvan vir die kerk se gemeentelike bediening in sy geheel nie.

Sendingwetenskap daag die Sistematiese Teologie uit tot 'n ekologiese gerigtheid: Indien König (1983:202) se poging tot 'n definisie geneem word as

"In Sistematiese Teologie word die leer en die verkondiging van die kerk krities deurdink en getoets in die lig van die Skrif in terme van die huidige situasie"

kan die Sendingwetenskap tereg die volgende kritiese vrae aan die Sistematiese Teologie rig: Waarom maak die Sistematiese Teologie so min gebruik van gegewens uit ander sosiale wetenskappe soos Politieke Wetenskap, Ekonomie en Sosiologie in sy

¹²¹ Kistner merk byvoorbeeld in die voorwoord (p3) van Hasselhorn se studie: *Mission, landownership and settlers' ideology* op: "At present the information that is available on this topic is limited." Met "this topic" verwys Kistner spesifiek na geskiedskrywing wat ekologiese perspektiewe op die kerk se handeling van die verlede open.



beoordeling van die huidige situasie? (vgl Bosch 1991:495). Waarom stel dissertasies oor die ekologie in die Sistematiese Teologie feitlik geen teologiese vrae oor die ekonomie, sosiologie en politiek aan die kerk nie? Is die taak van die Sistematiese Teologie nie ook juis om aan die kerk deur middel van 'n deurdenking van ons gemeenskaplike geloof op te tree as begeleier om sodoende spanwerk as ekonome, sosioloë, politici en bioloë binne die kerk te doen om daardeur by nuwe antwoorde oor die kerk se verkondigingstaak in die lig van die ekologiese krisis uit te kom nie?¹²²

Sendingwetenskap daag die Teologie in sy opleiding uit tot 'n ekologiese sendinggerigtheid in die lig van die ekologiese krisis: Hoewel dit verblydend is dat daar in die jongste aantal jare heelwat navorsing oor die onderwerp van die teologie en die ekologie onderneem is (vgl 1.4), is dit tog kommerwekkend dat bitter min van hierdie navorsing gereflekteer word in die teologiese kurrikulum in teologiese opleiding. Roberts (1994:143) skrywe dat hy as dosent van die Fuller School of World Mission in die Verenigde State van Amerika in 1994 'n inleidingskursus oor sending en ekologie wou begin maar weens 'n gebrek aan belangstelling die kursus moes kanselleer. Hieruit moes hy die afleiding maak dat Christene tot dusver óf geensins oor die onderwerp gestimuleer is nie, óf dat Christene geensins die belang van 'n missionêre gerigtheid op die ekologiese krisis sien nie. In 'n navorsingstudie¹²³ oor 200 van die mees bekende teologiese seminariums in die wêreld het dit aan die lig gekom dat ekologie nêrens in teologiese opleiding aangespreek is nie. Daarom konkludeer Roberts (1994:143):

"It is clear from even a cursory examination of seminary curricula that Christian educators still consider environmental questions as peripheral to theological education."

Dit is egter baie tragies omdat teologiese opleiding seker een van die mees strategiese areas is waar kerke in staat gestel word om die uitdaginge van die toekoms die hoof te bied (vgl Banwell 1994:130).

TEOLOGIE AS MAG OF TRANSFORMERENDE KRAG?

Teologie is nie 'n neutrale studieterrrein nie. Die feit dat Jesus as die Woord mens geword het en onder ons kom woon het (vgl Joh 1:14) en dat Jesus se lewe in die

¹²² Ek is egter bewus van De Villiers se rede wat by die Hugenote-kollege gelewer is waarna daar in die *Kerkbode* van 10 April 1992, verwys is, asook sy intrepreek as hoogleraar in die Teologie aan die Universiteit van Pretoria waar die belang van Teologie en ekonomie onderstreep is. Buiten sy bydrae word bitter min van hierdie vrae deur ander Sistematiese teoloë van die universiteite van Stellenbosch en Bloemfontein gevra.

¹²³ Hierdie studie is onderneem deur Chris Accornero, 'n doktorsale student aan die Fuller School of World Mission, onder dit titel *Issues in Missiological Education* (1993).



teken van 'n appèl gerig op die koninkryk van God gestaan het. (vgl Matt 4:17) impliseer reeds dat Teologie nie 'n neutrale wetenskap in die wêreldse sin van die woord is nie. Teologie het 'n subjektiewe element, daarom is dit 'n wetenskap wat dit beywer vir die saak van die koninkryk van God. In die lig hiervan spreek dit vanself dat teologiese opleiding nooit neutraal en ten volle objektief kan wees nie. Omdat Teologie nie 'n objektiewe wetenskap is nie, kan dit egter óf 'n posisie van krag wees wat transformerend in die wêreld werk óf 'n negatiewe krag wees met 'n destruktiewe mag. Teologie is positief transformerend wanneer dit gerig is op die koninkryk van God en dit aan 'n wêreld in nood, heil, geregtigheid, bevryding, versoening en hoop bring (vgl Theron 1995:50). Teologie is 'n negatiewe krag met 'n destruktiewe mag wanneer dit nie op die koninkryk van God gerig is nie maar op die koninkryk van die wêreld. Dorr (1991:144) verduidelik dit soos volg:

"... it is important to look at theology as a power which can be used respectfully and shared with others or, on the other hand, can be used unjustly to control and dominate others. There is a power that is liberating and a power that is dominating. The person who is doing theology is exercising one or the other of these types of power; and frequently there is a bit of both".

Die Kairosdokument gee juis iets van hierdie gedagte weer wanneer dit binne die Suid-Afrikaanse konteks van 1985 die sogenaamde Staatsteologieë (State Theology) en Kerkteologieë (Church Theology) daarvan beskuldig dat dit destruktief meewerk aan die koms van God se koninkryk. Daarom stel die Kairosdokument, 'n profetiese teologie in die vooruitsig. McKay is van mening dat die teologie so deurspek is van 'n negatiewe Westerse invloed dat dit kwalik daarvan bevry kan word ten einde gerig te wees op die koninkryk van God (1994:217).

"The Industrial Revolution and recent technological development have brought us into a mindset which fits our theology. Economic gain is more important than caring for the creation. The pursuit of short-term gain renders the created order disposable. Materialism and militarism are served by science and technology. There is a critical imbalance in the circle of life when our life-style does not reflect a holistic and inclusive vision of the creation."

In 'n postapartheid Suid-Afrika sal die kerk daadwerklike stappe moet doen om te verseker dat Teologie 'n sendinggerigte agenda op die koninkryk van God sal kan nastreef. So 'n stap is nie 'n opsie nie maar 'n dringende noodsaaklikheid. Die kerk sal dit wat hy in die stryd teen apartheid in die proses van teologiesering geleer het, nou moet verbreed sodat die kerk in 'n postapartheid Suid-Afrika 'n relevante koninkryksboodskap sal hê wat in die lig van die ekologiese krisis verkondig kan word (vgl De Cruchy 1991:222).



DIE KERK VAN MÔRE WORD BEPAAL DEUR DIE TEOLOGIE VAN VANDAG

In een van die groepsverslae wat tydens die WRK-byeenkoms. ten tye van die 1992-Aardespitsberaad in Rio de Janeiro voorgelê is, is vier aanbevelings aan lidkerke gemaak wat direkte gevolge vir die kerke se teologiese opleiding inhou (WCC 1992b:33):

"We recommend that the churches:

- 1 Re-read the Bible and interpret our traditions in the light of the ecological crisis*
- 2 Raise the ecological sensitivity of church members through preaching, teaching, performing rituals, and adopting simplicity of life-style*
- 3 Express solidarity with children, the poor, women, and people torn by war and poverty as concrete commitments to the JPIC process*
- 4 Develop and teach new understanding of the theology of creation in theological education and in ministerial formation" (WCC 1992b:33).*

Teologie in 'n postapartheid Suid-Afrika het daarom 'n tweërlei funksie. Eerstens moet dit 'n opleidingsfaset bied waardeur voornemende teoloë, predikante en priesters teologies gevorm word. Tweedens moet dit 'n sterk teologiese navorsingskomponent hê. Hoewel beide hierdie funksies tot op hede binne die Suid-Afrikaanse Teologie bestaan het, is ek van mening dat navorsing nie genoegsaam op ekologiese vraagstukke gerig was/is nie en dat waar daar wel sulke navorsing bestaan, dit nie 'n dienende funksie ten opsigte van teologiese opleiding tot op hede gehad het nie. Teologiese navorsing moet nie van so 'n aard wees dat dit slegs die stokperdjie van 'n paar bevoorregte dosente word wat niksseggend in terme van die kerk se missionêre roeping is nie (vgl Dorr 1991:160). Teologiese opleiding en navorsing moet beide gerig wees op die koms van God se koninkryk in die wêreld. Die feit dat dit in Europa GBD 30 000 pond kos om 'n priester of predikant op te lei en in die VSA tot USD 50 000 en ... dieselfde in Suid-Afrika, beteken noodwendig dat die kerk 'n enorme verantwoordelikheid het om toe te sien dat opleiding dan wel die doel van die kerk sal dien, naamlik om sout vir die wêreld te wees (Matt 5:13) en sodoende op die koms van God se koninkryk gerig te wees. Indien teologiese opleiding en die koste daaraan verbonde slegs gerig is op 'n irrelevante geskiedenis van kerklike beleidstukke en dokumente en 'n kerklike model waarby slegs die voorstedelike blanke gemeentelidmaat se spiritualiteit baat en daar nie genoegsaam rekening gehou word met die totale ekologiese nood van die wêreld nie, kan die vraag tereg gevra word: dien sulke opleiding die koms van God se koninkryk na die wêreld of dien dit tot verdere legitimiteit van ekologiese verdrukking (vgl Morgan 1989:180)?



9.11.3 VOORSTELLE VIR TEOLOGIESE OPLEIDING BINNE 'N POST- APARTHEID SUID-AFRIKA MET 'N EKOLOGIESE GERIGTHEID

In die lig van die voorafgaande wil ek graag drie voorstelle ten opsigte van teologiese opleiding in 'n postapartheid Suid-Afrika maak.

(1) Teologiese opleiding moet missionêr op die ekologiese krisis gerig wees

Charles van Engen skrywe dat wat die kerk in die laat twintigste eeu nodig het ten einde sy roeping in die lig van die ekologiese te vervul 'n ander tipe teologie is as dié waarmee die meeste teoloë tot nou toe gewerk het (in Roberts 1994:146):

"... a kingdom mission theology that would dramatically change the way we do mission, and the way we carry out missiological education".

Carrick (1991:36) sluit hierby aan deur daarop te wys dat 'n heroriëntasie van die Teologie self nodig is. Vir die kerk om 'n leidende rol in omgewingsopvoeding te vervul, beteken noodwendig dat die kerk die verhouding tussen omgewingsbewaring en aanverwante sake sal verstaan, en juis dit beteken dat die Teologie 'n nuwe gerigtheid moet hê (vgl Yeld 1993:43). Die enigste wyse waarop teologiese opleiding missionêr op die ekologiese krisis gerig kan wees, is wanneer die Teologie 'n doelbewuste poging aanwend om 'n koninkryksgerigte teologie te beoefen. Dit is slegs so 'n teologie wat die spanning tussen hemel en aarde, geestelike en materiële, evangelisasie- en sosiale betrokkenheid en soortgelyke spanninge kan oorbrug. Hierdie koninkryksgerigtheid moet binne teologiese opleiding gestaltê vind (vgl WCC 1992b:41; Ecumenical Institute 1993:33).

(2) In teologiese opleiding moet daar meer kennis opgedoen word oor sosiologiese en ekonomiese strukture en verskynsels wat geregtigheid teëwerk

Dit behoort reeds duidelik uit dié studie tot dusver te blyk dat omgewingsvraagstukke nie gefragmenteerd opgelos kan word nie. As gevolg van die omvangrykheid van omgewingsvraagstukke is 'n interdisiplinêre benadering nodig waarin die Ekonomie, Sosiologie, Sielkunde, Etiek, Politieke Wetenskap en Teologie betrek word (Lubbe 1994:51).

Hierdie studie het reeds getoon dat die kerk en teoloë nie genoegsame kennis dra van sosiologiese en ekonomiese verskynsels wat onreg in die wêreld bevorder nie. Dit help nie in ons tyd dat die kerk "vrede, vrede!" en "geregtigheid, geregtigheid!" as slagspreuke gebruik nie, maar heeltemal onkundig is oor die reaksie van markte, die rol van 'n regering en die filosofiese voorveronderstellinge van moderne ekonomieë nie. Hiermee suggereer ek nie dat die kerk ten einde relevant in die wêreld te kan wees kundig op elke gebied van die samelewing moet wees nie. By 9.10 het ek daarop



gewys dat die rol van die predikant die van onder meer fasiliteerder en koördineerder van vrede, geregtigheid en die heelmaking van die skepping moet wees. Om hierdie rol te kan vervul is dit noodsaaklik dat daar 'n basiese kennis van Ekonomie en Sosiologie vir predikante, teoloë en voornemende predikante in hul teologiese opleiding aangebied moet word. Is een van die probleme met teologiese opleiding nie dalk juis dat dit so besig is met slegs 'n sekere faset van die geesteswetenskappe soos byvoorbeeld Sielkunde, Filosofie en tale en dat ander vakke soos Sosiologie en Ekonomie buite die gesigveld van die Teologie gehou word nie? Daardeur loop die Teologie die gevaar om wêreldvreemde predikante op te lei. Hoe kan die kerk enigsins relevant en profeties wees in sy sending indien die kerk nie die kompleksiteit van die probleme daarbuite reg verstaan nie? Die feit dat teologiese opleiding opleiding verskaf in diens van die koninkryk van God, beteken noodwendig dat teoloë genoegsame kennis sal moet dra van daardie aspekte wat die koms van die koninkryk van God teëwerk. Solank as wat teoloë geheel en al oningelig bly insake verskynsels wat tot ekonomiese en sosiale ongeregtigheid lei, kan die vraag tereg gevra word hoe die kerk profeties relevant kan wees in 'n wêreld waarin alles rondom die ekonomie draai (vgl Oosthuizen 1991:38).

In die **Die Kerkbode** van 21 Julie 1995 berig Willie Botha in 'n artikel onder die opskrif **Kerke moet hulle neerplak by regering se kantoordeure - Sexwale** dat die premier van Gauteng, Tokyo Sexwale by die kerk daarop aandring dat daar nie 'n vervreemding tussen die kerk en die staat in 'n postapartheid Suid-Afrika moet intree nie. Ten einde die bestaande kontak te handhaaf het Sexwale, wat self 'n Christen is, by die algemene jaarvergadering van die SARK soos volg gepleit:

"Die kerk moet as 't ware plakkers word by die kantoordeur van die regering... die owerheid maak foute. Die owerheid sondig. Daarom is die staat aangewese op die tereg wysings van die kerk om die regte pad volgens God se wil uit te stippel... Wanneer die Christelike kerke in Suid-Afrika saamstaan kan hulle 'n sterk mag vorm om alles wat verkeerd is, te beveg. Die kerk moet 'n heilsame invloed op die samelewing uitoefen en getuieis lewer."

Indien die kerk 'n relevante bydrae in die verband wil maak, sal die kerk op hoogte moet kom van ekonomiese en ander verskynsels wat die ekologiese krisis versterk "om [sodoende] die regte pad volgens God se wil uit te stippel". Indien die kerk dit net as sy roeping sien om voor die staat se deur te wil "plak" wanneer dit by pornografie en aborsie en ander soortgelyke sake kom, sal die kerk nie meewerk aan oplossings waarmee die ekologiese krisis die hoof gebied sal word nie. Aangesien Suid-Afrika voor besondere en unieke uitdagings staan, behoort die rol van die kerk buitengewoon groot te wees maar dit kan slegs gebeur indien voornemende predikante en huidige predikante opleiding ontvang wat voldoende toerusting insake



ekonomiese en sosiologiese verskynsels sal bied. Dit verduidelik die belang van 'n nuwere tipe teologiese opleiding in 'n veranderende wêreld soos volg (1991:172):

"Obviously it should be relevant to today's world. It is important that people in formation should come to understand the socio-cultural and politic-economic situation of the region in which they are working."

Tydens 'n viermaande-navorsingstydperk vir hierdie studie in Nederland in 1993, het dit my opgeval dat teologiese studente aan die Rijksuniversiteit van Utrecht in tutoriaalklasse in Sendingwetenskap en Sisteematiese Teologie in gesprekke gewikkel was oor die profetiese roeping van die kerk in die lig van die Internasionale Monetêre Fonds se nuwe beleidsrigting. In Suid-Afrika weet die meeste teologiese studente, predikante en teoloë nie eers wat die Internasionale Monetêre Fonds is en hoedat 'n nuwe beleidvoering die armer lande van die wêreld raak nie. Die rede waarom die teologiese studente van Utrecht hiervan kennis dra het te make met die feit dat studente daar opleiding in die basiese beginsels van ekonomie ontvang. Dit was juis die dosent wat hierdie vak aanbied, professor Henk Tieleman¹²⁴ wat die noodsaaklikheid van ekonomiese opleiding aan teoloë tydens sy intrede as hoogleraar in Godsdienssosiologie aan die Rijksuniversiteit van Utrecht in 1989 soos volg verduidelik het (1989:6):

"Mijn uitgangspunt voor vanmiddag is dat we ook moeten doordringen tot die onzichtbare motieven achter ons economisch gedrag als we iets willen kunnen veranderen aan de economische orde" (Tieleman 1989:6).

Wanneer hierdie onsigbare motiewe agter ekonomiese handeling eers vir teoloë begin duidelik raak vervolg Tieleman, is die taak van teoloë en die kerk die volgende (1989:19):

"Het lijkt me een belangrijke taak van onder meer theologen en kerken om hun stem daartegen te verheffen, en het valt niet vol te houden dat zij daarmee hun boekje te buiten zouden gaan. Integendeel, het ligt uitgesproken op hun weg om de verborgen waarden aan het licht te brengen die schuilgaan achter onze economische handel en wandel."

Die kerk en die Teologie kan dus nie meer langer bekostig om vanuit 'n Middeleeuse wêreldbeeld te opereer waarin opleiding slegs die opdoen van kennis van die filosofiese debatte oor bepaalde dogmas en leerstellinge van die kerk inhou nie.

¹²⁴ Henk Tieleman is die eerste ekonoom wat aangestel is in die Departement Godsdienssosiologie in die fakulteit Godgeleerdheid aan die Rijksuniversiteit van Utrecht met die opdrag om teologiese studente onderrig te gee in die interafhanklike verhouding wat daar bestaan tussen die mens se godsdienstige en sosiaal ekonomiese lewe (Tieleman 1989:3).

Nürnberg (1994:137) ondersteun hierdie aanname wanneer hy beweer dat indien die kerk 'n konstruktiewe rol ten opsigte van versoening en geregtigheid in Suid-Afrika wil vervul, die kerk indringend sy teologiese opleiding sal moet verander:

"Theology must change its paradigm: from metaphysics to soteriology; from philosophy to the social sciences."

Die waarneming van teologiese studente wat ingelig is oor sake rakende die ekonomie, soos hierbo vermeld, het ek egter nie net in die buiteland teëgekomp nie. Gedurende die tydperk wat ek Algemene Sekretaris van die Interkerklike Komitee van Nywerheidsbediening was, het ek in my kontak met swart voltydse werkers van die SARK 'n baie groter begrip en kennis oor die Suid-Afrikaanse ekonomie bemaak as by die meeste van die Afrikaanssprekende teologiese fakulteite in Suid-Afrika. Hierdie swart voltydse werkers het in die meeste gevalle slegs een of twee jaar se teologiese opleiding aan die Instituut vir Kontekstuele Teologie (ICT) ontvang waarin teologiese opleiding binne die raamwerk van Suid-Afrika se sosio-ekonomiese ontwikkeling plaasgevind het. Daarom was daar onder hulle 'n baie beter begrip oor die rol van die kerk in 'n postapartheid Suid-Afrika in die lig van ekonomiese diskrepansies sonder dat hulle sieninge.... politieke ideologies gekleur was. Hulle het iets van die kerk se profetiese roeping in die lig van ekonomiese ongeregtigheid verstaan. Nürnberg (1994:118) is heeltemal in die kol wanneer hy beweer dat uitsprake soos: "die kerk moet nie wegstroom van sy verantwoordelikheid op ekonomiese gebied nie", niksseggend is, indien dit nie die kerk aktiveer tot handeling nie. Vir die kerk om enigiens oor te gaan tot handeling veronderstel dat die kerk saam met ekonome, sosioloë en ander geesteswetenskaplikes sal besin oor moontlike weë waarlangs geregtigheid moet geskied. Die kerk hoef dus nie 'n ekonomiese plan op die tafel te plaas nie, maar moet ten minste in staat wees om te kan evalueer of die plan wat die ekonomie aanbied, ekologiese geregtigheid bevorder.

Indien teologiese opleiding gerig is op 'n studie wat die koms van God se koninkryk wil bevorder sal daar binne so 'n studie ook opleiding moet wees oor die faktore wat hierdie koms verhinder (vgl. Dorr 1991:3). Teologiese opleidingsinstansies sal hulleself voortdurend moet evalueer deur selfkritiek en eerlik te vra of die tipe opleiding wat hulle verskaf meewerk aan die koms van God se koninkryk in 'n ekologiesekrisis-wêreld en of dit deur "business as usual" wetend en onwetend stilswyend die heersende ekologiese onreg, direk of indirek bevorder en daardeur die koms van God se koninkryk teëwerk. Indien teologiese opleidingsinstansies in 'n postapartheid Suid-Afrika eersgenoemde opsie kies dan behoort teologiese opleiding iets van die volgende te reflekteer (WCC 1992b:35):

"Churches should undertake the production of material (text-books and curricula for theological and secular education) to raise the awareness of issues on the environment, sexism, racism, classism, poverty, economics and politics."



(3) Teologiese opleiding moet meer pro-aktief wees

Een van die groot probleme met teologiese opleiding is dat dit volgens Dorr (1991:172) nie genoegsaam pro-aktief, dit wil sê voorkomend, te werk gaan nie. Teologie rus predikante eerder toe om mense te help om die gebrokenheid van die wêreld te hanteer. Die voordeel van 'n meer pro-aktiewe benadering in teologiese opleiding verduidelik hy dan soos volg (ibid):

"In this way those in formation will learn to share in Christ's work of bringing into being a new world or, in Biblical terms, 'the Kingdom'. In practice, this means that people in formation should be involved from an early state in work for the promotion of justice, peace and the integrity of creation."

Brian Banwell, direkteur van die Instituut vir Kontekstuele Teologie sluit hierby aan wanneer hy daarop wys dat teoloë in opleidingsinstansies in Suid-Afrika bevry moet word van soos wat hy dit noem "the banking method" maar moet besig wees met 'n teologie wat help om oplossings te bied daar waar die aksie in die stryd tussen die lig en die duisternis plaasvind (Banwell 1994:130).

9.12 'N EKOLOGIESE SENDINGBENADERING AS HOOP IN AKSIE

"The Christian story of hope embraces the entirety of cosmic occurrence as part of its promise. Looking toward the future in hope requires that we preserve nature for the promise it carries. A religion of hope allows us to accept nature as imperfect precisely because it is promise."

Haught (1993:112)

Daar is min dinge wat vir die kerk aan die einde van die twintigste eeu so noodsaaklik is as om aan 'n verwarde wêreld hoop te bring. Die feit dat ons tans maar nog die spreekwoordelike puntjie van die ysberg van die ekologiese krisis sien, beteken dat dié krisis inderdaad omvangryk is en tot moedeloosheid en pessimisme kan lei. As gevolg van die omvangrykheid van dié krisis en die noodsaaklikheid van hoop daarvoor, het die bekende Christelike skrywer, Tom Sine, sy nuutste werk die treffende titel: **Wild Hope** (1991) gegee.

Daar kan verwag word dat daar in 'n tyd waarin geweld, misdaad en ekologiese onreg in Suid-Afrika aan die toeneem is daar by mense 'n gees van wanhoop kan posvat. In die lig van die feit dat die Christendom medeverantwoordelik is vir die ekologiese krisis in Suid-Afrika en elders ter wêreld kan die vraag tereg gevra word of daar dan wel nog enige hoop bestaan? Het die ekologiese krisis as gevolg van kolonisasie, industrialisasie en apartheid Suid-Afrika nie so lam gelê dat dit nou in 'n sogenaamde Armageddonstryd verkeer nie? Het die kerk in sulke tye nog 'n boodskap wat die lig van hoop kan laat opflikker? Toe daar aan Emilio Castro, die



Algemene Sekretaris van die WRK tydens die Aardespitsberaad gevra is wat die kerk na die Aardespitsberaad gebring het, was sy antwoord - Jesus Christus (Granberg-Michaelson 1992:38)! Hierdeur het Castro verklaar dat waar Jesus Christus aan 'n verwarde wêreld wat in ekologiese nood verkeer, bekend gestel word, daar breek die hoop altyd deur. Vir die kerk wat as sendende agent van God sy bestaansgrond in die Missio Dei het, bestaan daar nooit 'n einde aan die hoop nie. Al lyk die wêreld ook hoe mistroostig en donker bied die sending altyd hoop.

Die tipe hoop wat die kerk in ons tyd moet bring is wel 'n "Wild Hope" maar dit moet nooit verwar word met die tipe hoop wat politici en wêreldleiers in ons tyd wil bied nie. Daarom is dit nodig dat ek op hierdie punt 'n verduideliking van die hoop wat die Bybel bring gee.

Volgens Bosch (1991:508) het die term eskatalogie wat ten diepste verband hou met die hoopement van die Christendom in die afgelope eeu as gevolg van twee uiterstes aan die waarheid mank gegaan.

Aan die een kant was daar die beskouing dat die eskatologiese hoop binne hierdie wêreld in die nou moes realiseer. Ons het iets hiervan gesien in die verskynsel van sekularisme deurdat daar geglo (gehoop) is dat die hoop van Christus die geskiedenis in die nou moes laat deurbreek in die vorm van Westerse tegnologiese ontwikkeling aan die onderontwikkelde wêreld. Hierdie vorm van hoop het berus op die veronderstelling dat die onderontwikkelde lande van die wêreld deur industrialisasie en tegnologiese vooruitgang 'n hoër lewenspeil sou kon bereik (Barney 1984:423). Die hoop van Aarend van Leeuwen en ander teoloë van die vroeë sestigerjare was niks anders nie as 'n valse hoop wat op dieselfde sou neerkom as 'n humanisties onhaalbare hoop. Die gebrek binne hierdie verstaan van die hoop lê daarin dat hoop slegs 'n immanente karakter vertoon. Hierdie vorm van hoop het buitendien geen waarborg gebied nie dat dit dié hoop behels waarvoor Jesus sy dissipels leer bid het: "laat U koninkryk kom". Dat hierdie hoop onhaalbaar was en nie bereik is nie sou vyftien jaar later ten hemele skreeu toe die sekulêre tydskrif, **The Wall Street Journal** die jaar 1988 sou noem: "The year the Earth screamed" (Streiffert 1989:38). Le Roux (1991:123-124) is daarom reg wanneer hy skrywe dat die beskaamde hoop wat die Weste sou bring, sou lei tot 'n "tegnologie-ashoop". Omdat die hoop van die tegnologiese humaniste waarby teoloë goedskiks aanklank gevind het, gelei het tot 'n "tegnologie-ashoop" is daar niks van die hoop meer oor nie.

Teenoor die voorafgaande vind ons weer aan die ander kant 'n hoop wat ewe onbybels is. In 'n sekere sin sou 'n mens kon sê dat hierdie vorm van hoop beskou kan word as 'n teenreaksie op eersgenoemde vorm van hoop. Volgens hierdie beskouing is die eskatologiese hoop buite die bereik van hierdie wêreld. Waar eersgenoemde hoop slegs 'n immanente karakter vertoon, vertoon hierdie vorm van hoop slegs 'n transendente karakter. 'n Tipiese voorbeeld hiervan sien ons veral in ons tyd onder



Christene deurdat, hoewel Christene reeds kennelik bewus is van die bedreiging wat die ekologiese krisis inhou, alle hoop slegs na die lewe hiema verplaas word. Binne hierdie beskouing word daar geglo dat werklike hoop slegs in 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde sal realiseer.

Hoewel ons gesien het dat eersgenoemde vorm van hoop altyd die gevaar loop om in plaas van hoop, wanhoop te bring, moet hierdie vorm van hoop nie by voorbaat van die tafel gevee word nie. Die probleem met die eerste vorm van hoop lê nie in sy immanente karakter op sigself nie. Die probleem bestaan daarin dat immanente hoop moet waak teen die gevaar om homself as die volle hoop te sien, veral nog as daardie hoop nie Bybels haalbaar is nie.

Hoop behoort te alle tye ten spyte van die voorlopige-karakter daarvan 'n immanente karakter te vertoon. Bybelse hoop beteken niks as dit nie nou reeds die moontlikheid van 'n tentwoning in my aardse bestaan bied vanwaaruit ek kan bid "gee ons vandag ons daaglikse brood" nie. Godsdiens met 'n hoop sonder 'n immanente karakter is niks minder nie as 'n evangelie van "a pie in the sky when you die" of soos Marx dit gestel het "opium vir die volk". Bybelse hoop berus dus op 'n kreatiewe balans. Aan die een kant vertoon dit 'n daad-werklike immanente karakter en aan die ander kant vertoon die finale en tans ongerealiseerde hoop 'n transendente karakter. Bybelse hoop het met ander woorde 'n dubbelslagtigheid wat ook binne die sending sigbaar moet wees (Manson 1953:390ev). Toegepas op die kerk se missionêre roeping in die lig van die ekologiese krisis beteken dit dat die kerk ten spyte van die uitsigloosheid van oplossings vir die ekologiese krisis in die aanbieding van Christus se hoop na twee dinge gelyktydig moet strew.

Aan die een kant leef 'n ekologiese sendingbenadering gewortel in die hoop vanuit die wete dat Christus se soenverdiensde aan die kruis reeds nou die moontlikhede bied om gerig te leef op die nood van die wêreld, sodat daardie teenswoordige tekens van hoop oral opgerig en aangetoon kan word. 'n Ekologiese sendingbenadering wat berus op dié hoop is daarom voortdurend op soek na meer haalbare oplossings om God se hoop in 'n ekologiesekrisis-wêreld te laat realiseer. Christelike hoop, of soos Du Plessis (1995:344) dit stel "Messiaanse hoop" is nooit passief nie maar altyd aktief omdat Christene deur die bron van alle hoop, geroep word om orals waar moontlik sigbare tekens van God se genade en redding op te rig (vgl Ecumenical Institute 1993:37; WCC 1992b:33). 'n Ekologiese sendingbenadering as hoop in aksie dring die kerk daarom sendend na 'n aktiewe proses/optrede waardeur geregtigheid, vrede, versoening en bevryding nou reeds mag realiseer. Bosch stel dit treffend (1991:8):

"Living in the force-field of the assurance of salvation already received and the final victory already secured, the believer gets involved in the urgency of the task at hand... If we turn off the lighthouse of eschatology we can only grope around in darkness and despair."



'n Ekologiese sendingbenadering as antwoord op die ekologiese nood van die wêreld veronderstel dus dat die sending geëkologiseer sal word op grond van die offer van Christus wat meewerk aan God se transformasie van 'n kwynende wêreld na 'n wêreld wat moet uitloop op die heerlijkheid van God. Daarom verwoord Roger Burggrave die rigting waarheen die kerk in die lig van die ekologiese krisis missionêr behoort te strewen treffend (1991:93):

"in de richting van de nieuwe hemel en de nieuwe aarde, dat wil zeggen als het 'milieu' voor de realisering en de komst van Gods rijk van vrede en gerechtigheid".

Die kerk mag nooit sonder immanente hoop ongeag die omstandighede wees nie, omdat die kerk se hoop nooit op omstandighede berus nie maar op die groot hoop wat in Jesus Christus sigbaar geword het. Daarom is die hoop in Christus 'n hoop wat aanhou hoop ten spyte van al die kerk se foute van die verlede. Die titel van Anderson en Dawsey se boek, **Promised Land**, waarin bevrydingshoop in die lig van die ekologiese krisis aangebied word, verwoord treffend die enduit-hoop wat die kerk veronderstel is om te dra. Volgens Anderson en Dawsey dui die begrip Promised Land nie op 'n geografiese plek nie¹²⁵ maar op 'n **vaste hoop en visie** van hoe die wêreld kan en behoort te wees. "Promised Land" in Suid-Afrika sal daarom nie die strewe na 'n aardse utopie wees nie maar die hoopvolle andersheid aandui van hoe dit kan wees indien God se ryk begin deurbreek. Daarom beteken aksie in hoop, om maar 'n voorbeeld te noem, dat die kerk Suid-Afrikane sal aanmoedig om daarna te streef om Suid-Afrika se varswater- en marinebronne en -lewe so te bewaar dat dit die blydskap van God se eskatologiese stad vooruit kan verkondig. As rentmeesters van God se skepping moet ons volgens Du Preez (1992:15-16; vgl Haught 1993:102-103) die riviere en God se skepping toelaat om dit te kan wees wat dit veronderstel is om te wees:

"pointers to God's river of the water of life, clear as crystal, flowing from the throne of God and of the Lamb (Rev 22:1)".

Christelike hoop in die lig van die ekologiese krisis hou baie harde werk vir die kerk in 'n postapartheid Suid-Afrika in. Vrede, geregtigheid en die intergriteit van die skepping vra 'n hoop wat in aksie sal kom en sal bly ten spyte van die harde werklikhede waarmee die land gekonfronteer word. David Bosch het kort voor sy dood geskrywe¹²⁶ dat 60% van alle swartes in Suid-Afrika in 1991 nog ongeletterd was.

¹²⁵ Anders sou dit 'n aardse utopie voorgestel het met 'n eensydige immanente karakter of 'n hemelse paradys met 'n eensydige transendente karakter.

¹²⁶ Ongepubliseerde artikel onder die titel: *The changing South African scene and the calling of the church*, p2.



In 1991 het sewe miljoen Suid-Afrikaners, waarvan die oorgrote meerderheid swart was, 'n substandaardeenheid as woning gehad. Dit beteken dat daar, om in dié nood te voorsien, in die volgende 20 jaar jaarliks 127 000 huise gebou moet word, wat neerkom op 15 nuwe huise per uur wat dag en nag vir sewe dae van die week gebou moet word!

In sô 'n ekologiesekrisis-situasie beteken sending dat die kerk lidmate nog meer sensitief moet maak vir die behoeftes van ander en vir die skepping. Die kerk moet daarom lidmate se oë oopmaak vir die onreg van die verlede sodat daar aan die menslike en niemenslike slagoffers van ongeregtigheid en geweld 'n boodskap van hoop mag deurbreek. So gesien word hoop in aksie nie net 'n droom nie maar hoop op 'n nuwe lewe waarin daar daad-werklik meegewerk word aan vrede, geregtigheid en die integriteit van die skepping (vgl Elsdon 1992:197). Slegs hoop wat in aksie is mag droom. Daarom beteken dit dat Suid-Afrikaanse Christene soms verder moet kyk as die berge van onsekerheid voor ons, en opnuut moet kan saamdroom oor 'n beter land, 'n beloofde land; anderkant die berge van verandering. So 'n droom het professor Roy Siegfried van die Percy Fitzpatrick Instituut van die Universiteit van Kaapstad treffend geskets in die **Financial Mail**¹²⁷ van 9 September 1994:

"I foresee a time, next century, when Southern Africa will be one of the world's most desirable places to visit. There will be a novel synergy between appropriate development and protecting resources. The region's rich biodiversity will be a pivotal feature. There will be a decent standard of living for all without compromising the future. South Africans will feel a sense of ownership and responsibility for this exceptionally rich heritage."

Hierdie droom is moontlik omdat die hoop op die herskeppingswerk van Christus mense se lewens en ingesteldheid so kan verander dat dit wat hopeloos en uitsigloos mag lyk, vernuwe kan word, want waar God in Christus is, daar is altyd hoop!

'n Ekologiese sendingbenadering as aksie in hoop moet ook te alle tye vashou aan die transendente karakter van die hoop. Daarom beteken so 'n hoop in 'n postapartheid Suid-Afrika, sonder om te verval in "a pie in the skie"-godsdienst, dat die hoop van Christus ten spyte van die onomkeerbaarheid van sekere aspekte van die ekologiese krisis, steeds lewend kan bly in dié wete dat die volle hoop eendag sal realiseer. Die hoop op Christus is juis 'n hoop wat ten spyte van die omstandighede van 'n kwynende aarde kan bly bestaan. Daarom is Siegwalt (1991:123) reg wanneer hy daarop wys dat Christelike hoop juis op die opstanding op Paasoggend uitloop via die pyn en smart van Goeie Vrydag. Haught wys op die kerk se verlede en waarsku fereg dat slegs immanente hoop óók op 'n hopelose situasie kan uitloop (Haught 1993:102-103):

¹²⁷ p59.

"By excepting nature and its future from the ambit of human hope Christianity left the cosmos suspended in a state of hopelessness. It had forgotten St Paul's intuition that the entire universe yearns for redemption. Fortunately theology has begun to retrieve this inspired idea. Now any ecological theology worked out in a Christian context must make this motif of nature's promise the very center of its vision."

Die kerk se hoop vir 'n nuwe toekoms beteken dat die kerk sal toesien dat die omgewing bewaar sal bly as gevolg van die belofte wat dit inhou. Daarom laat 'n teologie van hoop ons toe om te beseef dat die gebrokenheid van die skepping juis 'n toekomsbelofte is waarin alles en almal nuut en anders sal wees (vgl Haught 1993:112).

'N SLOTWOORD

Ek het aan die einde van hierdie studie gekom en daarom wil ek iets deel van my persoonlike worsteling met hierdie onderwerp.

Dat die tyd en energie aan hierdie studie gewy die moeite werd was betwyfel ek vir geen oomblik nie. Tog sou ek ontrou wees aan die magdom inligting wat ek gelees en bestudeer het binne sowel as buite die Teologie as ek nie iets van my eie worsteling en pessimisme deel nie. Die kennis wat ek opgedoen het in veldë buite die Teologie soos in die Ekonomie en Sosiologie, my kennis van kerkstrukture en van hoe die kerk opereer, gekombineer met my persoonlike teologie en insigte het my tot die oortuiging gebring dat hierdie studie verseker nie die wêreld, die kerk en die Teologie gaan verander nie! Sonder hierdie belydenis sou ek ontrou wees aan wie ek is, wat ek ervaar en wat ek glo. Dit wat ek in afdelings A en B aan die orde gestel het was vir myself 'n hollistiese perspektief op die sondevaldrama wat ook sy merke op die kerk nagelaat het. Ten spyte van konsensus op vele gebiede is die wêreld van vandag 'n pluralistiese wêreld waarin daar nooit konsensus in 'n gemeenskaplike wêreldbeskouing oor waardes teenoor die natuur gevind sal word nie. Die huidige ekologiese krisis is 'n bewysstuk van die totale verlies aan menslike beheer in die verhouding tussen die mens en sy omgewing (vgl Simkins 1994:265; Russell 1994:155). Saam met Simkins (1994:264-266) kom ek daarom tot 'n mistroostige konklusie. Die wêreld en dan spesifiek Suid-Afrika se sosiale sisteme mag wel verbeter word, maar as gevolg van die wêreld se kapitalistiese vryemarkstelsel wat in ons tyd semi-outonoom word, sal behoeftes, waardes en begeertes steeds die handeling van die sondaarmens bepaal. Die feit dat die Aardespitsberaad nie tot sosiale en morele konsensus gelei het nie onderstreep die mens se onvermoë om genoegsame en heilsame beheer oor die ekologiese krisis te kan uitoefen.



Vir my breek die hoop binne hierdie uitsiglose wêreld deur in my beskouing van en geloof in die Bybel as die onfeilbare Woord van God. Dit is slegs die Bybel wat die mens se *corruptio totalis* in 'n eskatologiese perspektief plaas waar daar wel nog sprake is van hoop. Volgens die Bybel staan die hele skepping in afwagting op God se verlossing. Volgens Romeine 8:21 sluit hierdie verlossing nie net die mens in nie maar ook die hele natuurlike wêreld en werklikheid. Daarom is die hoop wat die Bybel bring nie 'n onrealistiese, onhaalbare hoop nie maar dié hoop van alle bevryding - 'n eskatologiese hoop wat slegs God kan bring. As gevolg hiervan staan die Bybel veroordelend teenoor enige menslike pogings om 'n harmoniese sondevrye samelewing te probeer vestig. Hoewel daar baie te leer is uit die pogings van Berry en Clark en ander godsdienstige groeperinge is sulke pogings en drome na 'n totale transformasie uit die staanspoor gedoem tot mislukking aangesien Christus God se enigste plan van hoop en redding vir 'n ekologiesekrisis-wêreld is (vgl Hand 4:12). Oorlog, armoede en kosmiese lyding sal tot en met Christus se koms teenwoordig bly.

Beteken dit nou alles egter dat God se kinders in hul sendingroeping in die wêreld agteroor moet gaan sit en niks hoef te doen nie? Beteken my geloof in die Bybel se eskatologiese hoop, dat die kerk in sy missionêre roeping net eenvoudig moet wag dat die uurglas moet uitloop en homself in die tussentyd slegs moet besighou met die wen van siele en gevolglik 'n "pie in the sky"-godsdienst beoefen voordat die eindoordeel aanbreek? Hierop kan daar met 'n baie duidelike nee geantwoord word. Die feit dat die Bybel praat van God as die enigste Skepper beteken dat God alleen die enigste Eén is wat ons en die wêreld kan verlos tot 'n nuwe skepping. Die hoop wat die Bybel bring is die hoop dat God mense kan verlos van hulle sondige natuur en dat Hy hulle kan transformeer sodat die mens God se nuwe skepping nie sal bevuil nie maar volgens die eerste skeppingsopdrag sal versorg. Die teken dat hierdie hoop wel sal realiseer spreek uit Jesus Christus se opstanding. Om die rede beweer Russell (1994:156) behoort ons nie te praat van die "einde van die wêreld" nie maar dat God se bevryding in Jesus Christus se opstanding die begin is van 'n "nuwe wêreld". Daarom is die hoop wat die Bybel in die lig van die ekologiese krisis bring. God se nuus dat mense wat nuut gemaak is en wat nuut lewe (vgl 2 Kor 5:17) nou reeds binne 'n gebroke wêreld kan leef in antisipasie van God se komende ryk. Die Bybel se perspektief op die wêreld genereer daarom altyd eskatologiese waardes. Daarom is Christene se dade soos die wat beskryf word in Matteus 25:31-46, 'n voorafskaduwing van en deelname aan God se toekomstige verlossing van die ganse kosmos.

'n Ekologiese sendingbenadering as hoop in aksie beteken dat geloof in God se nuwe toekoms, God se kinders reeds nou aktiveer tot 'n leefwyse waarin koninkrykswaardes

die dlyfveer van hul lewens word. Christene leef daarom in en uit die woorde van Christus wat self gesê het (Matt 5:5 & 10):

"Geseënd is die sagmoediges want hulle sal die nuwe aarde ontvang."

"Geseënd is dié wat vervolgd word omdat hulle doen wat reg is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel."

Ek wil daarom afsluit in die aangrypende woorde van Russell (1994:157) wat treffend skrywe oor die hoop wat die kerk in 'n ekologiesekrisis-wêreld kan bring:

"By demonstrating genuine environmental concern as part of its ministry the Church may yet fulfil the age-old prophetic word to 'prepare the Way of the Lord'. No steward ever worked harder than when he knew his master was on his way. But inseparable from such labour goes the task of proclamation:

***'Tidings of a new creation to an old weary Earth',
for at the very heart of Christianity lies the ringing message of imperishable hope!'"***

